# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**

7 April 1989 Tel: (011) 836-7236 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



**Loer na ons kleinadvertensies wat vandag op bladsy 14 begin!**



**UDF sê sy sê oor Demokrate** 3





**Groot literêre kanonne pak mekaar** 12


# Namibia: bloedige geboorte

## SMEERVELDTOG VAN WEERMAG SKEND ÓÓK 435

**Jacques Pauw in Windhoek en Peter Kenny in Oshakati**

NAMIBIA se langverwagte vredesfees het in 'n wilde orgie van bloed en kruit ontaard.

Die vredesplan hang dié naweek nog aan 'n dun draadjie - en die massagrafte in die noorde word elke dag meer.

Die bitterheid en verwyte loop wyd: teenoor Swapo wat die skikplan verbreek en sy vegters na hul dood gestuur het; teenoor Suid-Afrika wie se weermag weer soos 'n moordmasjien deur die noorde loop; en teenoor Untag, wie se onbeholpenheid die bloedvergieting nie kon stuit nie.

Die simpatie vir 'n selfvoldane Suid-Afrika wat weer in Namibia oorlog maak - dié keer met die steun van die VV en die Weste - is besig om te draai namate verhale van die oorlogsfront Windhoek bereik.

Windhoek se Regshulpsentrum het gister in 'n verslag 'n dringende ondersoek geëis na die min Swapovegters wat gevange geneem word - net sewe tot dusver. Die hoof van die sentrum, Dave Smuts, sê hy het "groteske en jammerlike" tonele in Owambo aangetref. Hy sê in sy verslag dit kom voor asof Swapo nie die gevegte begin het nie.

Intussen het nog 'n verbreking van die gees van die skikplan nou


*Na bladsy 2*




**Johannes Matthas, 'n Swapo-gevangene**
*Foto: Guy Tillim/Afrapix*



**Die Ironie van 'vrede': die lyke van 21 Swapo-vegters lê verstrooi in die bos by Ondeshifiwa**

# Kom spreek ons, ons wil jou toesluit

**Anton Steenkamp**

'N DOSENT aan die Soweto-onderwyskollege is deur die veiligheidspolisie aangehou nadat hy geweier het om as informant vir hulle op te tree.

Steward Madi, 25, is nou al twee maande in aanhouding en is oorgeplaas na Bloemfontein nadat hy drie weke gelede met 'n eetstaking begin het. Sy prokureurs het nou 'n dringende aansoek vir sy vrylating voor die Hooggeregshof gebring.

Madi het op 3 Februarie vanjaar 'n nota by sy huis ontvang wat sê hy moet luit Petrus Grundlingh by die Protea-polisiekantoor in Soweto gaan spreek "in verband met 'n polisiesaak".

Die nota, waarvan Vrye Weekblad 'n afskrif het, vra ook dat hy sy paspoort en identiteitsdokumente moet saamneem en sê dat die polisie hom wil spreek in verband met 'n werkaansoek.

Twee van Madi se kollegas, Marion Higgs en Jean Tiley, het hom polisiekantoor toe geneem omdat hy nie vervoer gehad het nie. Grundlingh het aan hulle gesê hy het "net omtrent vyf minute" saam met Madi nodig. 'n Rukkie later moes hulle hoor Madi word aangehou onder die noodmaatreëls.

Met sy aankoms by die polisiekantoor is Madi deur die polisie ondervra. 'n Dokter het hom ondersoek waarna hy in die polisieselle aangehou is. Hy is eers die volgende dag in kennis gestel dat hy onder noodregulasie 3(1) aangehou word.

Tydens sy ondervraging het 'n veiligheidspolisieman, konst Ockert Olivier, hom gevra om as polisie-informant op te tree, beweer Madi in 'n beëdigde verklaring.

"Dit is duidelik: die enigste rede vir my aanhouding was omdat die polisie my wou oorreed om inligting te verskaf," sê Madi in die verklaring.


*Na bladsy 2*



**Die Rooi Rassis is nou Kameraad Aquila! — 13**

# Namibia se bloedige geboorte

aan die lig gekom: 'n intensiewe smeerveldtog wat deur die Suid-Afrikaanse Weermag teen Swapo gevoer word.

Die jongste voorbeeld is 'n dokument getiteld "Die Volle Waarheid", wat deur die weermag in die noorde van Namibia versprei word en wat dié week aan Vrye Weekblad gegee is. Daarin word gesê dat indien Swapo aan bewind sou kom, hulle vroue sal verkrag, skole afbrand, kapitaliste vermoor en geboue vernietig. Stamkonflik word ook aangeblaas.

Die weermag is reeds deur verskeie politieke partye daarvan beskuldig dat hy kant kies in die verkiesingstryd en dokumente namens Swapo se vernaamste opponent, die DTA, versprei. Die weermag het dit deurgaans ontken.

Die propaganda-veldtog is strydig met die weermag se verklaarde amptelike beleid om nie by partypolitiek betrokke te raak nie. Soos die VV en Untag, is Suid-Afrika en sy weermag ook veronderstel om neutraal te staan teenoor die verskillende politieke groepe in Namibia tydens die aanloop tot die onafhanklikheidsverkiesings.

Dit is steeds nie duidelik wat daartoe aanleiding gegee het dat die Swapo-magte die land weer moes binnegaan in stryd met Resolusie 435 nie. Vriend en vyand stem saam dit was 'n ernstige oordeelsfout wat Swapo duur te staan kan kom in terme van internasionale respek en binnelandse steun.

Daar is verwag dat Margaret Thatcher Swapo se verbreking met die besoekende Sowjet-leier, Mikhail

*Van bladsy 1*

Gorbatsjof, sou bespreek en hulle saam 'n plan van aksie sou probeer uitwerk.

Party van die dooie guerrillas wat joernaliste gesien het, was geklee in die uniforms van die weermag van Kenia. Dié weermag gaan deel uitmaak van die VV-vredesmag.

Op 'n perskonferensie gister in Windhoek het die Administrateur-Generaal, Louis Pienaar, gewaarsku dat indien Swapo nie teen 12 uur Saterdagmiddag hul wapens neergelê het nie, die veiligheidsmagte hulle met alles tot hulle beskikking sal agtervolg en jag. Swapo het die AG se aanbod vir veilige begeleiding uit Owamboland verwerp.

Dit is baie duidelik dat Swapo basisse binne Namibia wil vestig. Dit is heeltemal teenstrydig met die huidige skikplan.

Verskeie dorpies in Owamboland is verlate nadat die inwoners voor die gevegte gevlug het.

Huise van inwoners in die Oshimhumhu-gebied is na bewering deur helikopters aangeval en afgebrand. Intussen word berig uit die gebied dat Swapo-vegters aan inwoners vertel dat hulle nie die land binne gekom het om oorlog te maak nie, maar om basisse in Namibia te vestig.

Vrye Weekblad verneem dat toe waarnemers van Untag 'n gevange Swapo-guerrilla Saterdag ondervra het, hy onbewus was van die implikasies van Resolusie 435.

Op perskonferensies in Windhoek word vrae nou gevra of dit werklik nodig is dat die SA Veiligheidsmagte op so groot skaal ontplooi word. Volgens berigte is kolonne pantservoertuie van Walvisbaai af op pad Noorde toe.

Die grootste probleem om die gevegte te beëindig, is om 'n boodskap by die Swapo-vegters te kry. Radio Owambo het gister begin met uitsendings om die vegters in te lig oor die skikplan en hulle te vra om hulself oor te gee.

Die sentiment in Windhoek is ook anti-VV. Die onvermoë van Untag om sy logistieke probleme op te los en sy manskappe in die noorde te ontplooi, lok hewige kritiek uit.

## Koevoet 'bloei'

**Peter Kenny** berig uit Owambo: Die geklap van geweerskote het na Oshakati terug gekeer nadat vrede byna 'n lewenswyse in die dorp geword het.

Die ergste gevegte sedert die begin van die oorlog het die week plaasgevind en meer as 200 Swapo-vegters en 24 lede van die veiligheidsmagte is in die skietery dood.

'n Lid van die voormalige Koevoet-eenheid van die Suidwes-Afrikaanse Polisie (Swapol) het by 'n kroeg in Oshakati ingestrompel en gemompel: "Koevoet bloei."

Een van die eerste dorpies wat deur die skietery getref is, is Okahenga, sowat 30 km noordoos van Oshakati, waar Wedenge Josiah, 23, besig was om voorbereidings te tref vir die feesvierings vir die implementering van die VV-vredesplan op 1 April.

Maar die sonnige dag het vinnig in 'n lelike April-grap verander terwyl hy met gewapende Swapo-guerrillas, wat in die dorpie aangekom het, gesels het.

"Hulle het ons vertel dat hulle die VV kom groet en dat hulle terug gekom het na hulle vaderland."

Volgens Josiah het Casspirs kort daarna brullend die dorpie binnegekom en op die guerrillas begin skiet. Meer as 30 lede van Swapo is doodgeskiet, 14 hutte is vernietig en bome is platgery. Gelukkig is geen van die inwoners dood nie.

Die polisie het vragmotors vol mortiere, kanonne, missiele, landmyne en ligte wapens buitgemaak.

Van die ergste gevegte het suid van Oshikango aan die Angolese grens plaasgevind waar meer as 500 guerrillas die gebied ingesypel het.

By die Onadjokwe-hospitaal 10 km van Ondangwa af het meer as 'n honderd troepe die gebou en die nabygeleë hoofkwartier van Evangeliese Lutherse Kerk van Namibia omsingel en 'n saal tot saal en huis tot huis klopjag uitgevoer, omdat hulle gedink het dat daar guerrillas skuil.

"Maar hulle het niks gevind nie en het na drie ure weg gegaan," het pastoor Reijo Kaarto aan Vrye Weekblad gesê.

Die dorpie Ondishifilwa 30 km hiervandaan het gedink bevryding het aangekom toe 'n groep guerrillas op 1 April daar aankom. Maar net daarna het 'n klomp Casspirs opgedaag en die slagting het begin. 'n Paar uur later het die lyke van 22 guerrillas in die dorpie rondgelê.

Die massabegrafnis was 'n somber geleentheid soos burgers die erg verminkte lyke in die graf gegooi het. Pastoor Thomas Ndwakalunta was nog besig om te bid toe 'n klomp Casspirs weer aangejaag kom.

Hulle het die lyke kom haal wat sedert Sondag in die dorp lê en ontbind het.

Die pastoor sê die guerrillas het gedink hulle gaan deur Untag ontvang word, maar toe word hulle deur die polisie afgemaai.

* Die Weermag se propaganda-dokument, waarvan nou ook 'n video gemaak is, is vol blatante onwaarhede.

Hier is woordelikse aanhalings uit die dokument:

* Swapo het geen vermoë om die land te regeer nie en sal kritiek oor sy onvermoë met die wapen doodsmoor;
* Swapo is ... 'n Wambo-organisasie waar geen ander etniese groep enige belangrike pos sal vul nie. Enige teenspraak hiermee sal tot jou dood lei;
* Alle persone wat nie die party se doelstelling op die letter en woord nakom nie, sal gedood word;
* Stem vir Swapo ... om van die honger te sterf is 'n baie aaklige en stadige dood; en
* Totale ongebondenheid aan enige wet sal aan die orde van die dag wees wat sal lei tot algehele chaos wat aktiwiteite soos afbrand van skole, verkragtings, diefstal, vernietiging van kapitaliste se eiendom en die uitmoring van ondersteuners van die vorige kapitalistiese bestel sal insluit.

# Maties nie spyt oor Lusaka-toer

TWEESPALT heers in die Maties se SR ná die besoek van 18 Maties aan Lusaka, waar hulle samesprekings gevoer het met die ANC.

Ondanks smeerpamflette teen hulle en viktimisasie van sommige toerlede, is hul standpunt van onderhandeling met die ANC met applous begroet op 'n vergadering Woensdag wat deur sowat 1 500 studente bygewoon is.



Prof Mike de Vries

Die SR-voorsitter, Pierre van der Spuy, het op die etensuurvergadering gesê hy steun onderhandeling met die ANC, selfs al sou dit sy posisie as voorsitter in die gedrang bring.

Verskeie briewe ter ondersteuning van die groep, onder andere van die studenterade van die

**Anton Steenkamp**

UWK, Kaapstad, Bophuthatswana, Wits, Natal en Rhodes, sowel as Khanya-kollege, is voorgelees in die volgepakte saal in die BJ Vorster-gebou.

Sewentien akademici van die universiteite van Pretoria, Potchefstroom, die Witwatersrand en Unisa het ook hul steun aan die Maties toegesê.

Die toerleier, Mark Behr, het gesê diegene wat meen dat die samesprekings die universiteit se naam skade berokken het, klaarblyklik net dink in terme van die blanke inwoners van die land.

In 'n private vergadering met die SR-voorsitter Dinsdag het die rektor, prof Mike de Vries, gesê die samesprekings met die ANC het die beeld van die universiteit geskaad en kon lei tot geldelike verliese.

Na sy mening is 'n vertrouensverhouding met die rektor en die studente-unie verbreek, "en hieroor sal die studente-unie homself moet uitspreek, of hy daarmee genoeë neem of nie".

# Kom spreek ons, ons wil jou toesluit

Grundlingh het aan Johan van der Vyver, die hoof van die departement van beroepstudies by die kollege, gesê hulle wil Madi net vir omtrent 'n halfuur spreek.

Madi is later oorgeplaas na die Krugersdorp-gevangenis sonder dat sy prokureurs of sy ma in kennis gestel is. Sy ma het uiteindelik uitgevind hy word in Krugersdorp aangehou en het soontoe gestap van Soweto af - net om te hoor dat hy "gestraf word omdat hy op 'n eetstaking is", en nie besoekers mag ontvang nie.

Uit die beëdigde verklarings voor die hof blyk dit dat Madi aangehou is

*Van bladsy 1*

weens sy beweerde betrokkenheid by die Soweto Civic Association en die Soweto Youth Congress. Madi ontken dat hy ooit 'n lid was van die Soweto Civic Association, en sê hy was laas in 1984 as skolier by Soyco betrokke.

Madi se prokureurs het herhaalde vertoë tot sy vrylating aan die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, gerig. Vlok het nie daarop gereageer nie, en die prokureurs het 'n dringende aansoek vir sy vrylating gebring. Die polisie het ook beëdigde verklarings ingedien wat voor die hof sal dien.

"Ek het gehoop die roepnota sou Madi op sy gemak stel en sy nuuskierigheid prikkel sodat hy self by die polisiekantoor aanmeld," sê Grundlingh in sy verklaring.

"Die ironie van die saak," het Madi se prokureur aan Vrye Weekblad gesê, "is dat geharde aktiviste in Krugersdorp vrygelaat is terwyl Madi nog steeds aangehou word. Dit lyk asof dit nou jou kanse op vrylating benadeel as jy 'n aansoek voor die hof bring."

## Dié week in die nuus

### Suider-Afrika

**Eugene Terre'Blanche verskyn** in die landdroshof op aanklagte van opsetlike saakbeskadiging en crimen injuria oor die Paardekraal-voorval.

**Drr Beyers Naudé**, Allan Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu word na die VSA genooi om aan 'n forum deel te neem om 'n vreedsame einde vir apartheid te ondersoek.

**Drie Untag-lede** sterf in motorongelukke in Namibia.

**Grensposte word opgerig** tussen Suid-Afrika en Namibia.

**Beweerde bedrog van R47 miljoen** deur bankamptenare van Trust Bank en Eerste Nasionale Bank word deur die handelstak van die polisie ondersoek.

**Sandile Thusi word** vrygelaat maar ingeperk ná 'n eetstaking van 38 dae.

**Simon Ntombela,** wat uit 'n Durbanse hospitaal ontsnap en in die Amerikaanse ambassade skuiling gesoek het, word weer in hegtenis geneem, maar kort daarna vrygelaat.

**Nog 'n voormalige** hongerstaker, Tebego Mngomezulu, soek skuiling in die Britse konsulaat-generaal in Johannesburg, maar verlaat weer die konsulaat ná 'n versekering deur Adriaan Vlok dat hy nie in hegtenis geneem sal word nie.

**'n Gewese onderwyseres** by die Laerskool Greykollege in Bloemfontein, Martha Volgraaff, word skuldig bevind op ses aanklagte van ontug met minderjarige seuns.

**Nuwe dorpsgebiede** moet oopgestel word vir alle rasse, vra die NP-LP vir Benoni, Johan Lemmer.

**'n Vermeende ANC-guerrilla** word deur die polisie doodgeskiet in Soweto.

**Dokters behandel** 40 inwoners van Braklaagte wat na bewering deur die Bophuthatswana-polisie mishandel is.

**Mayfair in Johannesburg,** Windmillpark op Boksburg en Warwick Triangle in Durban word oorweeg as vryvestigingsgebiede.

**Drie geboue in Johannesburg** word met die inplof-metode gesloop.

**Swart verpleegsters kla** oor "rassistiese" werksomstandighede by blanke hospitale.

**Die Universiteit van Stellenbosch** ontvang R2 miljoen van Sasol.

**Aartsbiskop Desmond Tutu** beskuldig die Suid-Afrikaanse regering van "ongehoorsaamheid aan God" weens sy apartheidsbeleid.

**'n Man wat sy seuntjie en dié se swart vriendinnetjie na 'n kinderpoel geneem het,** word weggewys van 'n "blanke" strand in Durban.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Thatcher se nuwe planne met SA

Max du Preez

DIT gons in politieke en diplomatieke kringe oor Margaret Thatcher se ambisieuse planne om 'n aktiewe bemiddelaarsrol in Suid-Afrika te speel en die konflik tussen die wit minderheidsregering en die swart weerstandsbewegings te help oplos.

Dié gissings het nuwe momentum gekry ná Thatcher se besoek aan Windhoek verlede naweek en haar gesprekke met Pik Botha.

Uit Londen verneem Vrye Weekblad dat Thatcher van plan was om Suider-Afrika met die Sowjetleier, Mikhail Gorbatsjof, te bespreek tydens sy besoek aan Brittanje. Daar word algemeen verwag dat Gorbatsjof haar inisiatief sal steun.

Ontleders is dit eens dat as die Weste en die Sowjet-Unie kan ooreenkom dat hulle eenderse belange in Suid-Afrika het, soos die geval was met Angola en Namibia, Pretoria nie eintlik 'n keuse sou hê as om met 'n inisiatief soos Thatcher s'n saam te loop nie.

'n Diplomatieke bron het dié week bevestig "dat daar iets aan die kook" is, maar bygevoeg dat Thatcher sal wag totdat FW de Klerk as staatspresident oorgeneem het. Sy meen glo dat hy baie meer vatbaar sal wees vir dié soort onderhandeling as PW Botha.

Thatcher is die Westerse leier met die meeste geloofwaardigheid in die oë van Suid-Afrika se blanke bevolking en die NP-regering, veral weens haar volgehoue weiering om sanksies toe te pas.

Sy het tydens haar Suider-Afrikaanse besoek 'n vroeë aanduiding van haar planne gegee toe sy aangekondig het dat sy in die volgende maande verskeie Suid-Afrikaanse kabinetsministers by Downingstraat 10 gaan ontmoet.

Dit lyk asof Thatcher se modus operandi heelwat ooreenkomste gaan toon met dié van die Statebond se Eminent Persons Group (EPG), wie se belowende inisiatief deur Botha se onbuigsaamheid gekelder is.

Ameen Akhalwaya, redakteur van die onafhanklike Lenasia-koerant The Indicator, het na sy terugkeer uit Londen en Kanada verlede week, waar hy gesprekke met diplomate van die Statebond en Suid-Afrikaanse bannelinge gevoer het, geskryf dat Thatcher die sleutelpersoon kan wees in pogings om 'n Suid-Afrikaanse spitsberaad te reël.

Hy sê die beraad sal soortgelyk wees aan die Camp David-beraad tussen Anwar Sadat van Egipte en Menachem Begin van Israel.

Akhalwaya skryf dat van die voorstelle is dat Nelson Mandela en ander politieke leiers vrygelaat moet word en die verbode organisasies weer gewettig word - met die uitsondering van Umkhonto we Sizwe, die ANC se militêre vleuel. (In Noord-Ierland is die Ierse Republikeinse Leër 'n verbode organisasie, maar die politieke vleuel, Sinn Fein, nie.)

## Saterdag is stigtingsdag

# Demokrate sal aanvaarding moet 'verdien'

Elsabé Wessels

DIE verhouding tussen die Demokratiese Party en die buite-parlementêre groepe sal nie rondom dineetafels bepaal word nie, maar deur partylede se aktiewe deelname in die omverwerping van apartheid, het 'n woordvoerder van die UDF en Cosatu gister gesê.

Die leiers van dié organisasies het die doelwitte waarvoor die Demokratiese Party homself sal moet beywer gister uiteengesit in 'n verklaring, waarin die DP se duidelike beweging weg van apartheid "verwelkom" word.

Die DP, wat môreoggend amptelik gestig word in die Linder-ouditorium by die Johannesburgse Opleidingskollege, sal sy aanvaarding in buite-parlementêre strukture moet "verdien".

"Kontak bloot ter wille van kontak beteken niks," het 'n woordvoerder gister gesê. Om 'n volwaardige rol in die buite-parlementêre politiek te speel, sal die DP hom moet verbind tot die omverwerping van apartheid.

Die welslae van die party sal bepaal word in die voorgestelde "balans" wat die DP in binne- en buite-parlementêre politiek wil handhaaf.

Duidelike beleidverskille oor die mate van deelname aan parlementêre en buite-parlementêre politiek, wat maande reeds aan die eenwording knaag, het dié week weer na vore getree tussen verteenwoordigers van die drie kern-partye.

Verskille oor die deelname aan die bruin- en Indiërhuise het die week reeds tot skerp verskille tussen die PFP se Pat Poovalingham, gesteun deur lede van die party se "old guard," en die NDB-leier Wynand Malan gelei.

Malan se standpunt van "strategiese parlementêre deelname" buite die wit Volksraad is later in 'n verklaring deur PFP-leier Zach de Beer en OP-leier Denis Worrall ondersteun.

Kritieke debatte oor party-strategie en beleidsrigtings sal egter vandag gevoer word op die ontbindingsvergadering van die Nasionale Demokratiese Beweging, die Progressiewe Federale Party en die Onafhanklike Party.



**Johannes Kerkorrel, Piet Pers en Olle Fantstande vat dit weg!**
*Foto: Ruvan Boshoff*

# Afrikaanse musiek voëlvry verklaar

Charles Leonard

JOHANNES KERKORREL gooi nie soos Bles satynrosies van die verhoog af nie. Dié charismatiese sanger van die beminde Gereformeerde Blues Band (GBB) gooi - op eg Suid-Afrikaanse wyse - proteas vir sy jillende skare toeskouers.

Dinsdagaand het die GBB, Bernoldus Niemand en die Swart Gevaar en André Letoit met BMW-toetergeskal Vrye Weekblad (of "Wye Kreefblad" soos die gebokbaarde Letoit sê) en Shifty Records se Voëlvry-toer in die Countdown-klub in Johannesburg afgeskop/opgeskop.

Soos dit 'n goeie boerejol betaam, is die toeskouers se mage eers vooraf gevul met pap en wors en tamaai koeksisters.

Daarna het die musikante deur die silwer skoolkonsertgordyne begin bars en die breë dansende massa meer waarde vir hul geld gegee as 'n tien sent-tombola waarop jy vyf rock 'n roll-ossewaens kan wen.

Van Letoit se huldeblyk aan die "Wabbling Trilburies", Bernoldus-hulle se vriendelike versoek dat korporaal hulle tog net moet vashou, tot die hoogtepunt van die aand: Die GBB. Hulle het nie net wonderlike lirieke nie, maar speel ook uitmuntende rock 'n roll.

Die res van die land is gelukkig om ook die spektakel te ervaar. Hul wêreldtoer van Suid-Afrika en Namibia duur tot 3 Junie met die laaste konsert in Windhoek.

Moet dit nou asseblief nie misloop nie.

# Vrye Weekblad, Shell en Anglo

VRAE het ontstaan oor die finansiële toekoms van Vrye Weekblad ná berigte in die Nederlandse joernalistieke blad De Joernalis wat in Suid-Afrikaanse koerante aangehaal is.

Die redaksie van Vrye Weekblad het die volgende verklaring daaroor uitgereik:

Die berig het sy oorsprong uit 'n onderhoud wat senior redaksielede van Vrye Weekblad gevoer het met die Nederlandse korrespondent Ruud de Wit sowat twee maande gelede in Johannesburg.

In die onderhoud is Vrye Weekblad se verhouding met die multi-nasionale maatskappye Anglo American en Shell bespreek. Die redaksielede het gesê die fondse van multi-nasionale maatskappye is noodsaaklik vir die voortbestaan van Vrye Weekblad weens die trae houding van Suid-Afrikaanse maatskappye om koerante met 'n sterk politieke inslag te steun.

Ten tyde van die onderhoud het Anglo American reeds by Vrye Weekblad geadverteer terwyl Shell, 'n Nederlandse maatskappy, nie in daardie stadium bereid was om advertensies by Vrye Weekblad te plaas nie. Dit was eers etlike weke ná die onderhoud dat Shell na hernieude onderhandelinge sy eerste advertensie by Vrye Weekblad geplaas het.

Ten opsigte van Anglo American se verhouding met Vrye Weekblad is die vraag gevra of die maatskappy Vrye Weekblad "borg". Die antwoord was negatief, want Anglo het geen geld aan Vrye Weekblad gegee nie. Daar is egter wel melding gemaak dat Anglo American reeds in Vrye Weekblad geadverteer het.

Die redaksie waardeer dit dat Shell en Anglo advertensies in Vrye Weekblad geplaas het.

Ons is bitter teleurgesteld oor die negatiewe reaksie wat Vrye Weekblad uit die private sektor ontvang het. Vrye Weekblad was in sy kort bestaan een van die doeltreffendste agente vir verandering in Suid-Afrika en behoort meer steun uit dié oord te ontvang het.

Sonder adverteerders kan ons koerant nie onbepaald voortbestaan nie. Ons het geen twyfel nie dat ons koerant uitstekende waarde aan adverteerders bied. Ons kan nie meer verkwalik word nie dat ons glo ons uitgesproke teenkanting teen die huidige regeringsbestel die belangrikste rede vir die traagheid is om in Vrye Weekblad te adverteer.

Vrye Weekblad se finansiële posisie is nié sterk nie. Maar ons is nie op pad om te verdwyn nie. Die redaksie het reeds 'n verlaging van 10 persent in hul salarisse aanvaar, en sal voortgaan om te veg vir die voortbestaan van 'n koerant wat 'n blywende rol op die pad na 'n nuwe Suid-Afrika behoort te speel.

# Debat oor Mendel se omstrede Beloofde Land-foto's

VRYE WEEKBLAD se uitstalling van Gideon Mendel se foto's van verlede jaar se Groot Trek-vieringe in die Mark-galery het 'n lewendige debat ontlok nadat verskeie swart kunstenaars en skrywers beswaar gemaak het daarteen.

Dié mense meen die uitstalling, getitel Beloofde Land, "verheerlik die Afrikaner-establishment" en verdoem nie Afrikaner-nasionalisme nie.

Op Sharpeville-dag het 'n dramaturg eiehandig van die foto's op die uitstalling verwyder.

Die bekende skrywer Jeanne Goosen skryf in haar resensie van die uitstalling onder meer dat Beloofde Land "'n konfrontasie met die heersende magte" is. "Dit vervul met afgryse, misnoeë en vrees," skryf sy, en voeg by dat dit "eis dat die mense van hierdie land met 'n verskerpte blik na hul eie siektes moet kyk."

Vrye Weekblad en die Mark-galery het besluit om 'n debat oor die uitstalling te reël wat Dinsdag, 11 April, om 7.00 nm in Vrye Weekblad se kantore sal plaasvind. Die kantore is in dieselfde straatblok as die Mark-teater en die adres is Breëstraat 153, Newtown.

Almal is welkom om die bespreking by te woon.

OOP ELKE WEEKSDAG EN SATERDAG TOT 4 NM

ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is

african magic

spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

# Tulani nie welkom by dié hospitale

**DIE afgelope naweek het die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika (Idasa) 'n konferensie gehou met die tema: Na 'n oop Johannesburg. Daar is indringend gekyk na hoe die Groepsgebiedewet en ander apartheidswette die inwoners van Johannesburg en omgewing beïnvloed. CHARLES LEONARD doen verslag.**

ONLANGS het die volgende gebeure in twee huise afgespeel - die een in Yeoville en die ander in Hillbrow.

Gerry Basson is drie jaar oud. Van agtuur daardie aand het sy asemhaling raserig begin word en het dit geklink of hy sukkel om asem te kry. Sy ouers het gedink hy is besig om verkoue te kry, maar teen elfuur was hulle heel bekommerd omdat hy begin hyg en 'n hoë koors gehad het.

Hul huisdokter het aanbeveel dat hulle hom dadelik na die Johannesburgse Hospitaal neem. Teen 11.15 nm het die dokter by die pediatriese ongevalle- afdeling gediagnoseer dat hy kroep het en hom opgeneem vir waarneming.

Mnr Basson is huis toe om na die ander kinders om te sien, terwyl sy vrou by by Gerry - hy was die enigste kind in die saal - gewaak het.

Gerry het twee dae in die hospitaal gebly. Sy ouers kon hom gereeld besoek.

Dieselfde aand, in 'n woonstel in Hillbrow, het Tulani Mokoena, 2, dieselfde simptome as Gerry getoon. Sy ouers het hom dadelik na die Hillbrowse Hospitaal geneem.

Hulle het omstreeks 11.15 nm daar aangekom en moes hoor dat kinders nie in die betrokke hospitaal behandel word nie.

Hulle is ook gewaarsku dat hulle nie gehelp sou word by die Johannesburgse Hospitaal nie en dat hulle na Baragwanath in Soweto moes gaan.

Die ontvangsklerk het gesê Tulani lyk nie siek genoeg om met 'n ambulans geneem te word nie. Die Mokoenas moes 'n taxi haal.

Die bestuurder wou egter eers wag tot die taxi vol was voordat hy ry. Dit was laat en Tulani het sieker geword. Mnr Mokoena het 'n bedrag gelykstaande aan die fooi vir vyf leë sitplekke betaal om vinniger by die hospitaal uit te kom.

Hulle het 12.15 vm by Bara aangekom en is na die kindersaal gestuur waar drie baie siek kinders deur een dokter ondersoek is. Eindelik, om 2.15 vm, is Tulani ondersoek en is hy in 'n suurstoftenk gesit.

Kinders het dwarsdeur die nag in die vol saal gehuil. Die Mokoenas kon nie bly nie omdat die saal te vol was en is terug huis toe. Tulani is die volgende dag ontslaan en hulle kon hom eers die middag na werk gaan haal.

Niemand kon verduidelik wat hom makeer het of hoe om dit te voorkom nie.

In sy toespraak oor die uitwerking van apartheidswette op gesondheidsdienste in Johannesburg, het dr Max Price, direkteur van Wits se Sentrum vir Gesondheidsbeleidstudies, dié twee voorbeelde gebruik om sy standpunt te belig: "Apartheid is sleg vir jou gesondheid en behoort afgeskaf te word."

Price het ook die platteland by sy argument ingesluit.

Ondervoeding is die gevolg van "landloosheid", oorbevolking van die landelike reserwes, die verwydering van die gesondste lede van gesinne om in stede te gaan werk, en die verskuiwing van al hoe meer mense uit die sogenaamde swart kolle in die tuislande.

Dié toestande het tot gevolg dat mense in hul duisende op Johannesburg, Soweto en Alexandra toesak en in informele vestigingsgebiede of in agterplase gaan woon.

Dit veroorsaak 'n baie ongesonde omgewing, sê hy. Die uitvloeisels hiervan is die buitengewoon hoë voorkoms van moord, aanranding, alkoholisme, ongelukke, seksueel-oordraagbare siektes, tuberkulose, geestesongesteldheid, stresverwante siektes, diarree en ander aansteeklike siektes.

Hoewel die probleme nie noodwendig sal verdwyn in 'n nie-rassige Suid-Afrika nie, glo Price dit sal minder ernstig wees, want die huidige slagoffers sal dan seggenskap hê.

"'n Mens kan net hoop dat 'n toekomstige regering nie die bestaan van die probleme sal ontken nie en na 'n oplossing sal soek."

Daar word verwag dat daar teen die einde van dié jaar net soveel swart as wit geboortes in Johannesburg gaan wees, sê hy.

Daar is egter bitter min dienste vir swartmense in die stad. Bestaande geriewe moet onmiddellik oopgestel word vir alle rasse eerder as om nuwes te bou. "Dit moet gedoen word vir optimale gesondheidsorg, moraliteit en ekonomiese doeltreffendheid," sê Price.

"Een nie-rassige gesondheidsdepartement moet al die dienste in Johannesburg, Soweto, Lenasia, Randburg, Sandton, en moontlik al die Oos- en Wes-Randse dorpe beheer.

"Dit is my hoop en uitdaging dat Gerry Basson en Tulani Mokoena binne 'n jaar 'n saal sal kan deel in Johannesburg-sentraal," het Price gesê.

# Heksery dien as versagting in moordsaak

**Peter auf der Heyde**

DIE Hooggeregshof op Grahamstad het beslis dat 'n geloof in heksery as versagtende omstandighede in sommige moordsake kan dien.

Regter Kannemeyer het in sy uitspraak gesê die vier Oos-Kaaplandse inwoners wat weens moord aangekla is, het geglo die twee vroue wat vermoor is, was hekse.

Gedurende die saak het die hof gehoor hoe die seun van een van die aangeklaagdes tydens onluste in die Stutterheim-gebied in 1985 deur die polisie doodgeskiet is.

Nadat verskeie mense vir Ntuntuse Komani vertel het dat hulle sy seun gesien het, hoewel hy reeds begrawe was, het Komani 'n toordokter geraadpleeg om uit te vind wie sy seun getoor het.

Die toordoktor het twee van Komani se skoonsusters as hekse uitgeken en hulle beskuldig van die dood op sy seun. Die twee vroue is daarna deur 'n groep mense vermoor en verbrand.

Die regter het gesê die enigste rede waarom die beskuldigdes die vroue vermoor het, is omdat hulle geglo het die vroue was hekse.

Hy het dit as rede tot versagtende omstandighede aangevoer vir al vier die aangeklaagdes. Komani, wat nie aktief by die moord betrokke was nie, is tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis.

Zimoshile Mandleni en Noyuyi Mlonyeni is elk tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis. Zamunzi Ngoyi, wat 19 jaar was ten tye van die moord, is tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis. - ANA


*Ons kondig met trots aan dat 'n uitstalling van opwindende naïwe Afrika-kuns en -appliek vandag by ons galery begin*

ZONA

Grantlaan 64,
Norwood,
Johannesburg 2192

Tel: (011) 728-4154

ONS VERKOOP DIE ALLERBESTE INHEEMSE HANDWERK EN KUNS

Spesiale openingstye gedurende die uitstalling:
Maandag tot Vrydag: 9vm - 5nm
Saterdag 8 April: 9vm - 3nm
Sondag 9 April: 2:30nm - 6nm



MALUNDI BUS LINES cc

*Ons ondersteun Vrye Weekblad in sy strewe na 'n nuwe, nie-rassige Suid-Afrika*

Tel: (011) 845-3353



*Adverteer in Vrye Weekblad se klein advertensies:*

*Skakel Gwynn Wray (011) 836-7236*

# Kerkleiers dreig met hernieude eetstaking

Elsabé Wessels

KAAPSTAD - Gewapen met plakkate en 'n dreigement om 'n hernieude eetstaking te begin, het dr Allan Boesak en ander kerkleiers in Wes-Kaapland dié week protes aangeteken teen die voortgesette aanhouding van politieke aktiviste.

Die kerkleiers, onder andere Douglas Bax, aangewese moderator van die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika en Syd Lucket van die Anglikaanse Kerk, asook lede van die Westelike Provinsie Raad van Kerke, het Dinsdagmiddag tydens etensuur vir sowat 40 minute met plakkate voor die St George-katedraal in Kaapstad stelling ingeneem met die voorneme om tot Maandag elke etensuur die protes te herhaal.

Die plakkaatdraers wat om 12.30 nm stelling ingeneem het, het onmiddellik polisie-teenwoordigheid ontlok en na sowat 'n halfuur is die 14 gewaarsku om te verdaag.

Nadat hulle gebid en Nkosi Sikelel'i Afrika gesing het, waarin lede van die publiek meegedoen het, het hulle verdaag. Daar was geen voorvalle nie - buiten vier jong mans wat naby die plakkaatdraers stelling ingeneem het en Die Stem begin sing het.

Volgens die Menseregtekommissie word meer as 200 aktiviste nog onder die Noodtoestand aangehou terwyl sowat 120 onder die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word.

Boesak, wat in Februarie in solidariteit met aangehoudenes ook begin vas het, het aan die pers gesê dat hy dit sterk oorweeg om weer op 'n eetstaking te gaan.

Boesak het ook kritiek uitgespreek teen die "nuwe taktiek" wat deur die owerhede ingespan word om gesamentlike protesaksies van aangehoudenes aan bande te lê. Die Menseregtekommissie het bekend gemaak dat aangehoudenes geïsoleer word en in sommige gevalle oorgeplaas word na tronke in Bloemfontein waar monitorgroepe minder kontrole kan uitoefen.




'n Polisieman skryf dr Alan Boesak se naam neer tydens 'n plakkaatprotes teen die voortgesette aanhouding van politieke aktiviste deur Wes-Kaaplandse kerkleiers Foto: Rashid Lombard

# ANC het groot lof vir 'dapper' Matie-studente

Eie korrespondent

DIE African National Congress het die 18 Stellenbosse studente geprys wat "dapper genoeg" was om op 'n "ondersoekende sending na Lusaka te gaan om oplossings vir Suid-Afrika se probleme te soek".

'n Woordvoerder van die ANC het uit Lusaka gesê: "Die ANC sal enigiemand uitdaag wat sê die studente was naïef. Hulle het geweet presies wat hulle wil hê. Hulle vrae was indringend en hulle het geweet watter inligting hulle aan ons wil oordra. Ons het baie dinge beter verstaan.

"Hulle het hul vrese oor kommunisme en geweld aan ons oorgedra. En ons het verstaan waarvan hulle praat. Op ons beurt kon ons ons eie posisie verduidelik. Uiteindelik het beide kante saamgestem dat verandering in Suid-Afrika moet plaasvind."

Die ANC het groot lof gehad vir die Maties se inisiatief om self antwoorde te soek, "anders as dié wat verskaf word deur die regering en die koerante se interpretasie van die ANC".

"Ons is seker daarvan hulle het nie hierheen gekom met vooropgestelde idees oor die ANC of die stryd in Suid-Afrika nie," het die woordvoerder gesê. Volgens hom het elkeen 'n rol om te speel in die soeke na 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme.

"Ons glo dat elke sogenaamde groep of gemeenskap bydraes kan lewer. Elke student kan 'n bydrae maak, of hulle nou Afrikaners, Engelse of swartes is, want hulle het almal probleme met opvoeding in Suid-Afrika."

Die woordvoerder het mense wat beswaar gemaak het teen die Maties se Lusaka-besoek gekritiseer, want "deur na antwoorde te soek, het die studente bloot hul rolle behoorlik vervul".

"As daar teen hul besoek beswaar gemaak word, wys dit net dat daar nog baie mense is wat onbewus is van die probleme wat ons land in die gesig staar.

"En tog word meer en meer mense bewus van wat apartheid aan hierdie land doen."

Die Maties het 'n wye reeks onderwerpe met die ANC-afvaardiging bespreek, soos die vryheidstryd in Suid-Afrika, die rol van Afrikaanse studentebewegings, opvoeding, kultuur en vroue in Suid-Afrika, die strategie vir verandering en die lesse wat uit Namibia geleer kan word.




Die groep Maties wat met die ANC in Lusaka gaan praat het

# 'Afrikaners moet help om taal te bevry'

**Wat is die toekoms van Afrikaans in 'n post-apartheid Suid-Afrika? Na aanleiding van opmerkings oor dié saak in 'n gesprek tussen 'n groep Maties en ANC-lede 'n rukkie gelede in Lusaka, het ANTON STEENKAMP gesels met Mabatho Mhlanhla van die ANC se kulturele afdeling**

HOE Suid-Afrika ná apartheid daar gaan uitsien, kan nie deur die ANC voorgeskryf word nie, sê Mhlanhla. Dit is tyd dat Afrikaners deel word van die stryd teen apartheid en saam met hul landgenote, swart en wit, 'n bydrae lewer tot die vorming van 'n nuwe Suid-Afrika, ook op kulturele vlak.

Afrikaans behoort nie net aan die blankes nie. Regoor die land praat mense Afrikaans, ook die onderdruktes, en hulle beskou die Afrikanerkultuur as deel van hul eie kultuur.

Die Afrikaner se taal en kultuur behoort aan die hele Suid-Afrika, ook in die toekoms - die Afrikaner moet net ophou om so eksklusivisties daaraan vas te klou, dit oopmaak vir almal, en waarlik deel word van Afrika waar hulle op grond van definisie hoort!

Afrikaans moet bevry word van die negatiewe konnotasie van "verdrukkerstaal", sê Mhlanhla. Mense moet bewus gemaak word van die positiewe aspekte van die Afrikaanse taal en kultuur. Hoeveel mense onthou byvoorbeeld die durf, waagmoed en skeppende denke wat die Afrikaners in hul eie vryheidstryd teen Britse oorheersing geopenbaar het?

Die standpunt van die ANC blyk duidelik uit die Vryheidsmanifes: Alle nasionale groepe sal gelyke regte hê. Suid-Afrika het 'n ryk kulturele tradisie waarvan die Zoeloe-, Xhosa- en Afrikanerkultuur onder meer deel vorm.

Afrikaners moet nóú reeds help om die taal te bevry, sê Mhlanhla. Baie opwindende dinge is reeds aan die gebeur in Afrikaanse musiek, letterkunde en joernalistiek, maar betrokkenheid by demokratiese strukture sal help om die versetstem in Afrikaans te konsolideer.

"Ons Afrikanerbroers en -susters moet hul eie verlede onthou en weer saam veg teen onderdrukking."

# Babatjie se boerewors... in Toronto!

**Ameen Akhalwaya**

TORONTO - Kanada se weergawe van "braaivleis, rugby, sonneskyn en Chevrolet" gaan nog "sneeu, yshokkie en Babatjie se boerewors" word as 'n slaghuis hier se spogproduk nóg gewilder word.

Ons het Hajee's Halal Meat Products in die hartjie van 'n toegesneeude Toronto raakgeloop en vasgesteek by die groot aankondiging op die winkelvenster: Boerewors and Polonies.

Die slaghuis behoort aan Abdul "Babatjie" Hamid Lachporia, 'n Suid-Afrikaans-gebore Moslem van Johannesburg wat nou in Toronto woon. Sy vrou, Saleema, kom van Pretoria. Hulle is al 21 jaar lank in Kanada.

Die boerewors word in die kelder onder die slaghuis gemaak. "Dit word gemaak volgens tradisionele Suid-Afrikaanse resepte, saam met ons eie spesiale bestanddele - maar ons gebruik meer vleis en niks derms nie," lag Lachporia.

"Die inspekteurs is twee keer 'n week hier. 'n Minimum van 9 persent vleisproteïne word hier vereis. Ons gebruik meer as 50 persent."

Die boerewors-bedryf is 'n besige en groeiende een. Oud-Suid-Afrikaners vanoor die hele Toronto en omliggende gebiede kom koop by Hajee's. Só het dit gebeur dat Hajee's al 'n soort bymekaarkomplek van oud-Suid-Afrikaners geword het.

"Verlede jaar," vertel Lachporia, "was hier 'n groot piekniek om Nelson Mandela se sewentigste verjaardag te vier. Ons het driehonderd pond boerewors verskaf, maar dit was sommer gou op. Ongelukkig kon ons nie betyds nog maak nie."

Maar ook die Kanadese begin 'n smaak vir boerewors ontwikkel. Baie koop dit uit nuuskierigheid en hou dan so daarvan dat hulle gereelde kopers word.

Die Lachporias maak ook Suid-Afrikaanse worsies en samoosas en verkoop halaal kaas.

Die Lachporias het hulle merk deeglik in Kanada gemaak. Hy is 'n rekenmeester wat vir 'n Kanadese ingenieursfirma gewerk en in veertig lande diens gedoen het. Hy is al 'n top-posisie in 'n internasionale ouditeursfirma aangebied, maar verkies om wors te maak.

Die egpaar se oudste seun Yaseen, 23, is 'n assistent filmregisseur wat al met van die wêreld se topsterre gewerk het. Riaad, 18, gaan in September universiteit toe en Imraan, 17, is nog op skool.

Saleema Lachporia se suster, Habiba, was die laaste hoofmeisie van Johannesburg Indian High wat in 1963 weens apartheidswette gesluit is.

Sy is verbonde aan 'n versekeringsmaatskappy in Toronto.

"Kanada was goed vir ons," sê Lachporia. "Maar ons was ook goed vir Kanada."

*(Ameen Akhalwaya is die redakteur van The Indicator)*




**Saleema en Abdul "Babatjie" Hamid Lachporia voor hul halaalslaghuis in Toronto**

# Solidariteit met die Universiteit van die Noorde

*Ons, die studente en UWCADE (University of the Western Cape Association of Democratic Educators) registreer ons ernstige besorgdheid met die jongste verwikkelinge by die Universiteit van die Noorde. Ons is daarvan oortuig dat die klimaat gemanifesteer deur die volgehoue teenwoordigheid en onlangse optrede van die veiligheidsmagte, en die ongesonde verhouding tussen die universiteitsowerhede en sy studente, nie bevorderlik vir onderrig is nie. Daarbenewens strook dit, veral nie by tersiêre inrigtings, met universeel aanvaarde metodes en prosedures vir oplossing van konflikte nie.*

*Ons verwerp ten sterkste die onlangse hardhandige optrede en gevolglike uitsetting van ongeveer 7 000 studente van die universiteitskoshuise. Ons bestempel dit as 'n direkte skending van die demokratiese beginsels van akademiese vryheid wat 'n integrale deel van enige opvoedkundige inrigting behoort te wees.*

*As 'n inrigting, bestempel ons die beginsel van demokratiese deelname van ons gemeenskap in die oplossing van probleme en konflikte as noodsaaklik. In die gees van aanmoediging van menseregte, behoort enige opvoedkundige inrigting vryheid van assosiasie, byeenkoms en uitdrukking te bevorder en te beskerm.*

*Ons glo dat die optredes van die universiteitsowerhede in die hantering van studentedispute eiegeregtig is en nie strook met die beginsel van akademiese vryheid wat die UWK hoog ag nie. Ons verwerp die onversoenlike houding wat die owerhede openbaar in die hantering van studentegriewe.*

*Ons versoek die owerhede om so gou doenlik die konflik by te lê en 'n klimaat te skep wat bevorderlik vir onderrig is sodat die universiteit sy regmatige plek kan inneem in die ontwikkeling van 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika.*

*Ons betuig ons innige meegevoel met die families van die afgestorwenes en verbind voorts ons tot solidariteit met die stryd om demokrasie en akademiese vryheid van die studente van Turfloop.*

# SAVD en 11 hanslammers in nuwe Arbeidsraad

SOUTH AFRICAN RAILWAY AND HARBOURS UNION
SARHWU
AN INJURY TO ONE IS AN INJURY TO ALL

**Anton Steenkamp**

DIE Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en 11 sogenaamd "verteenwoordigende" vakbonde het verlede week met groot fanfare die Suid-Afrikaanse Arbeidsraad gestig, wat as kollektiewe bedingingsliggaam tussen bestuur en werknemers moet optree.

Maar opvallend in hul afwesigheid was die vooraanstaande South African Railways and Harbours Workers Union (Sarhwu) uit die Cosatu-stal.

Die Arbeidsraad, onder voorsitterskap van prof Nic Wiehahn, is gestig op aanbeveling van 'n kommissie van ondersoek wat deur Wiehahn gelei is. Die kommissie het slegs getuienis aangehoor van bestuurslede van die Vervoerdienste (SAVD) en van hul "erkende" vakbonde.

'n Woordvoerder van Sarhwu het dié week gesê hulle is nooit gevra om getuienis te lewer nie - nie eens toe van die bestuurslede aantygings teen die vakbond gemaak het nie.

Die stigting van die Arbeidsraad word deur werkers in Sarhwu-kringe beskou as 'n poging om aan hanslamvakbonde geloofwaardigheid in die bedingingsproses te verleen, terwyl die onafhanklike Sarwhu uitgeskakel word.

Die sekretaris van die Arbeidsraad en Adjunk-Direkteur (Personeel) van die SAVD, JJPC Swanepoel, het aan Vrye Weekblad bevestig dat slegs die vakbonde wat deur die SAVD erken word, lid van die Arbeidsraad geword het.

Slegs erkende vakbonde sal nuwe lede van die Arbeidsraad kan word, en selfs dan kan dit net geskied met goedkeuring van 'n driekwart-meerderheid van die bestaande lede.

Sarhwu word nie erken deur die SAVD nie. Nie Wiehahn ôf Swanepoel kon aandui op grond waarvan vakbonde erkenning kry nie.

Volgens Abie Koekemoer, hoofsekretaris van die Federasie van Vakverenigings waaraan al die erkende vakbonde behoort, is registrasie 'n voorvereiste vir erkenning. Sarhwu is nog nie geregistreer nie.

Koekemoer sê 'n komitee is aangestel om die onderlinge verhouding van vakbonde in die Federasie te ondersoek, en hulle het ook al met lede van Sarhwu gepraat, "maar hier het ons mos lede van die AWB en die KP, alles deurmekaar, so dis maar moeilik".

Die enigste vakbond op die Arbeidsraad wat nie lid is van die Federasie nie, is die Swart Vakvereniging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (Blatu). Hulle het Saterdag uit die Federasie bedank - "as gevolg van finansiële probleme," volgens Koekemoer.

Van die ander "vakbonde" wat op die Arbeidsraad verteenwoordig word, is personeelverenigings soos Salstaff en Die Spoorbond.

Die algemene sekretaris van Sarhwu, Martin Sabakwane, het aan Vrye Weekblad gesê die konsep van die Arbeidsraad druis in teen twee van Cosatu se beginsels: die beleid van een vakbond vir een industrie, en die beleid van nie-rassigheid.

Die vakbonde wat op die Arbeidsraad dien, is op rassegrondslag geskei. Daar is aparte vakbonde vir blanke, swart, bruin en Indiërwerkers.

Volgens Sabakwane skep die apartheidsgrondslag van dié vakbonde die geleenthede vir bestuur om werkers teen mekaar af te speel.

Die feit dat elkeen van die erkende vakbonde een stem op die Arbeidsraad het, afgesien van hoeveel werkers hulle verteenwoordig, word deur Sabakwane as ondemokraties beskou.

Hy betwyfel ook die verteenwoordigende aard van Blatu: "In 1987 het 20 000 werkers uit Blatu bedank en by Sarhwu aangesluit tydens die landswye spoorwegstaking, en in 1988 het 'n verdere 15 000 in Natal uit Blatu bedank."

Sabakwane het bestuur en Blatu daarvan beskuldig dat hulle saamgewerk het om werkers daarvan te weerhou om uit Blatu te bedank, deur te weier om hul aftrekorders te kanselleer.

"Dit maak in elk geval nie soseer saak of jy aan Blatu of Sarhwu behoort nie," sê Sabakwane. "Ons is almal werkers met gemeenskaplike eise, en ons sal voortgaan om dié eise aan bestuur te stel.

"Al meer blanke werkers sluit ook by ons aan om 'n ware nierassige vakbond te vorm."

Die Arbeidsraad, wat veral oor lone en diensvoorwaardes sal onderhandel, word beliggaam in die Wet op Diensvoorwaardes (Suid-Afrikaanse Vervoerdienste) van 1983.

Namate die SAVD geprivatiseer word, sal die Arbeidsraad uiteindelik onder die Wet op Arbeidsverhoudinge val, volgens Wiehahn.

# Korter werksure, hoër produktiwiteit



**Arbeidsrubriek deur Theo Heffer, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**

'N ALLEDAAGSE eis van die onafhanklike vakbonde wanneer daar periodiek met bestuur om lone en diensvoorwaardes onderhandel word, is dat die duur van die werkweek verminder moet word. Gewoonlik word daar aangedring op 'n werkweek van 40 uur.

Dit is een van die gebiede waar die vakbonde tot dusver maar geringe sukses behaal het. Miskien is die rede daarvoor dat dit nog nie by werkers 'n eersterangse prioriteit geword het nie. Lone en werksekuriteit, asook respek vir die waardigheid van elke werker het meer aandag geniet.

Aan die ander kant, het bestuur min bereidwilligheid getoon om 'n verlaging van die werksure, teen betaling van dieselfde weeklikse loon, te oorweeg.

Daar word geredeneer dat enige verlaging in die aantal werksure 'n ooreenstemmende verlaging in produksie - dus produktiwiteit as die loon dieselfde bly - beteken.

Uit 'n sosiale oogpunt, kan dit die belangrikste faktor wees wat die werker se lewenstandaard beïnvloed. Dit bepaal hoeveel tyd 'n persoon sal hê vir ontspanning, rus en om by sy/haar gesin deur te bring.

Uit 'n ekonomiese oogpunt het die aantal werksure 'n uitwerking op die volume van produksie en dus die lewenstandaard wat die ekonomie aan deelnemers kan bied.

Die werker strewe na 'n balans tussen hoër reële inkomste en meer tyd tot sy beskikking om die voordele daarvan te benut. Die samelewing as geheel behoort te strewe na 'n balans tussen hoër produksie van goedere en dienste aan die een kant, en die sosiale voordele van 'n beter lewensgehalte aan die ander.

In die praktyk kan hierdie balans makliker op 'n kollektiewe grondslag bereik word. Dit is juis hier waar bestuur en vakbonde 'n belangrike sosiale en ekonomiese rol kan speel.

Daar kan verwag word dat vakbonde al hoe meer druk gaan probeer uitoefen op bestuur vir 'n korter werkweek. Die tyd is ryp vir bestuur om positief by te dra tot konstruktiewe samesprekings in hierdie verband. Die afgelope dertig jaar is daar al elders in die wêreld 'n algemene neiging na 'n korter werkweek. Suid-Afrika se normale ure is hoër as die meeste Westerse en baie ander lande s'n.

Wat interessant is, is dat korter werksure dikwels gepaard gaan met 'n verhoging in arbeidsproduktiwiteit. Die Internasionale Arbeidsorganisasie het navorsing gedoen oor die verband tussen werksure en produktiwiteit. Sestien lande is gekies wat elkeen noemenswaardige verminderings in werksure ondergaan het, en vir wie daar terselfdertyd arbeidsproduktiwiteitsyfers beskikbaar was. Verminderings in totale ure gewerk het gewissel tussen 3 en 19 persent. Arbeidsproduktiwiteit het in elke instansie oor die gemete tydperk gestyg, met verbeterings van tussen 17 en 153 persent. Tien van die sestien lande het hul arbeidsproduktiwiteit met meer as 30 persent verhoog, terwyl die werksure verminder is.

Japan het oor 'n tydperk van nege jaar sy werksure met 6,6 persent verlaag en 'n ongelooflike verhoging van 153 persent in arbeidsproduktiwiteit oor dieselfde tydperk getoon.

'n Opname deur Japan se arbeidsdepartement het getoon dat die grootste voordele gelê het by werwing en beter produktiwiteit en doeltreffendheid. Verbeterde bywoningsyfers, 'n daling in arbeidsomset en minder werksongelukke, is ook as voordele genoem.

In Suid-Afrika was ek betrokke by vier maatskappye wat ná onderhandeling hul werksure verminder het. In nie een van die gevalle was daar 'n verlaging in produksie nie. Al vier praat van hoër produktiwiteit.

Hoekom gebeur dit dan nie in meer plekke nie?

Myns insiens word die saak nie eens behoorlik bespreek nie omdat vooropgesette menings dit verhoed. Ope besprekings tussen partye met uiteenlopende sienswyses kan die gehalte van debat op 'n hoër vlak bring. Dieper ondersoek in die probleme en verdeling van inligting tussen die partye kan bydra tot meer aanvaarbare oplossings.

Ons sal kan praat van vooruitgang in die nywerheid wanneer betrokke spelers die voortuitgang begin ervaar.

# Bacela se vryheid was so naby

**Peter auf der Heyde**

LUNGILE BACELA sal nooit die vryheid ervaar wat die Appèlhof in Bloemfontein aan hom gegee het nie. Hy het selfmoord in die tronk gepleeg sewe maande vóór sy skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel is.

Hy was een van die tien Stutterheim-inwoners wie se skuldigbevindings en vonnisse verlede week deur dié hof ter syde gestel is. Die tien is in September 1987 deur Regter AP Beckly op drie aanklagte van moord en een van brandstigting skuldig bevind op grond van die gemeenskaplike oogmerk-beginsel.

Bacela, 16 jaar ten tyde van die misdaad, is tot 14 jaar tronkstraf gevonnis. Drie van die ander is 'n drie-dubbele doodvonnis opgelê vir die beweerde halsnoer-moord op 3 vroue. Die vroue is van heksery verdink en dat hulle die dood van 'n Comrade veroorsaak het.

Uit die tronk het Bacela blykbaar aan sy ouers geskryf hy is depressief en word sleg behandel. In September 1988 is hy dood in sy sel aangetref.

Volgens sy prokureurs is 'n nadoodse ondersoek gedoen sonder dat sy familie teenwoordig was. 'n Tweede nadoodse ondersoek is in September verlede jaar op versoek gedoen, maar geen uitslag is nog ontvang nie.

Dit is nog onseker of Bacela se familie die saak verder gaan voer nadat die Appèlhof in Bloemfontein die tien se skuldigbevindings ter syde gestel het.

Appèlregter Vivier het gesê blatante foute is in die bevindings gemaak. Volgens hom was die staatsgetuienis wat die appellante uitgeken het, só onbetroubaar dat hul getuienis in sy geheel verwerp moes gewees het. - ANA


**WORKPLACE INFORMATION GROUP (WIG)**

Workplace Information Group is 'n diensorganisasie wat vakbonde help met gesondheid- en veiligheidsopleiding, ongeluksnavrae en gevaarbeheer.

Ons is op soek na 'n heeltydse persoon om te werk aan lugtoevoer, fabrieks- en masjienontwerp vir veiligheid. WIG sal die suksesvolle aansoeker help om dié vaardighede te ontwikkel.

Die aansoeker moet:
- belangstel en bekwaam wees in tegniese werk
- fabrieksondervinding hê
- organisatoriese ondervinding hê
- beskik oor formele tegniese opleiding, di. technikon of universiteit

Aansoekers moet voor 12 Mei 1989 'n CV en twee bereikbare verwysings voorlê aan:
**WIG, POSBUS 5244, JOHANNESBURG 2000.**
**(Tel: 402-5363)**

'Suidwes is soos 'n vrou wat vol in die maag staan. Die Jirre sal moet help om die kleintjie groot te maak'

# Die Namib-son struikel ..

HERR WIID het sy kierie stywer vasgevat, sy kakie-uniform reggetrek, vorentoe geleun en sy gerimpelde gesig soos 'n rosyntjie getrek:

"Suidwes is soos 'n vrou wat vol in die maag staan. Haar tyd is daar en almal staan om die kooi en kyk. Niemand weet hoe die kleintjie gaan lyk nie, maar ek dink die Jirre sal moet help om hom groot te kry."

Die ou Duitse Herero het sy kierie op die grond gestamp en gelag dat sy bruin tande wys. Om hom het sy mede DTA-genote gedans, gesing en aan hul leiers op die verhoog se lippe gehang.

'n Groepie Ovahimba-meisies uit die Kaokoveld, hul lywe blink gesmeer met vet en klei, het eenkant ewe kontant hul kanariegeel DTA-hempies opgelig sodat 'n buitelandse fotograaf hul kaal borste kon afneem.

Intussen het Herr Wiid se bejaarde Herero-peleton in hul kakie-uniforms en rooi pette eenkant aangetree om 'n bietjie te dril. Herr Wiid het self die pas aangegee. Die dril was egter van korte duur.

"Ja-nee, ou maat," het die oubaas 'n rukkie later gesê, "dis lekker om 'n DTA te wees."

**Afrika se laaste kolonie het Saterdag, 1 April 1989, sy eerste wankelende tree gegee op pad om sy volwaardige plek in die internasionale gemeenskap in te neem. Namibia is 'n land wat 24 jaar lank geteister is deur 'n bosoorlog wat duisende lewens geëis het. Dit is 'n land met elf etniese bevolkingsgroepe en veertien tale. Daar is meer as 40 politieke partye vir 'n bevolking van net 1,3 miljoen. Dit is 'n komplekse land en die pad na onafhanklikheid is vol slaggate.**

**JACQUES PAUW, wat in Namibia was aan die begin van die implementering van Resolusie 435, doen verslag. Foto's: John Liebenberg**

# Die paartie en die erns: twee gesigte van Namibia

## Gebalde vuiste

'n Ent van die feestelike tente van die DTA het 'n jong man skuifel-skuifel aangesukkel na Swapo se saamtrek. Die onderste helfte van sy liggaam het die verhaal van die Namibiese bosoorlog vertel - 'n houtbeen.

Op sy kop was 'n helder blou, groen en rooi hoed. In sy een hand het hy 'n plakkaat gedra met die woorde SADF KILLERS OUT! daarop. Sy ander hand was 'n gebalde vuis wat hy halfmas in die lug gehou het.

Die jong man was triomfantlik, uitdagend, trots. 'n Uur later is nog sowat 10 000 Swapo-vuiste die lug ingesteek toe dr Zephania Kameeta sê:

"Wat ons vandag hier vier, is die gevolg van die stryd van ons vaders, ons moeders, ons krygers. Namibiërs, na soveel jaar van onderdrukking in die woestyn, is ons uiteindelik bo-op die berg. BO!"

Oor Katatura het die Swapo-gille weergalm: "Viva Namibia!! A luta Continua!!"

Van die karnaval van die DTA was hier geen sprake nie. Die mense het kom luister na leiers soos Kameeta, Hendrik Witbooi en Danny Tjongarero. En die vergadering is met gebed, deels in Afrikaans, geopen: "Here lei ons na 'n vry Namibia, U wat aan die kant van die onderdrukte is."

En hulle het gesing: "Sam, Sam, waar is jy? Sam, Sam, kom maak ons vry," en "Let us unite, unite in the name of Namibia."

Die dag: 1 April 1989. Die sonsopkoms het op daardie dag 'n nuwe toekoms vir Namibia ingelui. Vir baie die dag waarop Suidwes-Afrika Namibia geword en sy juk van wit oorheersing afgeskud het. Vrye Afrika se jongste baba is gebore.

Enkele maande gelede sou die jong man met die houtbeen dit kwalik in die strate van Windhoek met sy Swapo-petjie kon waag. Nou steur selfs die polisie hulle nie aan hom nie. Net so af en toe hoor mens 'n blanke sê: "Daar gaan nog een."

Die hele Namibia is tans vasgevang in 'n gees van afwagting en onsekerheid. Onder beheer van die Administrateur-generaal met die VV as toesighouer, moet die inwoners oor sowat sewe maande gaan stem.

En al is daar 43 politieke partye, is die keuse vir baie mense eenvoudig: die demokrasie van die DTA of die kommunistiese bestel van Swapo.

## "Ons moet Swapo uithou"

In die Hotel Onduri op Outjo het Hansie Erasmus oor 'n glasie Pott (Duitse rum met 73 persent alkoholinhoud) gesê: "Ja, ek sal vir Mudge stem, hoewel ek lus voel om my hond op hom te sit.

"Maar ek moet vir die man stem. Ons moet Swapo uithou. So nie verloor ek alles wat ek het. En man, dis 'n goeie lewe hier in Suidwes."

Erasmus verteenwoordig die sentiment van 'n klomp regsgesinde blankes in Namibia. Hy het ryk geword daar - hy vertel hoe hy in die winter elke week sy vierwiel en sleepwa biltong gelaai het om in Windhoek en op die lughawe slagspreuke soos: "Die Wit Wolwe is ook hier in SWA" en "SWA vir die AWB", te gaan verf.

En dan is daar die eienaar van die Apollo-restaurant in Windhoek waaroor geskryf is in die inleiding van Time se artikel oor Namibia omdat daar by die ingang 'n bordjie is wat lui: "Kwaadwilliges nie hier toegelaat". Die kwaadwilliges blyk toe swartes en Untag-lede te wees.

Ander insidente waar 'n klomp Tsumeb-boere 'n Brit se kakebeen afgeslaan en iemand 'n skoot op 'n Untag-voertuig geskiet het, is al ou nuus.

Dirk Mudge, voorsitter van die DTA, sê: "Ons het nog steeds rassiste, wit en swart, in hierdie land. Hulle moet nou tot besinning kom. En daardie mense wat van die anderkant van die grens kom om haatvure hier te kom aanblaas, moet hier uitbly!"

Die Nasionale Party van Namibia, onder leiding van Kosie Pretorius, het openlik noue bande met die Konserwatiewe Party in Suid-Afrika. Hulle sit gereeld plakkate soos "SWA word bedrieg" ooral op om hul misnoeë met Resolusie 435 te kenne te gee.

Maar gaandeweg is wit Namibiërs besig om gewoond te raak daaraan dat hulle onafhanklik gaan word. En gewis 'n swart meerderheidsregering gaan hê.

## Geldbronne

Soos gesê, is daar 'n magdom politieke partye met name soos die Namibian National Front, Arbeidersparty, United Namibian Front, Christian Democratic Action, Nudo en talle ander. Maar die keuse is tussen die DTA en Swapo.

Die DTA bestaan uit elf politieke partye. Dit is 'n alliansie met 'n indrukwekkende verkiesingmasjinerie en yslike geldbronne. Hul verkiesingsbegroting gaan digby die R100 miljoen beloop, sê bronne.

Die partye se vermoëns was duidelik te sien met Martti Ahtisaari se aankoms verlede Vrydag op die lughawe by Windhoek.

Duisende mense is per trein, bus, mini-bus en trok na die lughawe aangery waar hulle langs die hoofpad gestaan het met plakkate, hoedjies, t-hemde, baniere en vlae. Daar was ook perdekommando's.

Swapo was nêrens by die lughawe te sien nie. Vise-voorsitter Tjongarero het gesê hulle het besluit om weg te bly om 'n konfrontasie met die DTA te vermy.

Sommer met dié afskop van die verkiesingsveldtog was die verskille tussen Swapo en die DTA baie duidelik. Die DTA is gewis die party met geld en organisering, Swapo het meer toegewyde en lojale kiesers.






Bo: Dirk Mudge by 'n DTA-saamtrek
Links: Opgewonde Swapo-ondersteuners by 'n Swapo-saamtrek

Swapo is egter ook 'n party wat desperaat wag op die terugkoms van sy leier en president, Sam Nujoma. Die laaste keer wat Nujoma Windhoek gesien het, was op 20 Maart 1966, toe hy met sy aankoms op die lughawe in hegtenis geneem en gedeporteer is. Voor dit was hy in 1960 laas in die land.

Tjongarero sê Nujoma sal terugkom sodra die land "beveilig" is en die VV se hoë kommissariaat vir vlugtelinge aangekom het om mense in ballingskap terug te verwelkom.

Oor die afwesigheid van Nujoma in Windhoek sê Mudge: "As Swapo dan nou die oorlog gewen het, waar is sy leiers dan? As jy 'n oorlog wen, hys jy mos jou vlag. Waar is Swapo se vlag?"

## Stem vir bevryding

Swapo word wyd as die bevryder gesien. Talle kiesers glo hy is die enigste party in Namibia wat die land waarlik van Suid-Afrika kan bevry. Stem vir die DTA en stem vir Suid-Afrika. Stem vir Swapo en stem vir bevryding.

Dog sal Swapo sy verkiesingsmasjinerie baie vinnig in rat moet kry. Die party het nog nie een verkiesingskantoor of telefoon in Windhoek nie.

Swapo glo verder dat, sou daar weer konflik uitbreek, hy magteloos sou wees om die gewapende stryd te hervat. Juis hiérdie geloof het veroorsaak dat daar vegters en veral bevelvoerders is wat geweier het om die wapen neer te lê en besluit het om Namibia te infiltreer.

Die versoeningsklanke die laaste tyd uit Tjongarero se mond was vir baie verstommend.

Hy het in 'n kort onderhoud gesê: "Ons wil 'n tuiste in Namibia skep waarin wit en swart tuis kan voel. Ons sal ons beywer vir die skepping van 'n ware demokrasie waarin almal vry sal wees. Ons sal beslis nie wraak neem teen enige witman mits hy homself as 'n Namibiër beskou nie."

Tjongarero besef met wat se geloofwaardigheidsprobleem Swapo sit. Sê Andreas Shipanga, leier van die Swapo-Demokrate: "Ons grootste probleem is om die aspirasies van swartes met die vrese van blankes te versoen."

Volgens dié uitsprake is daar min verskil tussen die beleidsrigtings van Swapo en die DTA. Beide sê hulle wil 'n ware demokrasie tot stand bring - Swapo 'n nie-rassige demokrasie en die DTA 'n veelparty-demokrasie.

Wat ekonomiese beleid betref, staan Swapo vir 'n gemengde ekonomie en die DTA vir 'n markgerigte ekonomie met sosiale welsynsdienste.

Luister mens na Mudge, is daar geen rede hoekom hy nie in geval van 'n Swapo-oorwinning in die regering opgeneem kan word nie. Hy sê:

"Moet net nie dink ek is 'n ondersteuner van die SA regering nie. Die grootste ideaal wat ek het, is dat Namibiërs moet ophou om met mekaar te baklei en een nasie word. Ek sal die uitslag van die verkiesing aanvaar en in Namibia bly. Ek het nêrens anders om heen te gaan nie."

## Gevegte in Owambo

Tjongarero het gesê Swapo sal nie ANC-kampe in die land toelaat nie en aanvaar dat hy na onafhanklikheid in 'n groot mate steeds ekonomies afhanklik van Suid-Afrika sal wees.

Dit is in die stadium nog onseker watter invloed Swapo se insypeling en die nuwe gevegte op sy verkiesingskanse gaan hê. Kenners meen dat veral gematigde kiesers deur sy optrede afgeskrik mag word.

Swapo se optrede het egter daartoe gelei dat die ondersteuning wat hy wel in die sakesektor gehad het, geknou is. Swapo kan daardeur heelwat aan partyfondse verloor - ook van buitelandse organisasies.

Die meerderheid van Swapo se steun lê egter by die jonger geslag en dit is te betwyfel of hulle deur die gebeure beïnvloed sal word.

Daar is nog 'n lang paadjie na 1 November en uiteindelike onafhanklikheid. Maar op 1 April is die verskille reeds uitgewys. Op die gesig van elke Swapo-ondersteuner was daar yslike erns. Die gesigte was strak, die vuiste gebal en die stemme luid.

In teenstelling daarmee het die DTA paartie gehou. Dit was baie lekkerder daar as by Swapo se saamtrek...



Lede van die Suidwes-Afrika Polisiemag (Swapol) by 'n Swapo-saamtrek

# Windhoek skielik te klein, pryse te hoog

**Jacques Pauw**

'N BRITSE joernalis het dit raak opgesom: "Ek het vandag tien kilometer te voet afgelê en 'n kilometer se kopie Londen toe gestuur. En nou sê die nuusredakteur ek moet in 'n kar spring en noorde toe jaag. Hy besef blykbaar nie hierdie land is vier keer groter as Brittanje nie."

Dit was omstreeks tienuur op Saterdag 1 April 1989. Pik Botha se perskonferensie was pas afgehandel. Die man het weer vir 'n slag besonder donker en bitter gelyk oor die dag se gebeure.

Sowat 'n uur vantevore het die Britse premier, Margaret Thatcher, ná 'n blitsbesoek, weer in haar Royal Air Force-straler geklim en opgestyg.

Op die oog af het Botha en Thatcher 'n mooi verhouding, want sy is met 'n rooi roos in haar hand op met die vliegtuigtrappies. Sy het vriendelik gewaai vir die groot groep persmanne wat soos wilde hase agter haar aangeskarrel het.

Al 300 persmanne het laat Saterdagaand saamgestem: soveel opwinding, soveel onsekerheid en soveel drama in 'n enkele dag het hulle nog nooit beleef nie.

Die wêreld se oë was Saterdag 1 April op Namibia toe die klok vir die laaste ronde van die onafhanklikheidsproses gelui het. Dit moes 'n dag van vreugde, feesvierings en uitbundigheid wees.

Al die opgewondenheid oor "gekkedag" het reeds op Vrydagoggend, 31 Maart, begin met die aankoms van die VV se spesiale gesant, Martti Ahtisaari, op Windhoek se lughawe.

Ahtisaari is 'n bonkige mannetjie wat na alles behalwe 'n bedrewe internasionale diplomaat lyk. Ek dink nie Windhoek se gasvryheid gaan sy figuur enigsins goed doen nie.

Daar was 'n feestelike stemming toe duisende ondersteuners van die DTA Ahtisaari buite die lughawe met plakkate, vlae en perderuiters ingewag het.

Van die mense het honderde kilometers ver met busse, treine en alles wat rol na die lughawe gekom. 'n Groepie Ovahimba's het staan en bibber in die vroeë-oggend herfskoue terwyl die Suidwesson geel agter die lughawe opgekom het.

Op dieselfde dag, sowat 800 kilometer verder, was daar nog 'n baie spesiale geleentheid toe Johan Papenfus vir Angolese en Kubaanse krygsgevangenes uitgeruil is.

Later die middag het Pik Botha, Magnus Malan en die adjunk-minister van verdediging, Wynand Breytenbach, 'n perskonferensie in Windhoek gehou.

Binne 24 uur moes die joernaliste hul aandag aan vyf perskonferensies wy!

En as hulle gedink het dit is erg, was Saterdag 'n nog groter nagmerrie.

Die oggend het afgeskop met Botha en Malan wat Suid-Afrikaanse amptenare toegespreek het, die politieke partye se optog deur die strate van Windhoek, Thatcher se aankoms, twee groot politieke byeenkomste van Swapo en die DTA in Katatura, Untag se nuuskonferensie, en die skoknuus van die insypeling.

Joernaliste het mekaar vertrap en sommiges het verdwaas rondgeskarrel om die varsste nuus in die hande te probeer kry. Aan die een kant moes hulle Thatcher met 'n valkoog dophou, en aan die ander op hoogte met die insypeling probeer bly.

Sake is verder bemoeilik omdat niemand geweet het wat op Thatcher se program is nie. Die insypeling het almal se planne deurmekaar gegooi. Die histerie het 'n hoogtepunt bereik toe iemand met 'n gerug begin het dat PW Botha die skikplan gaan afstel.

Omstreeks 9.30 nm het Thatcher en Botha met hulle samesprekings in die gaste-sitkamer van die lughawe op Windhoek begin. Kort voor die vergadering begin het, het 'n kelner met 'n skinkbord met 'n bottel whisky by die vertrek ingestap.

Kort nadat die ontmoeting begin het, was dieselfde kelner weer oppad na die sitkamer, maar dié keer het hy gehardloop! Op die skinkbord was 'n bottel gin.

Botha het meer as 'n uur later die dag half gepas afgesluit: "Dit is vandag twaalf jaar gelede wat ek minister van Buitelandse Sake geword het. Na vandag se gebeure weet ek nie of dit so spesiaal is nie."

Windhoek is gewis op die oomblik te klein vir die inval van politici, joernaliste en Untag, die VV se vredesmag. Pryse het hemelshoog gestyg en daar is nie plek vir 'n muis nie.

In die Kalahari Sands kos 'n gewone hotelkamer nou R180 per nag, en in die Safari Motel R170 per nag.

Verlede week het joernaliste teen 'n tempo van 50 tot 60 per dag geakkrediteer. Vir dié mense is daar hoegenaamd geen blyplek nie en hulle woon in enige gat wat Windhoek kan bied.

Die teenwoordigheid van die VV en ander buitelandse sendings het huispryse hemelshoog laat styg. 'n Ruk gelede is 38 huise in Windhoek aan die mense verkoop teen 'n gemiddelde prys van R500 000 per huis.

Inwoners van Windhoek verhuur doodgewone huise vir tot R4 500 per maand.

Restaurante het onbetaalbaar duur geword. 'n Biefstuk in 'n gewone braaihuis maklik R20 en 'n bottel rooiwyn R25. En ooral sien mens die bordjies: Untag welcome here.

Kantoorruimte is ewe onverkrygbaar. Kantoorblokke van Sanlam en Ou Mutual verrys nou in die middestad en eers wanneer dit teen laat volgende jaar voltooi is, sal daar weer plek beskikbaar wees.

Untag het groot opgewondenheid in die hoofstad veroorsaak. Oral sien mens van die manne met die blou barette. Eers het die inwoners hulle vergaap aan die soldate uit plekke soos Maleisië, Panama, Ceylon, Fiji en Kenia, maar raak nou gewoond daaraan.

Veral die verkeersowerhede het hul hande vol met Untag. Eerstens maak die manne vreeslik baie ongelukke - vier is al dood - en tweedens ry hulle geweldig vinnig. Die owerhede het al by Untag se bevelvoerders gaan kla oor die manne se padgewoontes.

'n Namibiër het dit raak opgesom toe hy gesê het: "Ek voel nie meer tuis in my eie land nie."

# Persvryheid in Nigerië ingekort



Pres Babengida van Nigerië

Ade Obisesan

LAGOS - Joernaliste in Nigerië vrees dat die regering in toenemende mate op persvryheid gaan toeslaan.

Die militêre regering het vroeg vanjaar 'n nuwe wet afgekondig om die perswese in Nigerië te reguleer en terselfdertyd die Nigeriese Persraad met die Mediaraad vervang. Hierdie wye wetgewing word nou geïmplementeer.

Die nuwe maatreëls stem in talle opsigte ooreen met die beperkinge op die media in Suid-Afrika.

Joernaliste - selfs dié ten gunste van die regering - het reeds die nuwe stappe in skerp taal veroordeel.

Een van die besware is die samestelling van die Mediaraad. Die meeste lede en die president van die raad, wat uit 18 lede bestaan, word deur die regering genomineer. Volgens die wet het die drie groot persliggame slegs sewe verteenwoordigers in die Raad.

Joernaliste is ook gekant teen die wye en "drakoniese" magte van die Raad. Volgens hierdie magte kan die Raad enigiemand as joernalis registreer, sy registrasie ophef, en kan hy vervolg, tereggewys of geskors word. Die Raad kan ook "enige perseel of gebied persoonlik binnegaan" met die doel om getuienis of inligting te verkry of om enige dokumente te kopieer of enigiets wat deur die Raad benodig word te verkry.

Die wet magtig die Raad om enige persoon te dagvaar om getuienis te lewer of om enige dokument wat in sy besit is vir getuienis in 'n saak te verskaf.

Die registrasiefooi vir enige nuwe publikasie in die Lagos-gebied is deur die wet verhoog tot R30 000. (Dit is presies die bedrag wat Vrye Weekblad vir registrasie moes betaal het.)

'n Verdere bepaling van die wet is dat enige koerant wat in Lagos gepubliseer word, 24 uur vóór publikasie aan die regering voorgelê moet word.

Dit is nie die eerste keer dat die regering op die pers toeslaan nie. Verlede jaar is vyf joernaliste van die tydskrif This Week aangehou ná 'n berig oor die magstryd tussen president Ibrahim Babangida se luitenante.

Verlede Februarie is nog 'n joernalis, Chris Madu-Abrochukwu Okolie van die tydskrif Newbreed, in hegtenis geneem na 'n berig oor bevorderings in die land se weermag.

Nigerië se wetgewende vergadering het verlede maand 'n voorstel vir grondwetlike veranderings, wat die vryheid en beskerming van die pers wou verseker, verwerp. Die rede wat hiervoor aangevoer is, is dat die vryheid deur media-eienaars misbruik en gemanipuleer kan word. - AFP




Die uitgawe van This Week wat gelei het tot die aanhouding van 5 Nigeriese joernaliste

# Arabiere help rebelle teen Kaboel-regime

Gilles Bertin

ISLAMABAD - Arabiese ondersteuners is besig om al hoe meer betrokke te raak by gevegte in die voorste linies saam met Moejahedeense rebelle in die Jihad (Heilige Oorlog) teen die kommunistiese regime in Kaboel.

Volgens diplomate en ooggetuies is omtrent 600 Arabiere besig om deel te neem aan die aanval op Jalalabad, sowat 100 kilometer wes van Kaboel. Die guerrillas is nou al vir 'n maand besig om die Afgaanse regeringsvesting aan te val.

Die meeste van die Arabiere is betrokke by die pro-Saoedi-Arabiese fundamentalistiese Itihad-i-islami-party, met die Moejahedeense eerste minister, Rasul Sayyaf, as leier.

Na raming is daar ongeveer 2 000 Arabiere in die gebied.

Hulle is afkomstig van verskeie lande, waaronder Saoedi-Arabië, Soedan, Jemen, Egipte, Koeweit, Algerië en Tunisië, terwyl sommige Palestyne is.

Die Arabiese vegters wat die oostelike gebiede van Jalalabad vanaf die begin van Maart saam met die Moejahedeense soldate aangeval het, word gereeld gebruik as spesiale troepe in dié aanvalle.

"Hulle neem nie krygsgevangenes nie en is gevaarlik vir Westerlinge, joernaliste, fotograwe en noodlenigingswerkers," volgens 'n joernalis wat onlangs die gebied besoek het.

Hy het gesê dat die plaaslike Moejahedeense bevelvoerder hom van vyf lyfwagte voorsien het as beskerming teen "Arabiese aggressie" eerder as teen die aanvalle van regeringstroepe.

Die Arabiere, wat dikwels lede van fundamentalistiese bewegings in hulle eie lande is, sluit individue in wat in Afghanistan aangekom het om die Heilige Oorlog teen "kommunistiese kaffirs" (ongelowiges) te veg. Hulle word meestal van wapens voorsien deur Saoedi-Arabië.

Saoedi-Arabië ondersteun Sayyaf, met min invloed in Afghanistan, maar wat in beheer is van die geld wat meestal deur Saoedi-Arabië en Koeweit geskenk word.

Die ambassades van gematigde lande soos Egipte en Tunisië hou dié Moslem ekstremiste, wat in hulle eie lande lede van gewelddadige opposisiegroepe is, fyn dop, het die diplomate gesê.

Gematigde Moejahedeense partye sê daar is dikwels skermutselings tussen die Moejahedeense groepe en die Arabiere én tussen die Arabiere en die plaaslike bevolking.

Die plaaslike bevolking is gekant teen die Arabiere wat aan hulle probeer voorskryf hoe om die Moslem-geloof te beoefen.

Westerse intelligensie dienste het gesê die geheime diens van Pakistan steun steeds die fundamentalistiese weerstandsgroepe deur groot hoeveelhede wapens aan hulle te verskaf.

Nogtans word die optrede van die "internasionale Arabiese vegters" noukeurig gemonitor deur die Pakistaanse regering.

Die Pakistaanse regering het verlede jaar 'n guerrilla-opleidingskamp in Noord-Pakistan - wat deur Sayyaf se party beheer is - gesluit, omdat van die rekrute lede van die Moro Nasionale Bevrydingsfront was. Die Front bestaan uit 'n groep Moslem-rebelle wat in die suidelike Fillipyne werksaam is.

In die noordweste van Pakistan - waar die meeste van die noodlenigingsorganisasies wat in Afghanistan werk - gevestig is, het daar al baie voorvalle van kwaadwilligheid en dreigemente van Arabiere teen dokters en personeel plaasgevind.

Die fundamentalisties Moejahedeense groepe verwys dikwels na die hoeveelheid "Arabiese martelaars" wat in gevegte dood is, terwyl die staatsbeheerde radiostasie in Kaboel weer verwys na die ongevalle onder "Arabiese vryheidsvegters" en "reaksionêre adviseurs van Saoedi-Arabië." - AFP

# Zambië volg menslike program teen Aids

Colleen Lowe Morna

'N PLATTELANDSE hospitaal in Zambië het 'n nuwe program ontwikkel om sy Aids-pasiënte te behandel wat vir die Weste 'n les kan wees. Die afgelope twee jaar word Aids-pasiënte die geleentheid gegun om by die huis behandel te word. Die hospitaal het 'n oorweldigend positiewe reaksie daarop gekry.

Die hoeveelheid pasiënte wat by Chikankata, 'n Heilsleër-hospitaal 130 kilometer van Lusaka af, behandel is, is nie bekend nie. Die hoof mediese beampte by die hospitaal, dr Ian Campbell, sê dat 95 persent van die pasiënte verkies om by die huis behandel te word bloot omdat "plattelandse pasiënte in Zambië dit verkies om by die huis dood te gaan".

Die program, waarvolgens 'n hoogs gekwalifiseerde mediese span die pasiënte vanuit die sendinghospitaal behandel, maak gebruik van "die belangrikste samebindende krag in die Afrika-gemeenskap, naamlik die uitgebreide familie," het Campbell gesê..

Dit is dus 'n model wat ook op ander plekke in Afrika toegepas kan word, en verreikende gevolge vir die Weste kan inhou.

Volgens hierdie program word 'n pasiënt wat as HIV-positief gediagnoseer is deur 'n dokter en 'n maatskaplike werker privaat behandel. Klem word daarop gelê dat Aids nie deur alledaagse kontak versprei kan word nie, dat daar geen bekende geneesmiddel voor is nie en dat die behandeling vir algemene infeksies net sowel tuis kan geskied.

As die pasiënt eerder huis toe wil gaan, is die volgende stap 'n "beplande ontslaning", waarvolgens die pasiënt met behulp van die raadgewer die diagnose aan die familie verduidelik.

Dit is een van die belangrikste beginsels van die program en vorm deel van die tweeledige anti-Aids-veldtog wat deur die hospitaal begin is. Dit onderskryf ook die lang termyn voordele van tuisbehandeling.

Die hospitaal het al verskeie navrae van dwarsoor die wêreld ontvang en beplan 'n seminaar-sentrum waar hierdie besonderse benadering van naderby bestudeer kan word. - New African

**Vrye Weekblad**

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ..............................................

Naam: ..............................................

Adres: ..............................................

..............................................

..............................................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**

# Ontwykende Vaalseun begeester kunstenaars!

**DIT maak die hart bly om te sien dat die oorspronklike Vaalseun soveel mense kon aanspoor om oorspronklik te raak, want die inskrywings vir ons Teken FW-kompetisie stroom in.**

**Daar is altesaam R600 te wen in die kompetisie en spotprenttekenaars het nog net tyd tot 15 April om die ontwykende Vaalseun te probeer vasvat.**

**Stuur inskrywings aan: Teken FW-kompetisie, Posbus 42637, Fordsburg 2033**




**FW bewonder Verwoerd se standbeeld, deur NM Pohl van Lynnwoodrif**



**'You Cassius hath a lean and hungı look.' Chip Snaddon van Observatory se inskrywing**

**Regs: FW se skaduwee . . . deur Coenraad Botha van Woodstock**






**G Cooper van Hogsback se inskrywing**

**Regs: FW deur Ian Opperman**





**Links: Ek't niks te sê nie (ek't nog niks gehoor ook nie), deur Adriaan Aucamp**

Vrye Weekblad

## Die Demokratiese Party

Die Demokratiese Party word môre (Saterdag) amptelik gestig. Dit is 'n belangrike gebeurtenis in die politiek van Suid-Afrika.

Ons hoop die party sal ná die naweek die strydbyle begrawe. Dit is 'n opdraande stryd wat voorlê om van dié party 'n mag in die politiek te maak, en as die dwarstrekkery voortduur, sal hulle nêrens kom nie.

By 'n party wat 'n beroep op die rede eerder as emosie doen, kan natuurlik nie verwag word dat alle ondersteuners dieselfde sal dink nie.

Maar hoe is dit dan dat die regses, ten spyte van die geweldige verskille tussen groepe soos die AWB, die Konserwatiewe Party en die Volkswag, tóg 'n eenheidsfront handhaaf en aan die linkerkant van die spektrum is daar 'n ewige gebieker?

Ons hoop die leierskap van die nuwe party sal sterk leiding in dié verband neem. Dit is beter om 'n klompie mense te verloor en 'n lewenskragtige, eensgesinde party te hê as om so aan te gaan soos die drie lidpartye die laaste paar weke gedoen het.

Ons hoop die beleid en strategie van die party gaan behoorlik uitgestippel word op die stigtingskongres.

Ons hoop ook dat die leierskorps vas sal staan teen verwagte druk dat die party ook aan die verkiesings in die huise van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes moet deelneem.

Dit sou 'n groot fout wees. Dit sal die party, wie se belangrikste bestaansrede sy oorbruggende rol tussen parlementêre en buite-parlementêre partye is, in konfrontasie met die breë anti-apartheidsbeweging plaas.

Ons stem saam met die argument in dié kringe, naamlik dat blanke Suid-Afrikaners 'n lang parlementêre tradisie het en dat dit daarom sin maak dat die DP wel aktief in die Volksraad is - en dan ook net om die driekamer-parlement ongedaan te maak sodat dit met 'n parlement verteenwoordig van al die land se burgers vervang kan word.

## Kom luister!

Vrye Weekblad en Shifty Records se Voëlvry-toer van nuwe Afrikaanse musiek het dié week begin. In die volgende twee maande sal Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band, André Letoit en Bernoldus Niemand en die Swart Gevaar met hulle Boere-rock deur Suid-Afrika en Namibia toer.

Die nuwe musiekbeweging is belangrik vir die Afrikaanse taal. Baie mense beskou dit as die eerste werklik "bevryde" musiek in Afrikaans. Ook omtrent tyd dat Afrikaanse musiek breek uit die soetsappigheid waarna ons al so lank moes luister.

Maar die Voëlvry-mense se musiek dui ook op 'n belangrike politieke en sosiale ontwikkeling. Wat die musiek anders en nuut maak, is die lirieke. Dit lewer byna deur die bank kritiek op die huidige bestel en houdings.

Ons wil al ons lesers, jonk én minder jonk, aanmoedig om na die konsert in hul kontrei te gaan luister.

Dit is lekker om dit weer 'n slag te geniet om Afrikaans te wees.

## So sê hulle . . .

"Ons skiet die hel uit hulle uit." - Kierie du Rand, woordvoerder van die SWA-polisie, oor die skermutselings met Swapo-insurgente.

"Ons sê te hel met die Veiligheidsraad - laat dié here as boss-boys van Swapo hulle wonde lek." - Die AWB in Windhoek.

"Moet asseblief tog net nie Vermaas se vliegtuig gebruik nie." - Pik Botha aan Johan Papenfus, aan wie 'n vakansie belowe is.

"Ek het hulle jammer gekry omdat ek besef het hulle leef in haglike omstandighede." - Clinton Murray, wat ses slange uit die Pretoriase dieretuin gesteel het.

"Okay boys, luister mooi. Beweeg stadig vorentoe. Wanneer ek die bevel gee, vuur dan totdat ek die bevel gee: staak vuur." - Kol Jumbo Smit van die SWA-polisie aan sy manskappe, wagtend op Swapo-demonstreerders.




BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Godfather teen Godfather & Son

**The Godmother van Parktown skryf:**
Dis een van die tradisies van die Afrikaanse Letterkunde dat alle debatte tussen mans gevoer word. Nou is ek, ondergetekende, goed opgevoed in die Katolieke tweedeklasstatus van die vrou. En, as Godmother, weet ek wanneer om stil te bly as die broeders praat. Maar wat te erg is is te erg.

Ek wil sê: "It takes a godfather to spot a godfather". Dié van ons wat gesout is in Mafia-prosedures herken dadelik ons gelykes.

André Brink is 'n ou bekende in Siciliaanse kringe en sy Lamborgine staan gereeld ook op die verkeerde (vir ons natuurlik regte) plekke geparkeer. As die eerste rondte van hierdie debat (volgens André Brink gaan dit nou 'n "deKat" word) se naam "preemptive strike" is, dan sê ek as gesoute Godmother dat Brink die rondte loshande gewen het.

Eers verklaar hy van Olivier se rubriek dat dit 'n "pre-emptive strike" is, dan kondig hy sy rubriek in De Kat aan en as dié nog skaars verskyn het, maak hy vir die volgende een voorpropaganda. Wie kan aan so 'n debat deelneem?

En as jy deelneem, stel jy jou bloot aan die beskuldiging dat jy 'n lid van die Mafia is. Buitendien is die deelnemers klaar uitgewys: Brink, Olivier, Liebenberg. GODFATHER teen GODFATHER & SON.

Die repliek op die April-rubriek is klaar aangekondig, deur Brink. Alle verdere deelnemers is òf aan die een kant òf aan die ander kant. Ek het laas in Chicago sulke voorafbeplande GODFATHER-gevegte gesien.

Om jou teenstanders uit te wis sonder om hulle name te noem, is 'n ou Mafiategniek: skiet eers, kyk dan. Ofte wel, in Rosettenvillese Afrikaans: "Gooi 'n klip in die bos en kyk wie tjank..... "

Maar ek hoop hy (di Liebenberg) sal uit hierdie brief agterkom dat ek heeltemal bereid is om name te noem as en soos dit benodig word... in elk geval is die mense vinnig besig om hulle self te identifiseer." (VW 31.03.89, bl 13)

Laat ek die lesers tog waarsku hier vanaf my stoepie in die noorde: die Mafia, maak nie saak watter seksie nie, hou nooit debat nie. In die Mafia gaan dit altyd om GOLF.

Dit is my, Mama, se kodewoord vir die GROOT OPENBARE LITERêRE FIGURE.

Ernstige skrywers, entoesiastiese studente, nadenkers en ander nuwelinge: bly tuis, steek julle pistole terug in julle sakke en laat die Godfathers dit uitbaklei. Oor 'n paar weke sal ons sien wie nou bo-op die GOLF sit en dan kan ons weer herverdeel, soos die tradisie van die Afrikaanse Letterkunde voorskryf. Ons deel immers almal dieselfde gesonde kulturele belangstelling: vinnige en duur Italiaanse of Duitse motors.

Vir die wat nie wil deelneem nie, vir die wat wil uitskei, onthou by Mama is daar altyd nog 'n lekker pizza. Hieroor het die Mafia geen sê nie.

As die literêre lesers van VW nie my goeie trou wil aanvaar nie. (ek is, "after all", 'n Italiaanse immigrant), beskou my dan maar as die "Fairy Godmother". Die "groep" die "leier" en die "taktiek" is in elk geval alles spekulasie sonder enige bewyse feëverhale.

Alle Mafia-ingewydes weet: GODFATHERS werk nie met bewyse nie - dis veels te gevaarlik! Selfs al is hulle ook maar net tweedehandse Marlon Brando's.

### Wat pla Brink?

Wilhelm Liebenberg van Wits skryf:
André Brink skryf in sy brief in Vrye Weekblad (31.3) dat hy "met graagte" op my uitdaging tot 'n debat antwoord. En dan sluit hy af deur te sê hy "hoop dat dit tog 'n debat kan word waarby ook die bevrydingstryd teen apartheid kan baat". Hy beantwoord egter nie my vraag nie.

My uitdaging het gegaan om dit wat hy oor my resensies in Vrye Weekblad te sê gehad het. Ek het gevra dat hy sy vae aantygings van 'n "eng stalinistiese programmetjie" verduidelik en dan wys waar in enige van my resensies daar van so iets sprake is.

Dit doen hy nou juis nie. Wat Brink in sy antwoord doen, is om te kere te gaan oor die taktieke van 'n groepie waarvan ek nou glo lid is sonder dat ek self ooit daarvan bewus was.

Oor die bestaan van so 'n "groep", is dit myns insiens nie sinvol om verder te stry nie; dis onsin en Brink sal ook niks kan bewys nie. Fassinerend soos sy verregaande spekulasies ook mag wees, bring dit mens niks nader aan die "verantwoordelike debat" waarom hy self vra nie.

En selfs al was daar 'n groep, verstaan ek nog nie waarom dit 'n verskoning sou wees vir Brink om nie op 'n eenvoudige vraag te antwoord oor wat hom nou so pla omtrent my resensies nie. Nou vra hy uitstel. Waarom?

As hy so ewe dinge kan kwytraak in Vrye Weekblad geskryf het, waarom kan hy nie ook in Vrye Weekblad kom verduidelik nie?

Kan Brink nie maar, ter wille van die "verantwoordelike debat", die skyn van duistere motiewe trotseer en aandag gee aan dit waaroor my aanvanklike vraag was nie.

Laat hom kom met konkrete illustrasies as hy kan; laat hom die sinne in my resensies aanhaal wat dan nou vir hom so 'n bedreiging inhou.

Ek sou graag wou sien of Brink, wat so maklik praat van 'n "eng stalinistiese programmetjie", kan kom met argumente wat iets werd is.

### Verkeerde teikens

**Barend J Toerien van Kaapstad skryf:**
Die NP, die Konserwatiewes, en die AWB is in die regterhoek in mekaar se hare; die "demokratiese baba links lyk nie of hy die kraaminrigting sal kan verlaat nie, weens die strydende ouers.

En nou, so wraggies hier is die Professore Doktore Brink en Olivier in die letterkundige bokskryt aanmekaar. Mens kan sê, don't worry, be happy, dis maar net weer die Boere-Krankheid, hoe nader aan mekaar, hoe woester waai die haar - maar dit stem tot treurigheid.

Olivier en Brink is ons voorste letterkundiges, die twee - die enigstes? - met die beste insig in publikasies, en albei uitgesproke anti-establishment, dws apartheid.

Albei weet maar te goed dat die grootste vyand apartheid is: dws letterkundig kultuur-gesproke, die "behoudenes" - die oogtoemakers-alles-is-ene-rooi-papawers elitiste; die ekwiwokatiese NG Kerk; die direkteure (van koerante, tydskrifte, uitgewerye) - Dáár, dáár tog is jul teikens!

Dit skeel my min of die ANC vir ons lag; "benieuder" is die gegiggel rond-en-om van die ondergrawers van Afrikaans, van hulle wat ons taal as irrelevant beskou.

Meer briewe op bladsy 14

# Rooi Rassis is nou Kameraad Aquila

MIN blanke Suid-Afrikaners wou in 1976 glo dat die polisie skandelik amok gemaak het in die townships soos Soweto en Alexandra, of dat die aantal mense wat gesterf het, veel hoër was as wat amptelik toegegee is.

Nou is die "held" van 1976, en seker een van die mees gehate (in die swart gemeenskap) polisiemanne nóg in Suid-Afrika, brigadier Rooi Rus Swanepoel, aangestel as die AWB se "veiligheidshoof" en dus baas van Aquila.

Dít, liewe vriende, is die ware gesig van hierdie deurweekte rassis. Dit is hy wat julle blanke beskawing in 1976 en later teen die gruwelike aanslae van die agitators en kommuniste beskerm het. Laat dit julle nie wonder oor die amptelike inligting wat met die eerste Soweto-oproere uitgegee is nie?

* Hoeveel Rooi Russe is daar nóg in die polisiemag?






**Dít is wat 'n burgeroorlog aan 'n land doen. Dié foto is by die Vrolike Vinkies-kleuterskool in Windhoek se "fancy dress"-kompetisie geneem. Die meeste seuntjies het in militêre uniform opgedaag. Die foto kom uit die Times of Namibia.**

## Hoesê? Naturelle?

'n Kollega van Bittergal het pas 'n kort toer deur Kanada onderneem. Hy vertel hoe geskok hy was toe daar op 'n konferensie vryelik na die "natives" verwys is, menende die Indiane.

Dit het hom laat terugdink aan die dae toe swart Suid-Afrikaners nog "natives" genoem is - en dit met "naturelle" vertaal is. Dan word daar nog gepraat van die "native reserves" ook synde die gebiede waarin tradisionele Indiane woon. Genoeg om enige Boer die kriewels te gee.

Maar in Kanada noem die Indiane hulself ook "natives", en die korrekte hedendaagse Afrikaanse vertaling is seker "inboorlinge". En daarop is die Indiane bitterlik trots: hulle was eerste daar. Nie dat dit hulle veel help nie - hul lewenstoestande as 'n groep is uiters haglik vergeleke met die van wit Kanadese.

## Waar is Connie nou?

Dieselfde kollega het nogal vir oorlede Connie Mulder gemis toe hy in Kanada hoor dat die Franssprekende minderheid in dié land tot 'n "distinct society" verklaar is.

Wat sou Connie, 'n man wat wonderlike goed soos "plurale ontwikkeling" uitgedink het, nie met "distinct society" kon gemaak het nie?

* Sal ons nie maar die ver-regses tot 'n "distinct society" verklaar en vir hulle 'n droë ou tuislandjie gee nie?

## Studente-protes

Die studente aan Afrikaanse kampusse se gelate aanvaarding van die universiteitsowerhede en die staat se beperkinge op hul eie vryheid by dié instellings van hoëre geleerdheid is bitter teleurstellend.

Soos die Potchefstroomse verbod op Vrye Weekblad se Voëlvry-konserttoer en RAU se verbod op enige optrede deur André Letoit.

Laat 'n mens dink aan 'n grappie in vanjaar se Wits-joolblad oor 'n Afrikaanse student wat ná 'n partytjie homself teen 'n lamppaal verlig.

"Sit dit weg en hou onmiddellik op!" skreeu 'n polisieman wat verbyloop vir hom.

Die student het sy gulp toegemaak, en toe die konstabel wegloop, bars hy uit van die lag.

"Hoekom lag jy?" vra sy maat.

"Want ek het dit teruggesit, maar nie opgehou nie!"




**Soos verlede week belowe, plaas Brolloks en Bittergal dié week nog 'n inskrywing van die 7-jarige Neil Horn van die Strand vir die Teken FW-kompetisie.**

* Is dít tipies van wat 'n Afrikaanse student dink is protes?

## Hier kom 'n ding

Die storie uit Tuynhuis is glo dat PW vir dié om hom laat verstaan het hy gaan nog groot dinge doen voor September. Glo bang die volk en die geskiedenis onthou hom net as die siek ou man wat nie wou padgee nie.

* Kan hy dalk van Mandela praat?

## George en James

Die arme George Bush kan min dinge reg doen. Elke tweede grap in Amerika is deesdae oor sy onkunde en onvermoë as president. Soos dié een:

What do you get when you cross James Dean with George Bush?

A rebel without a clue.

# Consulitis: 'n nuwe aansteeklike gedoente wat rondgaan

VRINDE, so tussen ons nou, ek het Miesies Klaagvoort op die senuwees. Dis nou nie dat die ou bees nie faithful and dear to me is nie, soos die digter dit gestel het; dis net hierdie nuwe aansteeklike gedoente wat so rondgaan en haar nou ook 'n slag bygekom het.

Consulitis, sou ek dit noem. So 'n soort mangelontsteking van die politieke selle, julle weet. Die British Consulate Six se afskeidswoorde aan haar Brittanic Majesty se konsul was nog nie behoorlik koud nie, of Miesie K sit af na haar geliefkoosde konsulaat.

Piekniekmandjie mooi gepak en als, dis resessie en die eeu van gasvryheid is nie standhoudend nie. Dis nie lank nie of Egbertus se beste en getrouste slaaf het haar ingerig in die voorportaal, niks verkeerd daarmee nie, gebeur met die heel belangrikste ook. En dit eis 'n rybewys. Die eerste gefaalde toets was oor die hoëhakskoene, die tweede oor die nare beampte se halitosis wat haar laat aanhou regs swenk het op die verkeerdste tye.

Dis mos waaragtig ongeregtigheid, acts of god, kan jy maar sê, en uit die aard van die saak moet haar gunsteling konsulaat in die bresse tree. Maar watwou, toe die termosflessie leeg is, word daar nie eens tee aangebied nie. Om van televisie en bedtime stories nie te praat nie. Toe kom dit maar terug.

Die konsul meen glo dat haar saak nie so verdienstelik was as wat sy dink nie: hy sê dis so goed as wat 'n aangehoudene daar inval met die eis dat die minister afgekoop word. En dis net mooi onmoontlik, soos julle almal weet: die minister laat hom deur vlok-all afkoop.

Die feit dat hongerstakers en 'hospitaal-ontsnapdes en ander beswaardes so vryelik rondbeweeg, is heel toevallig. Sien; hulle was almal net mooi op die punt om bevry te word. Deur clairvoyance wat dié van vergete Kobietjie, lesser known officer of the government, so te sê ewenaar, het net die regte kêrels op die regte tyd ontsnap. Te pragtig, dit spaar soveel papierwerk.

## Boerseuns teen antichris?

Kyk uit vir Mister Rugby Football by vreemde konsulate. Die goeie Kaapse Doktor het mos 'n lewenslange oog vir die gaping. Nou wil dit lol met die Rooi Gevaar.

Nee kyk, wat te erg is, is te erg. Kan ons nou werklik toelaat dat goeie boerseuns teen die antichris op die rugbyveld draf? Doc Craven meen so 'n exercise sal glasnost en perestroika ontwikkel. Watse gedoentes is dit? 'n Nuwe soort losskrum, of dalk 'n Siberiese weergawe van die rolling maul?

Egbertus voorsien swarigheid om 'n span locals bymekaar te maak. Die Maties word mos gewoonlik net so teen die toerspanne ingestoot, maar wat sal Rektor de Vries sê? Hy het omtrent oorgevries oor kontak met die ANC, en dié is mos maar glo kop in een mus met die Rooibontes van ver, ver oorkant die Vaal. Wat nog te sê van die Real McCoyski.




Beter plan is dalk om in Lusaka te gaan speel, of Moskou. Pasop net, manne, onthou gerus wat het met Napoleon en Hitler se spannetjie gebeur toe hulle die Mother Country in die winter wou aandurf. Julle sal meer moet kan uitrig as om 'n gaping te kan vat, en dit nadat julle tonge uithang van kringe hardloop om Prof de Vries. Vries julle nie sommer hier vas nie, dan verys julle daar. Nazdrovye.

## Beste entertainment

Sy Edele A Ragsbansjo is alweer besig om 'n kolossale pampoen van homself te maak. (Dis dié soort materiaal waarmee die Volksheld hom omring, moet ek julle herinner.)

Sy Edele, bekende voormalige persoon, het pas te hore gekom dat sy heldedade, soos dié van Caeser en Robin Hood, in 'n toneelstuk verewig gaan word. The James Commission heet die stuk, en dit beloof om die entertainment van die dekade te wees, beter nog as Betsie Verward op haar simboliese blanke os.

Sy Edele bied toe mooi aan om - soos Bles Bridges - self die hoofrol te vertolk. Hy meen hy kan 'n skewe politikus beter speel as 'n professionele akteur.

Haai, hy het seker 'n punt beet. Jarelange oefening, sien. Liewe herrietjie, is daar aan vermetelheid geen einde nie? Dat sy aanbod van die hand gewys is, is nie verbasend nie: hy kon nie eens by die teks van die Grondwet bly nie, geradbraak soos dit mag wees, wat nog te sê van sy getuienis voor die kommissie.

En boonop wil Sy Edele sy naam in die Guinness Book of Records (of is dit nou Criminal Records?) kry omdat hy vyftien dae lank in die getuiebank moes deurbring.

Gryp jou dit aan, die fyngevoeligheid van die vent: om jou daarop te roem dat jou wandade langer geneem het om op te noem as dié van enigeen voor jou. Voorwaar 'n blakende voorbeeld van Skoon Administrasie.

'n Laaste proeseltjie oor die toneelstuk, vergewe tog, maar Miesies Klaagvoort en ek rol van die lag: die rol van Madam Ragsbansjo word gespeel deur... 'n man! I kid you not. Wat verhoed dan dat Sy Edele self deur 'n vrou gespeel word?

Vrinde, julle word met trane in die oge genooi om te skryf met julle eie voorstelle oor wie die rol van Sy Edele behoort te vertolk. My persoonlike gunsteling is Madam de Klerk.

Sy sal die Indiërs net fyn moet dophou, hulle kan immers nie vertrou word nie.

# Kalmeer asseblief, professor

**J Cronje van Brixton skryf:**
Net toe dit lyk of die oorlog van professortjie Hambidge van êrens teen Gerrit Olivier oor is, moet ons in die blaaie van VW (17 Maart 1989) sien dit word voortgesit deur die Hoë Priester self, professor André P Brink van Grahamstad.

Die geagte professor daal self na benede uit sy ivoortoring vanwaar hy nou al donkiejare in die glorie van establishment se darling afdwaler baai om persoonlik te kom toestemming gee aan Olivier dat hy "die eerste sal wees wat sy veranderde gesindheid (sal) loof."

Professor Brink, in 'n land waar patronisering die orde van die dag is, dink u nie hierdie is die ultimate nie?

Ek ken Gerrit Olivier slegs aan televisie verskynings van tyd tot tyd en aan wat hy skryf. Dit is dus nie 'n geval van groeplid Z verdedig groeplid X wanneer laasgenoemde bygekom is nie.

Kalmeer asseblief, los die paranoïa en leer by die volgeling aan u voete, Joan Hambidge dat u besig is om te projekteer.

Ek stel voor dat u u by die glaserige bladsye van De Kat bepaal, want dit is dáár waar u lig skyn.

## Demokrate gedoem

**Mauritz Moolman van Troyeville skryf:**
Ek is bly Kate Prinsloo, die "liberale" boerin van Pretoria, lees ook Vrye Weekblad (Briewe, 17 Maart) want ek het iets dmv Vrye Weekblad aan haar te sê ná tant Argus so 'n tydjie terug 'n belowende pennestryd (oor haar vreugde oor die dramaties-demokratiese partytjie) tussen ons kortgeknip het.

Ek het geskryf die nuwe "demokrate" kan maar vergeet want hulle het nie geloofwaardigheid nie en sy het laat weet ek kan maar vergeet want ek ly aan die klaagkoors wat blykbaar hoofsaaklik die liberale aantas - 'n politieke aids. Dit was dit.

Voor die sappigheid wil ek eers met Kate oor haar frustrasie met Ken Owen medelye betuig. Ek het in die dae van die Rand Daily Mail vir die hoofpropagandis van die vrye mark vir sommige wittes en die seuntjie

Vervolg van bladsy 12

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

van 'n bevoorregte ambagsman gewerk.

Sy base kan, soos 'n sneller van Marocco Swallows, hom maar gerus weens sy kwasi-liberalisme doel. Die probleem is net dit: Wie is meer liberaal, Owen alles, insluitend die mark vir liberale begrippe, of sy base? Die antwoord ontwyk.

Die belangrikste oorweging vir die nuwe demokrate is om geloofwaardigheid by die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking te kry. Solank dit 'n slegs-blanke partytjie is, met 'n "token" Indiër of twee, en die partytjie net (in die oog lopend) deur 'n groepie tweetalige rykes bygewoon word, is dit gedoem - nes die voormalige, eentalige PFP.

Ek het met die 1987 verkiesing wit gesiggies in 'n hoofsaaklik swart gebied uitgesoek (in Nasionale Opdrag) om vir die gedoemdes te stem, maar kon bra min opspoor. As boerbulle weier om te glo dat die blerrie Sunday Times se vasbytende Jani Allen 'n gevaar is vir die Groot Karwats met die tweemaal ingeduikte BMW, hoe gaan jy hulle oorreed dat swartmense se aktiewe en betekenisvolle politieke deelname die sleutel hou tot ons land se toekoms?

Sluit aan by die demokratiese front. Skuus, dis verbied. Ek bedoel die (verenigde!) Demokratiese Party - no way.

## Bewaar ons land

**B van der Eems van Stellenbosch skryf:**
Bewaar hierdie land soos dit is. Moenie dat die kommuniste, terroriste, nasionaliste, liberaliste, impressioniste, nudiste, Swapo-iste, die hippies, die stoere boere of enige snaakse ding die land oorvat nie!

## Kulturele bord kos

**Johan de Lange van Pietersburg skryf:**
Ek koop toe vir my 'n Vrye Weekblad. Eintlik net vir die doel om lekker te lees.

Meneer, dit was 'n kulturele bord kos wat ek terdeë geniet het. Die spyskaart wat internasionale disse bevat het, was nie alleen voedsaam nie, maar daarby lekker (dit bly lekker) om te lees.

Net die regte pitkos vir ons Afrikaners wie se trots nog vir ons iets werd is, en nog vashou aan die erwe van ons vaders, nieteenstaande die aanslag van hierdie liberale regering om dit te verkwansel vir 'n karos en 'n knopkierie.

Doet so voort meneer. Ons het koerante soos die Vrye Weekblad nodig.

## Hoogverraad

**Dr PJD Lourens van Roodepoort skryf:**
As dit waar is dat die regering sedert 1986 kwik-besmette afval in die land toelaat en nou die deure vir ander lande se gifstowwe wyd wil oopgooi, beteken dit gewoon hoogverraad.

Met sy apartheisbeleid het die regering sedert dág en datum bewys dat hy nie 'n flenter vir die land se toekoms omgee nie. 'n Mens moes dus seker die jongste kriminele stap verwag het.

'n Mens kan net hoop dat die publiek sterk op die onverantwoordelikheid van die owerhede sal reageer.

## Harry 'n draadsitter

**David Kessler van Belville skryf:**
Op 14 Februarie 1989 het ek die ingeslote skrywe aan die Redakteur van The Argus Kaapstad gerig. Die brief is tot dusver nie geplaas nie en ek twyfel of dit ooit geplaas sal word.

Of hulle met my saamstem al dan nie maak nie saak nie, maar ek vermoed dat tussen Harry Schwarz en The Argus-groep daar 'n hegte band is.

Elke dag word Harry in The Argus aangehaal, artikels van en onderhoude met hom verskyn gereeld. Die geringste uitlating deur hom word geplaas.

Die feit dat hy aanhouding sonder verhoor en die noodregulasies goedpraat, word verswyg. Die feit dat hy 'n medalje van die staatspresident ontvang het, waarin, so verstaan ek, melding gemaak is dat hy - al is hy 'n lid van die opposisie - sy vaderland steun, asof enigeen wat die regering kritiseer "verraaiers" is.

Harry sal nooit die polisie of weermag kritiseer nie, wat hy ook al mag doen. Hy spreek hom nie uit oor die Groepsgebiedewet, Bevolkingsregistrasie, Rasseklassifikasiewette, persbeperkings óf die gedwonge verskuiwing van miljoene swartes teen hulle wil nie.

Ek ken Harry van aansien alleen. Hy is 'n draadsitter par excellence. Indien hy in die Demokratiese Party opgeneem word, sal dit 'n groot terugslag wees.

Hier volg my brief aan The Argus:

If the Democratic Party cannot accommodate that fearless fighter for Human Rights. Mr Jan van Eck, then it can write itself off as soon a non-starter.

Those of us - and there are many - who have followed Van Eck's political career admire and applaud his courageous stand on detention without trial, Group Areas, Race Reclassification, Population Register, resettlement of millions of Blacks etc. He represents the feelings and conscience of the whites who care.

The conservative wing of the PFP led by Harry Schwarz has hounded Van Eck since he was elected to Parliament. Schwartz will not condemn detentions without trial or the state of emergency. He will not commit himself on issues such as the Group Areas, resettlement of Blacks etc.

If Van Eck is refused admission to the Democratic Party, I and many others will have nothing to do with that party which will then be nothing but an extension of the National Party.

## Oorweeg dié moontlikheid

**Gerrit Olivier van Brixton skryf:**
André P Brink sê ons moet op die Mei-nommer van De Kat wag vir meer inligting in verband met die mafia/staliniste/noordelike groepie oor wie hy so 'n bohaai maak. Intussen beweer hy in sy brief in VW van 31 Maart alweer iets nuuts, naamlik dat ek die "leier" van sy "groepie" sou wees.

Dit raak lagwekkend.

Daar is 'n ander, minder sensasionele moontlikheid wat Brink kan oorweeg as hy weer 'n glas wyn drink: dat 'n hele aantal mense in hulle individuele hoedanigheid kritiek teen hom en ander skrywers het. Is so iets vir hom ondenkbaar?


**Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES**

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne (011) 836-7236, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033**

## Persoonlik

Pos asseblief onmiddellik R90 000 aan dié adres: Posbus 42637, Fordsburg. Baie dankie.

Eensame man van Melville soek jong skaap (of enige ander huisdier) vir geselskap. Sal tot R8 betaal. Skakel Blikkies by 726 2353.

Moenie dink Wat is die Nuus bestaan nie meer nie. Julle moet net spaai. Ja.

Greensleeves: Kyk uit vir rooibaard op die gebruiklike hoek in Yeoville

Gevind! Een gebroke hart. Nie te koop nie. Maar op HP vir enige psigopaat wat dit nog verder wil verwoes. Bel Janie du Plessis.

Die ondergetekende oud-Maties maak beswaar teen die behandeling wat die Matie-afvaardiging na Lusaka met hul terugkeer ontvang het. (23 handtekeninge).

Bibi: Moenie die rose vergeet nie. Liefde, Malmens.

Die Takhare vir Vrede sê die wraak van die goeie aarde wag op ons almal as die regering voortgaan om giftige afvalstowwe in te voer.

Welgestelde man van 88 soek die geselskap van jong dames tussen 10 en 12 jaar oud. Lekkergoed beskikbaar by aankoms. Bel vir Jorrie Venter Tel 666

## Woonplek

Hillbrow: Luukse-woonstel met een en 'n half slaapkamers en een en 'n half badkamers. Noord-aansig, sekuriteit en parkering. R45 000. Skakel Janet by (011) 648 6778 of 880 5707.

## Dienste

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001.

Jacob Regop-kapsules: Help om verlore energie terug te plaas deur die voedingsvitamines wat vir normale liggaamlike funksies vereis word, te verskaf. Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules aan: Emcor, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel: (021) 551 4360.
Ook verkrygbaar by jou naaste apteek.

## Gebeure

Jodac: Maandag 10 April, Congregational Church, De Kortestraat 75, Braamfontein. Die Wit Gemeenskap. Spreker: Gavin Evans en ander.

Onthou die Voëlvry-konsert vanaand (Vrydag) by Wits.

Solidariteitsdiens: by die Bloekombos-plakkerskamp by Kraaifontein, Kaapstad op Sondag om 3:00nm. Gereël deur die Surplus Peoples' Project.

Nelspruit/Witrivier: Demokratiese Party se stigtingsvergadering 17 April. Navrae: J Bramley (01311) 33841

Die Leonard Rayne-laataandvertoonkas: eerste vertoning "Jo'burg Follies" vanaf 5 - 28 April op Woensdae, Donderdae en Vrydae om 10.45 nm. Toegang: R10. Skakel (011) 805 2805/6.

## Mark

Gesoek: Yamaha XT250 of XT500. Bel Anton by (011) 726 1764 of 836 7236.

Te koop: Opreggeteelde Duitse herdershondjies (ongeregistreer), ingeënt en ontwurm. Afstammelinge van nie-rokende, progressiewe reun en teef met uitstekende temperamente. R225. Skakel (011) 403 3600 x 246 (w) of 726 3797 (h).

Street Records: Vir die beste in progressiewe, nuwe musiek. Kom kyk self by Noswall Hall, Stiemensstraat, Braamfontein, of maak gebruik van ons posbesteldiens. Tel: (011) 339 1643.

Victor soek 'n betroubare tweedehandse wasmasjien. Skakel (011) 487 1433..

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte klere vir vroue en mans in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615.

## Werk

Die Leonard Rayne-Laataandvertoonkas se mikpunt is om aan jong kunstenaars en skrywers die geleentheid te gee om hul talente ten toon te stel. Enige aspirant-kunstenaars, skrywers en musikante wat van die geleentheid wil gebruik maak, moet Debbie Batzofin skakel by (011) 805 2805/6.

**Skakel Gwynne Wray by (011) 836 7236/7/8/9 om in dié kolomme te adverteer.**

Kaalvoet op die water ...

# Kyk ma, geen ski's!

**Charles Leonard**

FRANZ KIRSCH ski al 15 jaar lank met sy kaalvoete op die water.

As president van die Wêreld Waterski-unie se Kaalvoetski-raad is hy op sy sesde besoek aan Suid-Afrika. Hy is hier saam met 'n Australiese span wat die wêreld se springkampioen Rod Trevillian, en die rekordhouer in die springnommer, Dodd Dwyer insluit.

Die span neem die naweek in Kimberley en volgende naweek op die Vaalrivier by Vereeniging teen 'n Suid-Afrikaanse kaalvoetski-span deel.

Kirsch het 27 jaar gelede as gewone waterskiër begin. Omdat waterski 'n baie duur sport is en hy nie baie geld gehad het nie, het hy by 'n klub begin waar hy die klubhuis en die boot skoongemaak het. Daarna het hy die boot bestuur en só ski-ritte verwerf. Dit was in sy tuisdorp, Trier, op die Moselrivier.

Dit het só goed gegaan dat hy vir die Wes-Duitse waterski-span gekies is.

In 1969 was hy in Amerika vir afrigting en het hy vir die grap aan kaalvoetwaterski deelgeneem. Net daar het die gogga hom gebyt.

Behalwe dat jy met waterski hout of plastiek onder jou voete het, en nié met kaalvoete ski nie, is daar nog ander verskille tussen die twee.

Die snelheid waarteen die boot jou trek, is vinniger en die leermetode verskil.

By sy ski-skool leer Kirsch sy leerlinge uit die staanspoor hoe om kaalvoet te ski.

Die fisieke stremming op 'n deelnemer is nie groter as in enige ander sportsoort nie. Dit kou ook nie jou voete nie.

'n Mens gebruik egter spiere in jou voete wat andersins nie eintlik gebruik word nie. Die water tref die middel van die voet. Na 'n paar keer verdwyn die aanvanklike spierpyn en die voet raak gewoond daaraan.

"Kaalvoetski is 'n besonder gesonde sport omdat die druk op jou voete die bloed in jou liggaam aan die vloei hou."

Is kaalvoetski gevaarlik?

"'n Duidelike NEE. Sedert 1982 was daar nêrens in die wêreld enige ernstige ongeluk nie."

Kirsch was sedert kaalvoetski se beginjare baie nou gemoeid met die opstel van internasionale reëls. Veiligheidsmaatreëls is nog altyd hoog op die prioriteitslys.

Omdat valle 'n baie belangrike deel - dit lok die toeskouers - van kaalvoetski is, word beginners uit die staanspoor geleer hóé om te val.

'n Groot deel van die opleiding vind, snaaks genoeg, op droë grond plaas. Dit is hier waar skiërs die tegnieke leer. Nabootsers word gemaak.

Beginners word gewoonlik teen 'n snelheid van 55 km/h deur die boot getrek. In wedstryde wissel die spoed tussen 60 en 70 km/h. Teen meer as 80 km/h begin die skiër se voete brand.

Die 46-jarige Kirsch was amper nie hier nie. En dit het niks met teenstand van anti-apartheidsgroepe te doen nie.

Omtrent tien jaar gelede het 'n polisieboot in Duitsland per ongeluk in hom vasgejaag terwyl hy op 'n meer geski het. Hy was besig om toertjies te doen en het die boot eers gesien net voor dit hom getref het.

Hy was byna dood. Sowat 25 bene in sy liggaam was gebreek, drie ribbebene het in sy longe gesteek en sy lewer was byna verwoes. Hy was elf dae lank bewusteloos.

Hy het egter wonderbaarlik genees en nog voor hy ordentlik kon sit, was hy terug op die water.

Sy fiksheid het hom gered. Vandag nog doen hy gereeld gimnastiek, draf en swem hy om sy liggaam soepel te hou.

Dit is nie duidelik waar kaalvoetski begin het nie. Die Amerikaners eien natuurlik dié eer hulself toe, maar Kirsch glo dat die sport oorspronlik in Australië begin het. In 1938 het Australiese soldate op een van hul "wilde" riviere besef dat 'n mens bo kan bly sonder die bord waarop hulle agter die bote getrek is. Die eerste wedstryd het in 1949 "down under" plaasgevind.

Vir politiek is hy baie lugtig en maak dit af met "ek weet nie genoeg van politiek af nie."



**Die 74-jarige "Banana" George Blair van die VSA, wat Suid-Afrika verlede jaar besoek het**

Tennis:

## Beseerde Muster in die top-tien

PARYS - Die 21-jarige Oostenrykse tennisspeler Thomas Muster, wat verlede week in Miami deur 'n dronk motorbestuurder omgery is, is in die top-tien van die internasionale manstennis-rangorde.

Muster se oorwinning oor Yannick Noah van Frankryk in die Internasionale Spelerskampioenskap in Florida, het hom tot die tiende posisie laat opskuif.

Maar 'n knie-ligament - operasie wat hy na die ongeluk moet ondergaan, sal hom vir die res van die jaar uit tennis hou.

Miloslav Mecir van Tsjeggo-Slowakye, wie se rugprobleem hom op die kantlyn gehou het sedert sy oorwinning verlede maand in Indian Wells in Kalifornië, het van die tiende na die veertiende posisie gesak.

Ivan Lendl, wat lag-lag gewen het in die Key Biscayne-finaal, het sy nommer een-posisie bo Swede se Mats Wilander en Stefan Edberg gekonsolideer.

Die rangorde is: 1. Ivan Lendl (Tsjeggo-Slowakye), 2. Mats Wilander (Swede), 3. Stefan Edberg (Swede), 4. Boris Becker (Wes-Duitsland), 5. Andre Agassi (VSA), 6. John McEnroe (VSA), 7. Kent Carlsson (Swede), 8. Jakob Hlasek (Switserland), 9. Jimmy Connors (VSA), en 10. Thomas Muster (Oostenryk). - AFP.

Motorsport:

# Verwagte Geel Bladsy-stryd op Kyalami stel toe teleur

**Len Wagenaar**

NEE wat, die Geel Bladsye-motorwedrenne Saterdag op Kyalami was, met die uitsondering van 'n paar motorfietswedrenne, een groot antiklimaks. Min het gekom van die verwagte stryd in die WesBankwedren vir veranderde sedanmotors of die wedywer in die Stannic Groep N-wedrenne.

Die enigste ligpunte op die dag was die opwindende 250cc Grand Prix-motorfietswedren en die groot stryd in die 400cc-motorfietswedren.

Kevin Hellyer op sy nuwe 1989 Yamaha 250 het Russell Wood en Wayne Doran op hul Winston Yamahas 'n groot skok gegee deur sommer van die begin af voor te loop met hul rooi en wit fietse kort op sy hakke.

Andrew Cook het hom op sy Yamaha by dié prosessie aangesluit, en vir die volgende nege rondtes is die skare trakteer op van die beste ryvernuf nóg.

Doran het kort voor die einde daarin geslaag om verby Wood en Hellyer te kom, maar het in die voorlaaste rondte geval ná sy fiets op sementstof gegly het. Wood het effens onder die waagmoedige Hellyer uitgetrek en is sowat 'n sekonde voor hom oor die wenstreep.

Die organiseerders kan gerus daaraan begin dink om twee uitdunne vir die fietse 'n staande reëling te maak omdat dit altyd vir opwindende, naelbyt-renne sorg.

In die 400cc-wedren was dit 66k so, met Greg Dreyer (Suzuki) wat naelskraaps met Mark Welthagen (Yamaha) en Trevor Crookes, ook op 'n Yamaha, af te reken. Dié drie het in elke rondte van plek verwissel en dit was eers op die wenstreep waar Dreyer net-net daarin geslaag het om sy fiets se wiel voor dié van Welthagen s'n te kry.

Ongelukkig het die nuwe motorfiets-superklas nie aan die verwagtinge voldoen nie. Niks het gekom van die groot stryd tussen Russel Wood op sy Yamaha 1000 en Dave Petersen op die nuwe Honda RC30 nie.

Wood het eenvoudig vir sy teenstanders weggery en Petersen het eers in die laaste rondte daarin geslaag om verby Mark Welthagen op die 750-Yamaha te kom.

Die motorwedrenne het eenmanwedrenne opgelewer met SuperSarel van der Merwe wat albei Porsche Turbo-wedrenne, asook die WesBankwedren in die Audi Quattro Turbo, gemaklik gewen het.

Willie Hepburn se aanslag in sy Opel V8 het in die niet verdwyn toe hy in die tweede uitdun van die WesBank-ren in die eerste rondte gegly het. Hopelik sal die nuwe Ford Sapphires iets aan die onoorwinlike Audi kan doen.

In die enkelsitplek-renne het Basil Mann gewys hy sal moeilik geklop word. Hy het die Formule GTi- en Formule Ford-wedrenne heeltemal oorheers.

*Die Nissan-tydren vind van aanstaande week Donderdag in die Wes-Kaap plaas. Nissan se nuwe 4x4 Sentra vir Koos Swanepoel en Dave McGregor is gereed en dié twee sal 'n grootse poging aanwend om die tydren vir Nissan in te palm.

Serge Damseaux en Vito Bonafede in die Toyota Conquest 4x4 sal egter hul oorwinning in die eerste tydren van vanjaar wil herhaal. SuperSarel se Golf 4x4 behoort egter ook gereed te wees en 'n groot stryd kan in klas A verwag word.

Die klas B-motors kan egter vir 'n verrassing sorg en die wedren met sy vinnige sneldele algeheel wen.

### Cheryl en Lappe veg volgende week voort

CHERYL ROBERTS se rubriek oor Sacos-sport en Lappe Laubscher se rubriek "Lappe op die Skoonveld" verskyn weer volgende week. 'n Gebrek aan ruimte het ons dié week gekortwiek.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# SPORT

Vrye Weekblad

- Kaalvoet op die water - 15
- Kyalami maar bra goor - 15



Johnny du Plooy teen Mike Rouse

*Foto: Riaan Smit*

Boks:

# Wie's nou die beste?

Koos van Zyl

WAT het Suid-Afrika se swaargewigboks om die lyf en hoe vergelyk die twee voorste swaargewigte?

Die gissinge en vergelykings tussen Pierre Coetzer, die kampioen, en Johnny du Plooy sal seker nooit ophou voor die twee mekaar uiteindelik pak nie.

Na my mening het Du Plooy letterlik en figuurlik meer om die lyf as Coetzer, want afgesien van die vetrolletjies wat hy in sommige gevegte om die middel dra, in teenstelling met sy aartsvyand se indrukwekkende bolyf en reputasie dat hy altyd topfiks in die kryt klim, het Du Plooy oorgenoeg skietgoed om 'n uiters staties en baie voorspelbare Coetzer heeltemal uit te oorlê.

Du Plooy het dieselfde eienskappe as dié van Suid-Afrika se vorige wêreldkampioen, Gerrie Coetzee.

Sy krytvernuf, slaankrag en vermoë om 'n harde hou te verduur, plaas die jong swaargewig in die stadium 'n kortkop agter Coetzee in die wedloop om die beste wat die Republiek nog opgelewer het.

Dié eienskappe plaas Du Plooy in die posisie om byna enige teenstander te pak. Coetzer daarenteen, se mark is uiters beperk.

Kom die SA kampioen egter teen 'n wetenskaplike bokser te staan wat iets beteken, sal hy slae kry - en Alan Toweel wéét dit. Daarom het Coetzer in sy loopbaan nog nie teen iemand van Carl Williams, Renaldo Snipes of selfs Michael Dokes se gehalte te staan gekom nie.

Hoe lyk Coetzer se kanse om 'n harde slaner wat deurgaans vorentoe beur, te klop? Dit is onbekend en die ergste is dat hy reeds 28 jaar oud is. In die laaste twee jaar is Coetzer nog nie terug geslaan nie. Behalwe die geveg teen James Pritchard was Ossie Ocasio in die tweede geveg, Manuel D'Almeida, wie hy ook al is, Tim Doc Anderson, wat onlangs in 'n geveg in Amerika oor ses rondes betrokke was, Mike White en die tweede geveg teen Bernard Benton, 'n junior swaargewig, blote slaansakke.

Nie een van hulle het Coetzer ordentlik teenstand gebied nie. Pritchard het kom toon watter skade die swak teenstanders aan die SA kampioen se verdediging aangerig het. Gelukkig is die Yank nie 'n harde slaner nie, want dan sou die Suid-Afrikaner sy derde nederlaag gely het.

Die Du Plooy-kamp word wyd en syd daarvan beskuldig dat hulle stokou boksers wat oor die muur is invoer om Johnny te laat goed lyk. Weaver, Bey, Tillis en Snipes word genoem.

Dit is miskien waar, hulle is nie meer op hul beste nie. Weaver was 'n wêreldkampioen, Bey het op sy beste teen Larry Holmes met punte verloor en 'n geveg teen Greg Page gewen. Tillis het op sy dae teen Coetzer en Page verloor en toe Snipes jonger was, het hy Coetzer geklop. Du Plooy het goed gelyk teen die manne.

Die vraag is: Teen wie het Coetzer baklei? Nie een van sy teenstanders was ooit iets nie. Toweel het sowat 'n jaar gelede, pas na Du Plooy se nederlaag teen Weaver, die Du Plooy-kamp op hul swak vegknoping gewys deur te sê dat selfs Coetzer nog nie gereed is om teen Weaver, die man met die ystervuiste, te boks nie. Pas daarna het Du Plooy Weaver in die tweede ronde uitgeslaan.

Toweel is reg. Coetzer is nie gereed om saam met Weaver deur die toue te klim nie. Enige persoon wat so swak soos Coetzer verdedig en nie veel krytvernuf het nie, sal deur die Amerikaner uitgeslaan word.

As die Coetzer-kamp wil bewys dat hy beter as Du Plooy is, moet hulle dieselfde teenstanders as Du Plooy klop, aangesien Rondney Berman nie in die stadium belangstel in 'n geveg teen Coetzer nie.

Pierre het goed begin, hy het Pritchard in die hardste geveg van sy loopbaan geklop. Wie is volgende? Weaver of Snipes.

# Rugby 'n grap in pizzaland

WELLINGTON - Suid-Afrikaners moet onwillekeurig wonder oor die standaard van Italiaanse rugby met plaaslike spelers soos Naas Botha en Jannie Breedt wat uitdraf vir klubs in die land van pizza en pasta.

Italiaanse rugby is 'n grap en hul administrateurs moet die blaam daarvoor dra, sê Nieu-Seelander Mike Brewer, kaptein van die klub Otago. Hy het die laaste paar maande vir die L'Aquila-klub naby Rome gespeel.

Hy glo dat Italië sal sukkel om vir die volgende Wêreldbeker-toernooi te kwalifiseer nadat hulle niks uit die 1987-kompetisie geleer het nie.

Italiaanse spelers is meer bekommerd oor hoe hulle lyk en wat die mense van hulle sê, as wat hulle is oor rugby, het Brewer uit Italië gesê in 'n onderhoud wat hier (Wellington) gepubliseer is.

"Die Italianers gaan al die pad vir die 'glamour', die vertonerige soort spel. Jy kan tien laagvatte in 'n wedstryd mis, maar druk twee drieë en jy is 'n held," sê hy.

"Daar is nie werklike beheer in die spel, of enige pogings tot georganiseerde, patroonmatige rugby nie."

Hy blameer die administrateurs vir foute in Italiaanse rugby.

"Anders as in Nieu-Seeland en ander vooraanstaande rugbyspelende lande, is die administrateurs hier betrokke vir eie gewin. Hulle kyk wat hulle kan wen in terme van persoonlike publisiteit en stel geensins daarin belang om die klubs of die spelers te help nie.

"Die spel is in alle opsigte 'n grap," sê hy.

All Blacks Frano Botica, John Kirwan en Craig Green speel almal vir Italiaanse klubs, maar hul raad en ondervinding word afgelag.

"Die internasionale spelers is daar deels om die plaaslike spelers te help, maar min van hulle luister werklik na wat ons sê," sê Brewer.

"Ek het handdoek ingegooi. Die afrigting is onder die standaard en baie swakker as enigiets wat ek nog gesien het." - AFP

Padwedlope:

# Elke hardloopsmaak bevredig

Casper Kruger

VOORNEMENDE deelnemers aan die Comrades sowel as die meer "normale" padatlete kan hulle voorberei op 'n naweek propvol wedlope. Verskeie wedlope vind die naweek regoor die land plaas en daar word voorsiening gemaak vir elke hardloopsmaak.

Atlete wat nog nie gekwalifiseer het vir die Comrades op 31 Mei nie, kry dié naweek een van hul laaste geleenthede om die standaard marathon in minder as vier en 'n half uur af te lê. Inskrywings vir die Comrades sluit op 22 April.

Saterdag vind die Lions-marathon op Phalaborwa plaas. Die wedloop begin om 6.00 vm by Impalapark.

Vir diegene wat ná die wedloop nog nie genoeg gehad het nie, is daar die Baby Elephant-halfmarathon wat die middag om 15h00 begin.

'n Interessante wegspringplek Saterdag is by die ZASM-tonnel op die N4-snelweg waar die Turftek Elandsvallei-marathon om 6.00 vm begin. Die Ngodwana-marathonklub het die wedloop gereël.

Vir die Oos-Kapenaars wat nog moet kwalifiseer, is daar die Karos Outeniqua-marathon wat Saterdag om 7.00 vm by die Rugbystadion op George begin.

Die jaarlikse Arhur Creswell-ultramarathon van 53 kilometer, aangebied deur die Ladysmithse Atletiekklub, begin Saterdagoggend om 6h00 in Bergville. Die roete vanaf Bergville na Ladysmith is in die algemeen plat en vinnig, hoewel Childs Hill 'n paar bobene tot die uiterste kan beproef.

Vir die gelukkige Johannesburgers wat reeds hul Comrades-inskrywings ingestuur het, vind die jaarlikse Krugersdorp-wedloop oor 32 kilometer Sondag om 6.00 vm by die Bob van Reenen-stadion plaas.

Atlete wat dié wedloop egter wou gebruik om 'n bietjie heuweloefening in te kry voor hulle Polly Shorts aandurf, sal teleurgesteld wees om te hoor dat die roete dié jaar heeltemal verander is.

Die lang en styl heuwels buite Krugersdorp het nou plek gemaak vir 'n makliker roete deur 8 voorstede van Krugersdorp. Karen Lightfoot, organiseerder van die wedloop, het aan Vrye Weekblad verduidelik dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie die klub verbied het om die Muldersdrift-heuwel in die roete in te sluit, aangesien hulle dit as te gevaarlik vir beide atlete en motoriste beskou.

Tussen 2 000 en 2 500 atlete word verwag en die inskrywingsfooi is R10. Medaljes en sakwapens sal aan alle voltooiers oorhandig word, en die beste 500 voltooiers sal elk ook 'n t-hemp ontvang.

Vir die anti-LSD (anti-long slow distance) atlete is daar egter ook 'n paar korter wedlope wat die naweek plaasvind.

Die Metropolitan-halfmarathon vind Saterdag om 7.00 vm op Kroonstad plaas en die Pick 'n Pay-halfmarathon begin dieselfde tyd by Hunters Rest net buite Port Elizabeth.

'n 15km-wedloop, georganiseer deur die Vaal Reefs-Atletiekklub, begin Saterdagoggend om 7.00 vm voor die OK Bazaars op Orkney, en die Kaapstad-been van die Clicks Femina-wedlope oor 10 kilometer vir vroue vind Saterdag om 3.00 nm by Groenpunt-stadion in Kaapstad plaas.

Een van die oudste marathons in die Transvaal, die Lucozade-marathon, vind plaas op 23 April en nie 30 April soos geadverteer nie.

Stywe bene!

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad,7 April 1989

# 20 000 kunstenaars al op Pad na Roem

DEELNAME aan die Shell Road to Fame beteken baie meer as net 'n kans om 'n deel van die prysgeld van R60 000 te wen. Dit was ook al die begin van 'n musiekloopbaan vir kunstenaars wat andersins onbekend sou gebly het.

Meer as 20 000 kunstenaars het al in die afgelope vier jaar voor die beoordelaars verskyn, en miljoene het die voorstes al op televisie gesien.

Vanjaar se Shell Road to Fame se soektog na Suid-Afrika se beste onbekende sterre - die vyfde jaar s'n - het dié naweek begin.

Die organiseerders het Saterdag by Thohoyandou se Makwarele-saal en Sondag op Pietersburg die beste kunstenaars van daardie distrikte gekeur.

Die oudisies word van nou tot einde Julie elke naweek landwyd gehou.

Die Shell Road to Fame is 'n produk van die nuwe belangstelling - plaaslik en Internasionaal - in Suid-Afrikaanse musiek. Die laaste golf van grootskaalse belangstelling was meer as 'n kwarteeu gelede toe van ons beste kunstenaars soos Miriam Makeba, Hugh Masekela, Mackay Devashe, Caiphus Semenya, Letta Mbulu, Abdullah Ibrahim (Dollar Brand) en Chris McGreggor internasionale roem verwerf het.

Die Shell Road to Fame het 'n amptelike verhoog gegee aan die nuwe gety wat met die geboorte van Crossover-musiek aan die begin van die dekade gekom het. Gedurende die afgelope vyf jaar, en veral ná Graceland, is die wêreld se plate-rakke weer geleidelik vol gepak met Suid-Afrikaanse musiek.



Rebecca Malope

Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Ladysmith Black Mambazo, Clegg en Savuka, Ray Phiri en Stimela en Sipho Mabuse is (in baie gevalle met behulp van die bogenoemde banneling-kunstenaars van die jare vyftig en sestig) nou reeds algemeen bekend oorsee.

Van plaaslike, tradisionele tot progressiewe jazz-musiekmengsels het die Europese en Amerikaanse musiekmarkte binnegedring. En almal van Mahlathini en sy Queens to Sakhile onderneem nou wêreldtoere. Mambazo het verlede jaar ons eerste Grammy ingepalm, met die moontlikheid dat hulle dit vanjaar weer kan doen.

Hierdie suksesse het die publiek én die musiekbedryf laat besef dat daar 'n goudmyn van onontdekte talent in Suid-Afrika is.

Die Shell Road to Fame het ten doel om sulke talent (veral sang, musiek en dans) te ontdek. Sedert 1985, van Kaapstad to KwaNebele, is meer as 8000 optredes deur die Fame-span gekeur. Meer as 20 000 kunstenaars het al voor die beoordeelaars opgetree en miljoene het al die voorstes op Televisie gesien. Byna al die wenners is nou suksesvolle sterre onder wie Desiree Baird, Rebecca Malope, Peto en die mbube-groep Soshanguve Black Tycoons.

Die eerste algehele wenner, Desiree Baird, het in 1986 haar eerste opname-kontrak geteken en haar debuut maksi-kortspeler vrygestel. Van You've Lost a Good Thing is meer as 17 000 eenhede verkoop.

Met haar onlangse langspeler het sy self van die snitte gekomponeer.

1986 se algehele wenners, die Afro-fusion groep Peto van Kaapstad, het verlede jaar se Autumn Harvest-toekenning vir die Belowendste Nuwelinge ontvang en hulle debuutlangspeler, Khaya - where the heart is, is onlangs op die rakke geplaas.

In 1987 het Rebecca Malope se "Cheated" op haar debuutlangspeler byna oornag goud geword. Haar tweede plaat word binnekort vrygestel.

Die Soshanguve Black Tycoons het gedurende die afgelope twee jaar Ladysmith Black Mambazo opgevolg as die mees belowendeste 'Scathamiya/Mbube -groep en het ook onlangs die OKTV toekenning vir die Beste Tradisionele Koor ontvang.

Twee lede van Die Bafanas-dansgroep, die 1987 wenners van die Fame se "Most Original Act" kategorie, is deur Mbongeni Ngema raakgesien en gaan saam met Sarafina II New York toe.

Abafana Abalungile, 'n maskandi-groep van Kwa Mashu, het onmiddelik nadat hulle in 1988 die Most Original Act-kategorie gewen het, 'n kontrak met Teal losgeslaan. Die 15-jarige Phumzile Princess Mthembu van Durban wat verlede jaar die prys met die Pantsula-dansgroep Vibrations van Kathlehong gedeel het, is nou besig met haar eerste langspeler.

'n Finalis van 1987, Luyanda Jezile, is nou lid van die nuwe Mbongeni Ngema produksie Township Fever en 'n ander, Zwayi Bala, het 'n rol in King Afrika losgeslaan.

Na bl 3



**Glenda Jackson soos sy verskyn in Salome's Last Dance. Dit is een van die rolprente wat vertoon word by die filmfeeste in Johannesburg en Kaapstad wat vandag begin. Volledige program op bl 6 en 7**

**Annie Lennox help met Russiese rock-deurbraak 2**

**Jeanne Goosen gaan kyk na Gideon Mendel se Beloofde Land 3**

**Nadine Gordimer se struggle 4**

**Volgelinge van Krishna 9**

**Hoe lyk Suid-Afrikaanse opera ná 25 jaar? Louis Heyneman skryf oor die komende seisoen 5**

**Skil 'n appeltjie met Koos — 8**



**SUID-AFRIKA se bekendste musiekgroep wat nog ooit voor 'n ingevoerde (Tasmaniese) verwarmer afgeneem is, Koos, tree net vir EEN aand saam met Shifty se Vrye Weekblad/ Voëlvry-toer vanaand om 9 by Wits op. Vir die res van die landwye toer wat vandeesweek begin het, sal die "Alternatiewe" Afrikaners sonder Koos moet klaarkom.**

KNIPSELS

# Amerikaners koop Boris se rock

DIS geskiedenis. Rusland se voorste rockster Boris Grebentsjikof van die top Sowjetgroep Aquarium is deur die Amerikaanse platereus CBS genader met 'n platekontrak.

Die langspeler, Radio Silence, sal voor herfs al op die rakke wees. Die plaat wat grotendeels in Engels opgeneem is - met 'n paar snitte in die Rus se eie taal - is deur die Eurythmics se David Stewart geproduseer. Die plaat is in Londen, Montreal, New York en Los Angeles opgeneem.

Annie Lennox (Stewart se wederhelf in die Eurythmics), Chrissie Hynde van die Pretenders, ex-Bananarama persoon Siobhan Stewart en Ray Cooper tree ook saam met Grebentsjikof op.

Grebentsjikof het nie sy lirieke uit Russies vertaal nie, maar direk in Engels geskryf. Hy het die afgelope jaar Amerika 'n hele paar keer besoek om die land van rock 'n roll te leer ken.



**Annie Lennox**

Dit is die eerste keer wat 'n nie-amptelike Sowjetmusikant toegelaat is om - sonder verpligtinge teenoor die staat - die Weste te besoek. Dit is moontlik gemaak deur Belka International Inc, 'n New Yorkse korporasie wat besigheidstransaksies tussen Westerse en Sowjet-agentskappe reël. Belka se vise-president, Kenny Schaffer, is ook die hoof-produseerder van Radio Silence.

In 'n nasie van digters word Boris Grebentsjikof beskou as die hofdigter van sy generasie. Hy is die afgelope dekade aan die spits van die Russiese rockwêreld en sy opnames word wyd versprei onder die uitgebreide ondergrondse musiekwêreld in Rusland. Toe Aquarium se eerste amptelike langspeler deur die Staatsbeheerde Meloydia-maatskappy vrygestel is, is meer as 200 000 plate binne enkele ure verkoop. Die groep se drie langspelers het al meer as 3 miljoen eenhede verkoop.

**Haakvas!** **Charles Leonard**

# 'n Spinnekop het sy pa geëet

*Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel

**HUMAN FLY - HORSEFLIES (COOKING VINYL) (9)**

DIE HORSEFLIES noem hul musiek "neoprimitive bug music".

Ek dink dit beteken Kafka en Gary Larsen getoonset, met begeleiding van tradisionele country musiekinstrumente, ruimte-eeuse sintiseerders en 'n verskeidenheid van perkussie-instrumente.

Hierdie interessante huwelik se spruit is huppelende, eksentrieke, eksperimentele country-musiek.

Gepraat van 'n interessante huwelik, so lui die titelsnit se lirieke: "I'm a human fly and I don't know why/ I've 96 tears and 99 eyes/ I've got wings that buzz and hair like fuzz/", en dan: "My father was a fly, my mother was a human/ I can still hear her cry: The spider ate my husband!/ He was a common fly with a taste for fashion/ They were thrown together in a heat of passion".

Daar is nog 'n paar heerlike liedjies soos dié een.

Die groep, uit die Amerikaanse staat Pennsylvania, het ook 'n paar tradisionele liedjies soos Hush Little Baby en Cornbread verwerk op hul eie uitsonderlike styl.

Op die omslag sê die groep: "Life is in the suburbs of the brain." Dít is waar 'n mens hierdie musiek sal vind. Dit spreek egter nie net jou intellek aan nie. 'n Hiper-aktiewe viool wat prominent op die meeste snitte is, spoor ook jou ledemate aan om ten minste vyf sentimeter bo-kant die aarde rond lawwe dansbewegings te maak.

Enige denkende persoon wat glo dat country nie meer die stiefkind van musiek is nie, sal soos 'n Human Fly vasgespin word in die web van die Horseflies se wonderlike musiek.

Tog, 'n vriendelike waarskuwing: Human Fly mag dalk nie in almal se smaak val nie. Luister dus voor jy koop.


SHIFTY RECORDS & VRYE WEEKBLAD

bied aan

VOËLVRY

met



BERNOLDUS NIEMAND

& die swart gevaar

ANDRE LETOIT

GEREFORMEERDE BLUES BAND



Shifty Records/ Vrye Weekblad Voëlvry toer

Toerdatums

Vandag Vrydag 7 April - Wits Studente Unie - 9nm. Woensdag 12 April - RAU - D-lab - 8nm. Donderdag 13 April - Vaaldriehoek Technikon - Gimsaal - 8nm. Vrydag 14 April - Tuks - Maskerteater - 9nm. Saterdag 15 April - Tuks - Maskerteater - 9nm. Donderdag 20 April - Potchefstroom - Hotel Elgro - 8nm. Vrydag 21 April - Bethlehem - Voortrekker Hoërskool Saal - 8nm. Saterdag 22 April - Welkom - Heavenly Bodies Gymnasium - 8nm. Vrydag 28 April - Bloemfontein - Frans Cronjé Saal - skougronde - 9nm. Saterdag 29 April - Kroonstad - Alan Rautenbach Saal - 8nm. Woensdag 10 Mei - Universiteit van Wes-Kaap - Main Hall - 9nm. Vrydag 12 Mei - Universiteit van Stellenbosch - Die Gat - 9nm. Saterdag 13 Mei - 3 Arts Theatre - Plumstead, Kaapstad - 9nm. Woensdag 17 Mei - George Stadsaal - 9nm. Vrydag 19 Mei - Port Elizabeth - The Feather Market Hall - 9nm. Saterdag 20 Mei - Grahamstown - Stadsaal - 9nm. Vrydag 26 Mei - Durban - Methodiste Kerksaal - 9nm. Saterdag 27 Mei - Pietermaritzburg University - Students Union Hall - 9nm. Vrydag 2 Junie - Windhoek - Windhoek Teater - 9nm. Saterdag 3 Junie - Windhoek - Windhoek Teater - 9nm.

Toegang - R8. T-hemde, plakkers, plate en lapelwapens sal by die deur verkoop word.



Afrikaners is plesierig ... voor Gideon Mendel se kamera

# Eerlike kitsch by Zona is 'n plesier

Johan Bruwer

DAAR's iets verkwikkend eerliks aan die kitsch manier waarop die versameling "naïewe kuns" van die Weya-plaasgemeenskap in noord-oostelike Zimbabwe nou in die Zona-kunssaal in Norwood, Johannesburg, ten toon gestel word.

In meer pretensieuse kunssale word dergelike kunshandwerkstukke dikwels geïsoleerd vertoon om elke stuk se afsonderlike "estetiese waarde" te beklemtoon - 'n onnatuurlik benadering wanneer die handwerk, soos die meeste van dié stukke, as versiersels en gebruikstukke bedoel is om by 'n bepaalde leefruimte in te skakel. Die Zona-kunssaal, daarenteen, plaas potte blomme op Zephaina Thuma se beskilderde handgesnede houtstoeltjies en drapeer bedrukte siermateriaal sierlik rondom verskillende kunstenaars se narratiewe olieverfskilderye om al die stukke saam te bind in een, effens oorweldigende, interieur.

Kortom, die stukke word reguit aangebied as eksotiese versiersels vir die soort jeugdige yuppie-sitkamer waaroor Gerard Kokt nie sy hart sal uiteet nie.

Die kleurryke appliekwerke en dekoratiewe skilderye behou ondanks dié saambondeling hul bekoring, maar dis werklik jammer dat geen katalogus saamgestel is om veral die laasgenoemde toe te lig nie. Baie van die skilderye vertel 'n verhaal en van sommige van dié verhale sou 'n mens graag meer wou weet.

Bybelse temas soos Abishell se skildery van Noag en die ark en tonele uit die Weya-gemeenskapslewe soos Mai Mugadza se At School is maklik herkenbaar, maar sommige skilderye vertel 'n raaiselagtiger, straks meer persoonlike verhaal. (Daar's byvoorbeeld een boeiende paneel wat op strokiesverhaalwyse 'n verband toon tussen twee figure in die bos en 'n motor op die teerpad).

Ironies het die verskillende kunstenaars die verhale van hul skilderye op 'n vel papier agterop die prent neergeskryf, maar "Do not touch"-kaartjies verhinder die toevallige besoeker om sy nuuskierigheid te bevredig.

Baie treffend - hoewel nogal herhalend, soos volkskuns dikwels is - is die sierlike appliekwerk, klein reliëfs van gekleurde materiaal waarin popfiguurtjies vaardig saamgestel is om tonele uit die gemeenskapslewe uit te beeld.

Thuma se houtsneebeelde met dier- en mensfigure het 'n individuele, humoristiese aanslag wat 'n mens lekker laat glimlag. Die houtstoeltjie met die naam Checking for Aids wys byvoorbeeld 'n kreatuur wat nuuskierig in 'n skilpadman se agterent oploer.

Werke wat wel effens oordonder word deur die uitspattige uitstal-omgewing is die Ovambo Eino Nangaku se beeldhouwerke wat volgens 'n enkele naamkaartjie voorvadergeeste uitbeeld. Dié kunstenaar het 'n fyn aanvoeling vir ruimte en vorm en die gesigte wat met sagte deernis uit die hout na vore gebring is, het 'n stemmingsvolle emosionele aantrekkingskrag.

# Grimmige blik op Beloofde Land

**JEANNE GOOSEN skryf oor Gideon Mendel se uitstalling: Beloofde Land, wat geborg word deur Vrye Weekblad. In die Markteatergalery tot 15 April**

MENDEL se Beloofde Land-uitstalling is 'n konfrontasie met die heersende magte. Met 'n kamera en min genade kyk hy na die "regte" wêreld van die Afrikaner.

Die kunstenaar demonstreer dat die heersers nog nooit daarin geslaag het om die skeppende proses te onderdruk nie, dat daar binne die Suid-Afrikaanse norme steeds geskep word.

Dit toon dat kuns doeltreffend bly om die bestaande bestel te kritiseer. En deur die feesverrigtinge van die AWB en die FAK weer te gee, kry die tragiese 'n stem.

'n Mens stap van die een foto na die ander: 'n Boer met 'n boep wat oor sy broek hang, braai wors; Eugene TerreBlanché en sy gesin doen voorbidding; 'n ou man met 'n vierkleur nekdoek dra 'n granietblok op sy skouers vir die nuwe monument by Donkerhoek; jong, besielde kinders in 'n AWB-optog; 'n harige man wat die FAK se baardgroeiwedstryd wen; singende vroue met Voortrekkerrokke en kappies; 'n boer met sy roer; osse en waens; kleuters wat onder die blou van onse hemel op 'n verlate feesterrein speel en kabinetsministers met geboë hoofde.

Dit is die heersers. Hulle is in beheer en die mag wat hulle het, gebruik hulle deeglik - juis in hul anonimiteit.

Dit eien 'n mens op hierdie uitstalling. Mendel ontbloot die geheime lewens.

Die fotografie is 'n saaklike verslag. Dit vervul met afgryse, misnoë en vrees. Die werk stu verby blote prentwaarde, dit is konsepsueel. Die klem val nie op die estetiese, dws op die "mooi" en "goeie" foto nie.

Die onmoontlike word omhels. Dit eis dat die mense van hierdie land met 'n verskerpte blik na hulle eie siektes moet kyk.

Buite die ateljee kan die werklikheid nie geposeer word nie, dit kan slegs gerapporteer word soos dit gevind word. En hier het ons die mens - slu, hard, subtiel en so koud soos ys.

Om 'n onderwerp te vind, is slegs 'n vertrekpunt. Wat van belang is, is die hantering daarvan sodat die toeskouer 'n eie interpretasie kan maak.

Die slaggate is lig, skaduwee, vorm, tekstuur, die tonaliteit van die afdruk en die "raam" waarbinne die onderwerp geïsoleer word. Binne die "raam" - waarop die fotograaf besluit omdat dit terselftertyd ook sy siening weerspieël - word die werklikheid absurd en superrealisties.

Die eindproduk is 'n versameling foto's met suggestiewe leidrade.

Die humor van Mendel se werk is grimmig. Dit sê dat die Groot Trek 'n stuk geskiedenis is, 'n droom wat taai en voos geleef is.

Die uitstalling is 'n belangrike statement en verdien om aan 'n breëre publiek blootgestel te word.

# Op pad na roem

Van Bl 1

Deelname beteken dus veel meer as 'n moontlike porsie van die R60 000 prysgeld (met 120% verhoog van verlede jaar).

Nog 'n belangrike verandering vanjaar is dat daar geen algehele wenner aangewys gaan word nie, wat 'n wyer verspreiding van prysgeld sal beteken. Die prysgeld sal onder vier hoofkategorieë versprei word: Beste Solokunstenaar, Beste Groep (vokaal), Beste Danser(s), Beste Musikant(e). Daar sal goud en Silwer wenners in elke kategorie wees wat onderskeidelik 10 000 en 5 000 rand sal ontvang.

Vir die eerste keer word Butterworth in die Transkei ook ingesluit by die oudisieprogram.

# En vir dié wat nie wen nie

Die Shell Road to Fame het ook 'n werkswinkel-program geloods om meer betrokke te raak by gemeenskapskultuur op basiese vlak en terselftertyd diegene wat nie wenners is nie en tog oor groot potensiaal beskik, te help. Sodoende word daar ook 'n permanente belegging in die kulturele toekoms van ons land gemaak. Daar is reeds drie permanente werskwinkels.

Die nuutste in die Kaap sal dieselfde funksie verrig vir die honderde hardwerkende "hoopvolles" wat reeds klasloop by die Kopando gemeenskapsentrum in Johannesburg en Ukusa in Durban. Kopando is in Augustus 1987 begin met die hulp van Wits. Daar word vanjaar 300 studente verwag.

Daar is klasse in dans (ballet, klopdans, tradisionele en kontemporêr dans), sang, musiek-teorie, klawerborde en bekklavier onderrig, drama en draaiboekskryf. Studente is tans besig om hulle eie produksie "No Strings Attached" op die planke te bring.

Die besluite oor watter vakke en hoe dit aangebied word, word aan die studente oorgelaat.

Die dosente kom grotendeels uit die geledere van die Universiteit van die Witwatersrand se personeel en onderwysstudente.

Gereelde uitstappies na die teater word gereël en gassprekers en vakkenners word uitgenooi om die leerlinge toe te spreek.

Die sentrum in Durban staan onder beheer van Dr Betsy Oehrle, 'n dosent in musiek by die Universiteit van Natal, en bied kursusse in trompet, saksofoon, ghitaar en musiekteorie aan.


Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns.

Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak

ZONA
Grantlaan 64, Norwood
Tel: 728-4154




Kim Sacks-Galery
Hk Cavendish- & Frances-straat
Bellevue, Johannesburg
Telefoon 648 6107/9204

# Gordimer is lankal besig met die struggle

**WILHELM LIEBENBERG skryf oor The Essential Gesture, essays van Nadine Gordimer. Geredigeer en geannoteer deur Stephan Clingman en uitgegee deur Taurus en David Phillip. R49,50 plus AVB**

HIERDIE bundel essays, besonder netjies uitgegee, is iets om van kennis te neem. Want die probleme waarmee Gordimer worstel, is probleme waarmee die Afrikaner ook gekonfronteer gaan word.

As skrywer van romans en kortverhale is Gordimer vir dekades reeds iemand van internasionale statuur - iets waarvan die Bookerprys vir haar roman The Conservationist, duidelik getuig. Ook as bestuurslid van Cosaw (Congress of South African Writers), as afgevaardigde na die Kaza-kongres (waar ANC en UDF afvaardigings in 1987 bymekaargekom het in Amsterdam), en as lid van die UDF se "cultural desk" is sy 'n betekenisvolle figuur binne die Demokratiese Beweging.

Dit is daarom interessant om in haar essays te sien hoe intens sy van die vroeë jare vyftig haar al bemoei het met die proses van verandering in ons land. In sommige van die essays lewer sy aangrypende ooggetuieverslag daarvan.

Daar is 'n biografiese essay uit die jare vyftig oor Albert Luthuli, ANC-president en Nobelpryswenner wat tydens die Hoogverraadsaak vir 'n ruk lank in haar huis gewoon het. Daar is 'n opstel oor Bram Fischer, en een oor Nat Nakasa, met wie sy bevriend was. In hierdie opstelle vang sy iets vas van 'n era en 'n wêreld wat destyds aan die Afrikaner verbygegaan het.

Sy kyk egter ook verder as Suid-Afrika. Van die pragtigste prosa kry 'n mens in 'n aantal beskrywings van verandering elders in Afrika.

Dit is nie bloot oppervlakkige reisbeskrywings nie, maar indringende analises van wat gebeur het toe die koloniale moonthede onttrek het, gebaseer op deeglike kennis van die betrokke lande se geskiedenis en ekonomie. Sy kry dit reg om insig en emosie te kombineer in besonder evokatiewe relase van besoeke aan Egipte, die Kongo, Madagaskar, Ghana en Botswana.

Iets wat sy besonder sterk oordra, is 'n gevoel van geskiedenis, van die onvermydelikheid van verandering - in Afrika, asook aan die suidpunt van die kontinent. Hierdie agtergrond verleen dan dramatiese reliëf aan die probleem van waar iemand soos sy, as witte en as skrywer, inpas in die proses.

"Where do whites fit in?" is die titel van 'n essay uit 1959 waarin sy nie seker is of Afrika gou vir iemand soos sy gaan aanvaar nie.

Waar sy sestien jaar later tydens die Swartbewussynsperiode haar om verstaanbare redes nog nie tuis voel tussen die "agitprop" en



**Nadine Gordimer, vasbeslote om haar plek in Afrika te vind**

"struggle jargon" wat wittes soos sy uitsluit nie, bly sy egter argumenteer (in 'n essay oor "Relevance and commitment") vir 'n herdink van wit kultuur - "to attempt... the same position the black artist aims for: to be seen as relevant by and become committed to commonly-understood, commonly-created cultural entities corresponding to a common reality - an indigenous culture".

Die politieke verantwoordelikheid van die skrywer kry ook haar aandag. In 'n opstel uit 1975 met die titel "A writer's freedom", argumenteer sy dat die betrokkenheid wat van die swart skrywer verwag word, te ortodoks is en sy vryheid bedreig - iets waarsonder die ware kunstenaar volgens haar ondenkbaar is. "Worthwhile writing", glo sy, "always comes from an individual vision, privately pursued". Sy kan nie aanvaar, skryf sy in 1982, dat die skrywer "should have served on him, as the black writer now has, an orthodoxy - a kit of emotive phrases, an inwritten index of subjects, a typology."

By al haar strewe om by 'n nie-koloniale Afrika in te pas, doen Gordimer nie afstand van dit uit haar liberale erfenis wat vir haar belangrik is nie. Haar geloof in die woord is 'n voorbeeld: "The old biblical mystery of the Word, its transcendent power, is ours," skryf sy in "The unkillable word" (1980). Haar stryd teen sensuur word dan ook deeglik in hierdie bundel beargumenteer. Teenoor die anti-elitisme van swart skrywers bly sy glo dat die skrywer iets besonders is, in besit van "at least some faculaties of supra-observation and hyperperception not known to others". Sy is vasbeslote om haar plek "in history" te vind, skryf sy, "while still referring as a writer to the values that are beyond history".

Wat 'n mens bewonder omtrent Gordimer is die integriteit waarmee sy die spanninge en kontradiksies in haarself nie ontken nie. Vasgevang tussen die behoeftes na vryheid aan die een kant en betrokkenheid aan die ander, tussen liberale waardes en die realiteite van Afrika, bly sy soek na 'n sintese.

Dit is daarom jammer dat die bundel ophou by 1985. Sou Gordimer nie dalk 'n spesiale stuk kon geskryf het waarin onlangse ontwikkelinge weerspieël word nie? Mens sou graag wou sien hoe sy dit ervaar om nou wel uiteindelik in die strukture van die UDF en die Mass Democratic Movement as witte 'n plek te vind. En wat sy dink van onlangse kulturele ontwikkelinge, veral ná Kaza, noudat ook uit ANC geledere geargumenteer word dat kultuur iets meer as agitprop moet wees.



**FEDERICO GARCIA LORCA se dramatiese gedig Yerma (in drie bedrywe) is weer beskikbaar in 'n hersiene uitgawe. Die stuk is uit die Spaans vertaal deur Uys Krige, wat ook 'n waardering daaroor geskryf het. R16,95 plus AVB van De Jager-Haum**

PRONTUIT
Gerrit Olivier

# Is alle poësie dan suiwer ideologie?

EK is seker dat daar nog baie lank gepraat gaan word oor Johan van Wyk, Pieter Conradie en Nik Constandaras se monumentale SA in Poësie/SA in Poetry: miskien veral oor die keuse wat die samestellers gemaak het, wat vir my in 'n hele paar gevalle ondeurgrondelik is.

Dit is 'n heerlike boek vol verrassings, 'n boek waaraan daar jare gewerk is - en dit kan 'n mens sien, want hulle het gedigte opgediep wat heeltemal in die vergeetboek geraak het.

Ek het 'n appeltjie met die samestellers te skil oor wat hulle in die inleiding sê oor poësie en ideologie. Hier is ten minste 'n verdere kwalifikasie nodig.

Poësie, sê Van Wyk et al, is 'n "subjektiewe en ideologiese verwoording van 'n sosiale toestand of 'n historiese moment". As sodanig "werp (dit) lig op die menslike aandeel in die vorming van die geskiedenis".

Kan 'n mens jou die geskiedenis voorstel sonder 'n "menslike aandeel"? Dit lyk my nie na 'n goeie vertaling van wat Marx gesê het nie.

## Skewe beeld

'n Subjektiewe en ideologiese verwoording van 'n sosiale toestand of historiese moment, noem hulle 'n gedig. Dit klink nog nie te aanvegbaar nie. Maar in die volgende paragraaf word gesê dat ons in die poësie 'n beeld van die sosiale werklikheid kry wat "verwronge en aangepas (is) om klasse-hierargieë te bestendig". Die poësie formuleer "vasgelegde antwoorde op materiële situasies".

Hulle is duidelik van mening dat poësie áltyd die sosiale werklikheid verwring op grond van 'n materiële belang. In hierdie sin is poësie dan "ideologie". En teenoor "ideologie" stel hulle die "sosiale werklikheid" waarvan dit 'n skewe en aangepaste beeld gee.

Hierdie opposisie van ideologie en werklikheid kom ook na vore wanneer hulle veronderstel dat tekste deur blankes oor die Khoisan bepaalde "ideologiese opvattinge" illustreer wat nie met die "Khoisan-werklikheid" klop soos wat dit in die San-liedere uitgebeeld word nie.

My vraag is: weerspieël die San-liedere inderdaad die "Khoisan-werklikheid"? Wie sal dit weet? Wie het daardie soort regstreekse toegang tot wat die feite en die "werklikheid" is?

Die San-liedere wat in SA in Poësie opgeneem word, is opgeteken deur Bleek, Lloyd en Schapera. En sodra iets opgeteken word (om maar te swyg van die waarneming deur 'n Westerling wat daaraan voorafgegaan het), word taal tussen ons en die vermeende "werklikheid" ingeskuif.

As dit waar sou wees dat alle poësie sonder meer 'n "ideologiese gegewe" is, dan verval een van die belangrikste redes waarom SA in Poësie beter materiaal vir die studie van "ideologiese formasies" in die geskiedenis sou bied as byvoorbeeld Groot Verseboek.

## Valse teenstelling

Sodra 'n mens taal begin gebruik - en nie noodwendig poëtiese taal nie - is jy besig met iets wat in 'n simboliese verhouding tot die werklikheid staan. Dit lyk my dus nader aan die waarheid om te sê dat alle gedigte onderhewig is aan die werking van ideologie, maar dat nie alle gedigte in dieselfde mate dus "ideologies" is nie.

Wanneer die samesteller die verwringing en aanpassing van poësie kontrasteer met die sosiale werklikheid, is dit 'n valse teenstelling omdat die werklikheid vir ons nie toeganklik is sonder die strukture en ordeninge van taal en daarmee saam ook die moontlike verwringing van wat "werklik" is nie.

As hulle dus sê dat poësie ideologie is, kan 'n mens daarmee saamstem net in so verre as wat hulle bereid is om toe te gee dat alle taalgebruik ideologie is. En dit laat die vraag ontstaan: wat is dan ideologie?

Aan die een kant sê hulle dat poësie insae bied in die mens se ekonomiese verhoudings en die konflik tussen klasse. Aan die ander kant verwring die poësie blykbaar altyd ook die klasseverhoudings. Om te kan beoordeel wanneer daar van verwringing sprake is, móét hulle dus aanneem dat die werklikheid ook buite die verwringings om geken kan word. Maar hoe? Met watter taal?

Kortom, dit lyk vir my alles 'n bietjie onnadenkend geformuleer. Teenoor "ideologie" kan 'n mens myns insiens nie sommer die "werklikheid" stel nie. Die standpunt van waaruit oor "ideologie" gepraat word, kan nie self heeltemal vry van ideologie wees nie. Maar dit kan wel op sy eie ideologie bedag wees en krities daarteenoor staan. Iets wat die poësie nie altyd doen nie.

# Opdraande hobbelpad vir opera vanjaar

**LOUIS HEYNEMAN bespreek die operas Lohengrin (in Pretoria) en Carmen (in Durban tot 8 April), en gee 'n voorskou van wat die res van die jaar op operaliefhebbers wag**

DIE eerste twee operas wat in oorleg met die Suid-Afrikaanse Lugdiens opgevoer word, het verlede week openingsaande in Pretoria en Durban beleef. Naruk het die eerste reeks afgesluit met sy opvoering van Bizet se Carmen en Truk het die tweede reeks begin met Wagner se Lohengrin.

Die Lohengrin is 25 jaar ouer as Carmen (1875). Dis holistiese musiekdrama teenoor verismo-opera, die Germaanse mitologie versus die Spaanse temperament... en helaas Truk teenoor Naruk.

En om die twee operas in een week te aanskou, bring 'n mens deeglik onder die besef: ná 'n kwarteeu van professionele opera in Suid-Afrika vergelyk ons beste produksies met die beste ter wêreld, en ons minder goeies met die slegste.

Lohengrin was Truk se vertoonstuk van die jaar, en met twee soprane soos Marita Napier en Carla Pohl in hoofrolle voorwaar 'n mylpaal in die Staatsteater se geskiedenis.

Pohl se vertolking van Elsa was 'n triomf. Haar stralende, goed gefokuste vokale produksie en oortuigende spel was indrukwekkend. Marita Napier se voorstelling van Ortrud was eweneens imponerend. Vir byna die hele eerste bedryf word Ortrud se bose afguns deur slegs haar teenwoordigheid op die verhoog vergestalt. En wanneer sy uiteindelik begin sing, maak haar musikale vertolking (die laer register ietwat teleurstellend) en weldeurdagte spel wat van Ortrud 'n uiters geloofwaardige personasie.

Benewens Pohl, Napier en die voortreflike koor (die mannekoor in die tweede bedryf was wêreldklas) was daar vokaal gesproke min om opgewonde oor te raak. Hans van Heerden (Telramund) het 'n wonderlike dramatiese aanvoeling, maar sy uitbeelding is bederf deur 'n oordrewe vibrato wat hom by tye soos 'n blaffende hond laat klink het. Die ingevoerde tenoor Walter Donati was helaas geen volmaakte Lohengrin nie.

As visuele skouspel was Lohengrin 'n groot treffer by die gehoor. Lohengrin se verskyning in die eerste bedryf, Elsa s'n op die balkon (tweede bedryf) en die massatonele het die mistiek van Wagner laat leef.

In teenstelling met die kompleksiteit van Wagner, is die verhaal van Carmen 'n eenvoudige een van passie, menslike verval en wraak. Naruk maak van plaaslike kunstenaars gebruik (Susan Braadvedt was vroeër 'n plaaslike mezzo) in sy Engelse weergawe van Bizet se verismo-meesterstuk.

Die Engels in die strate van Sevilla laat Naruk se Carmen klink soos dramatiese Gilbert en Sullivan. Ek is geen puris wat neusoptrekkerig die oorspronklike taal verkies nie, maar Carmen se verhaal is so eenvoudig dat selfs die Durbaniete dit sou kon verstaan.

Susan Braatvedt het vokaal en visueel oortuig in haar vertolking van Carmen. Maar Sidwill Hartman het bewys dat daar tans nie 'n Don José in Suid-Afrika bestaan nie. (Sukovs en Truk het vroeër in die Carmen-reeks hul Don José's ingevoer.)

Hoe minder oor die ander solorolle in die produksie gesê word, hoe beter. Dirigent Leo Quayle, die Natalse Filharmonise Orkes en die Naruk-operakoor het vergoed vir 'n andersins onbevredigende opvoering.

Kyk 'n mens na die landwye opera-spyskaart vir die res van 1989, sien jy 'n opdraande hobbelpad.

Truk volg Lohengrin op met 'n heropvoering van Verdi se Rigoletto (Junie), 'n Afrikaanse Fliedermaus (Julie), 'n heropvoering van Tosca (Oktober) en die Suid-Afrikaanse première van Donizetti se Maria Stuarda (Augustus). Had ons maar geweet wie Tosca en Cavadarossi kom sing, kon mens oor Tosca opgewonde raak. Wicus Slabbert beloof iets goeds as Scarpia. En 'n mens hoop maar die "to be announced" vir die vier belangrikste rolle in Maria Stuarda hou iets opwindends in.

Kruik se Lohengrin sal aangepak word met plaaslike sangers, behalwe Michael Pebst wat die titelrol sing. Die enigste ander opwindende produksie sal waarskynlik Richard Strauss se Ariadne auf Naxos (Oktober) wees. La Traviata is 'n heropvoering met Riekie Venter as Violetta.

Elektroniese onderskrifte sal in Junie die eerste keer in die kameropera Il Matrimonio Segreto gebruik word.

Sukovs pak sy Lohengrin in Augustus aan - sover my kennis strek die eerste Wagner-opera in die Vrystaat. Andrea Catzel sing Elsa en Angila Novak, Ortrud. Die Duitser Gerd Brenneis sing die titelrol. Die Vrystaters kan aanstaande maand uitsien na 'n Japanse Butterfly, Miwako Matsumoto. Nog 'n besoeker, Constantin Nica, sal die rol van Pinkerton teenoor Matsumoto sing.

Naruk sien blykbaar nie kans vir opera tot voor sy beurt aanbreek om Lohengrin in September op te voer nie. 'n Ander gewillige strydros, La Bohème, word ingespan om Naruk se operajaar vol te maak.

Die spyskaart lyk inderdaad leeg. Maar 'n mens moet seker in die oog hou dat voortreflike produksies so tussen die hoofgereg en nagereg kan opduik. Ons het immers opvoerings oor die afgelope kwarteeu hier gesien wat werklik kan kers vashou met dié van die wêreld se voorste teaters: Der Rosenkavalier, La Cenerentola, Tristan und Isolde, Elektra, I Puritani... om net 'n paar van die ongewones te noem. Laat die hoop dus nie beskaam nie.



Carla Pohl as Elsa (in wit) en Marita Napier as Ortrud in die tweede bedryf van Wagner se Lohengrin

# Uys het begrip vir wit dilemma

**Scorched Earth, deur Pieter-Dirk Uys, met Gaynor Young, Val Donald Bell, Arthur Molepo, Margaret Inglis, Pierre Knoessen, David Butler en Fiona Ramsay. Regie deur Uys self. In die Markteater. Resensie deur ELIZABETH PIENAAR**

VIR dié wat hou van kategorieë: Scorched Earth is - soort van - 'n tragiese klug.

'n Mens sou lustig kon kritiseer: die intrige met sy talle sub-intriges is gemanipuleer; die karakters inkonsekwent. Maar dan sou 'n mens nie rekening hou met Uys se diep begrip van die blanke dilemma in Suid-Afrika nie.

Hy praat oor twee geslagte, dié wat die Nasionale Party aan bewind sien kom het, en dié wat die beleid van die vad're geërwe het. Albei staan in die toneelstuk op die punt om die erwe te verloor.

Die storie gaan net soveel oor die land, die grond, as oor die mense.

Die plaas Wor[...] End (Uys sonder sy sentimentaliteit sou seker nie Uys ge[...] het nie) is na 'n vroeë lid van die Cartwright-dinas[...] diens aan die Britte in die Zoeloe-oorloë aan hom gegee.

In 1948 het d[...] [...]se familie die Nasionale Party, en later die tuislandbelei[...] [...]n ondersteun. Daarom is dit niks minder as "poetic justice" n[...] [...]anneer die NP-beleid veertig jaar later World's End terugeis om die herehuis en landgoed aan 'n swart tuisland te gee.

Dit is hoofsaaklik Lady Deborah Cartwright wat so 'n gedwonge verskuiwing aan eie bas voel. Wat haar oor die rand van waansin dryf, is die inligting dat 'n casino op die fondamente van die lieflike herehuis gaan verrys - dié vulgariteit is omtrent heiligskennis, my dear.

Maar Uys behandel haar meesal sagkens. Hy hou sy satiriese gif vir haar kinders, 'n uiteenlopende broeisel.

Helen (Val Donald Bell) is die vrou van dr Paul Brüwer (Pierre Knoessen), 'n adjunk-minister. Catherine Cumberland (Fiona Ramsay) is 'n internasionale filmster. Christopher is 'n mislukte skrywer wat onlangs as gay uit die kas geklim het.

As katalisator wat die hele spul aan die gang moet kry, voeg Uys die SAUK by in die gedaante van 'n wit televisieverslaggeefster en 'n swart kameraman.

Gou word elkeen se sak patats ook uitgeskud, meestal in monoloë, waarmee Uys baie beter is as dialoog.

'n Tema wat nie deel vorm van die intrige nie, maar as swaar ironie bygeskilder word, is die korrupsie in hoë kringe van die regerende party.

Uys stuit nie voor ooglopende simboliek nie. 'n Voorbeeld is Helen en Paul se arme baba wat elke nou en dan in die teks bygesleep word, nie eintlik ooit funksioneel nie.

Hy is natuurlik daar om te simboliseer dat die Boere hier is om te bly. Om die punt in te vryf, kry Catherine Cumberland, die uitgeweke rolprentster, die rol van Medea, die Griekse tragiese heldin wat haar kinders vermoor het.

Dis 'n stuk met baie drade wat nie alte netjies saamgeweef is nie. Tog laat die gaterigheid 'n mens juis Uys se eie stem hoor - en hy het steeds iets om te sê.

Terwyl Margaret Inglis as Lady Deborah beïndruk wanneer sy nie so huiwerig praat dat 'n mens wonder of sy haar woorde vergeet het bnie, kan 'n mens slegs verstom staan oor die misplasing in die res van die rolverdeling. Pierre Knoessen as 'n gewetenlose as 'n gewetenlose politikus!

En as die dekor so armoedig lyk, voel 'n mens amper dat die karakters se gedurige verwysings na die skatte binne-in die huis, leuenagtige grootpratery is.


dié week by die
MARK

MARKTEATER
Maan - Vry 8.00nm
Sat 2 vertonings: 6.00nm & 9.00nm
SCORCHED EARTH
deur Pieter-Dirk Uys

UPSTAIRS-TEATER
Maan - Vry 8.15nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
Openingsaand: Woensdag 19/4 om 8.00 nm
THE LAST TREK - A FANTASY

DIE LAAGER
Maan - Vry 8.30nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
JUST LIKE HOME
deur Pieter-Dirk Uys

DIE WAREHOUSE
Maan - Vry 8.00nm Woens ook 3.00nm
Sat 5.30nm & 9.15nm Son 6.00nm
SARAFINA
Mbongeni Ngema
se Broadway-treffer

KIPPIES die MUSIEKPLEK
8.30 en later
THEMBI MTSHALI
sing die blues

MARKGALERYE
Groot Galery
Vrye Weekblad se uitstalling Beloofde Land met foto's deur Gideon Mendel
Klein Galery
'n Huldeblyk aan Kippie Moeketsi en sy vriende
Die eksperimentele muur
Jane Duncan-skilderye

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die Johannesburgse snuffelmark elke Saterdag van 9.00vm tot 4.00 nm op die Mary Fitzgerald-plein

# Johannesburg en Kaapstad hou filmfees

**Twee opwindende filmfeeste word tans in Johannesburg en Kaapstad aangebied. Die Johannesburgse fees begin vandag en duur tot 27 April. Die Kaapse fees (program in verlede week se VryDag) duur tot 22 April. ANDREA VINASSA gee 'n oorsig van die films wat vertoon word**

**HAVE YOU SEEN DRUM RECENTLY? (SA 1988)**
Die tydskrif Drum se oorspronklike hooffotograaf, Jurgen Schadeberg, hou sy lyf rolprentmaker met hierdie aangrypende vermenging van stilfoto's en rolprentsnitte wat in Sophiatown se tyd verfilm is. Die geboorte en groei van die ANC en ander dele van die geskiedenis wat nooit plek kry in die leerplanne van Christelik Nasionale Onderwys nie, word fassinerend verweef met die liedjies en lewens van musieklegendes van die jare vyftig.

**THE ABYSS/L'OEUVRE AU NOIR (BELGIË 1988)**
André Delvaux se prent speel af in Vlaandere in die sestiende eeu, 'n tydperk van godsdienstige onstuimigheid. Zeno, 'n alchemis, geneesheer en filosoof, soek na "die waarheid". Ná 'n reis deur Europa wat twintig jaar lank duur, keer hy terug na sy geboorteplek, Bruge. Daar lei sy rebelse oortuigings hom na die brandstapel.

**VIRGIN/FILETTE (FRANKRYK 1988)**
Lili is 'n maagd van veertien. Op vakansie ontmoet sy Maurice, 'n man van dertig. Die twee speel kat en muis.

**HERITAGE AFRICA (GHANA 1988)**
Regisseur Kwah Ansah het vanjaar die hoofprys by die Pan African filmfees in Burkina Faso met dié prent ingepalm. Heritage is die verhaal van 'n Ghanese staatsbeampte wat besef dat hy kultureel verward geraak het. Die prent beeld die problematiek uit van swart Afrikane wat sukkel om hul identiteit te behou onder die koloniale juk.

**THE MAN FROM BOULEVARD CAPUCINE (RUSLAND 1988)**
Rusland se eerste "cowboy-fliek". Alla Surikova is die regisseur van die satire vol Rooi Indiane, cowboys en kroeggevegte, wat verlede jaar die eerste prys by die Rolprentfees vir Vroue gewen het.

**THE LEGEND OF THE SURAM FORTRESS (RUSLAND 1984)**
Regisseur Sergei Paradjanov is al daarvan aangekla dat sy oortuigings mense aanmoedig om selfmoord te pleeg. Die prent word beskryf as 'n mirakelspel en handel oor fort Suram in Georgië wat voortdurend deur invallers van buite bedreig word.

**MUSIC TEACHER/LE MAÎTRE DE MUSIQUE (BELGIË 1988)**
Gerard Corbiau se eerste prent is vanjaar vir 'n Oscar benoem in die afdeling Beste Buitelandse Rolprent. Jose van Dam en Anne Roussel is die hoofspelers in die verhaal van 'n operaster wat die verhoog op die hoogtepunt van sy loopbaan verlaat om 'n belowende jong student af te rig.

**HAUNTED SUMMER (AMERIKA 1988)**
Die Suid-Afrikaanse aktrise Alice Krige speel Mary Shelley, Laura Dem is Claire, haar suster, Philip Anglim en Eric Stolz vertolk die uitgeweke digters Byron en Shelley in Ivan Passer se prent oor die kunstiges se doen en late by die Geneefse Meer.

**IT COULDN'T HAPPEN HERE (BRITTANJE 1988)**
Jack Bond sit die Pet Shop Boys aan 'n leiband.

**THE DAWNING (BRITTANJE 1988)**
Robert Knights is die regisseur van hierdie politieke prent wat handel oor die geweld van die Britse leër en die Ierse Republikeinse Leër in Suid-Ierland in 1920. Die hoofspelers is Anthony Hopkins en Rebecca Pidgeon.

**THE RAINBOW (BRITTANJE 1989)**
Ons kry nog voor die Britte Ken Russell se jongste prent te sien. Met Glenda Jackson, Sammi Davis en Amanda Donohue in die hoofrolle. Die prent is gegrond op DH Lawrence se roman waarin Gudrun en Ursula nog kinders is. (Hulle is volwassenes in Women in Love, wat Russell in 1969 gemaak het.)

**TRACK 29 (BRITTANJE 1988)**
Nicolas Roeg se nuutste, met Theresa Russell en Gary Oldman..."a film about spanking, incest and model railways", geskryf deur Dennis Potter.

**VINCENT (AUSTRALIË 1986)**
Paul Cox se huldeblyk aan Vincent van Gogh is nòg dokumentêr, nòg fiksie. John Hurt lees briewe voor wat Vincent aan sy broer Theo geskryf het in die laaste tien jaar van die skilder se lewe.

**BODILY RESTRAINT/ CONSTRAINTE PAR CORPS (FRANKRYK 1988)**
'n Kaal jong meisie omhels haar kêrel op 'n strand. 'n Puriteinse polisieman neem haar in hegtenis en kla haar van onsedelikheid aan. Sy beland in 'n eiland-gevangenis saam met 'n klomp misdadigers. Serge Leroy is die regisseur, en Marianne Basler en Catherine Wilkening die spelers.

**BURNING SECRET (WES-DUITSLAND/BRITTANJE 1988)**
Faye Dunaway en Klaus Maria Brandauer is die hoofspelers in dié verhaal van 'n ma se amper-egbreuk... soos gesien deur die oë van haar seun van twaalf. Brandauer speel die man wat met die jong seun vriende maak. Die seun besef later dat die vriendskap kom uit die man se liefde vir sy ma.

**BOHEME (ITALIË/FRANKRYK 1988)**
Luigi Comencini behartig die regie van Puccini se opera. Die Amerikaanse sopraan Barbara Hendricks sing die rol van Mimi.

**THE SECRET GARDEN/EL JARDIN SECRETO (SPANJE 1986)**
Carlos Suarez is die regisseur van dié liefdesverhaal met sado-masochistiese bo-tone. Assumpta Serna speel die rol van 'n meisie met 'n geheime verlede en vreemde seksuele gewoontes. Xabier Elorriaga is die kêrel wat versot raak op haar.

**SHAME (AUSTRALIË 1987)**
Soos The Accused handel Shame oor 'n verkragting en die pogings van 'n vroulike prokureur om die verkragters aan te kla. Dit speel af op die Australiese platteland waar die slagoffer se traumatiese ervaring deur haar onsimpatieke pa vererger word. Regie deur Steve Jodrell.

**RITES OF LOVE/CEREMONIE D'AMOUR (FRANKRYK 1988)**
Die erotiese Andre Pieyre de Mandiargues en die Poolse erotikus Walerian Borowczyk werk weer saam om 'n verhaal te vertel van twee hedoniste wat 'n prostituut ontmoet. In die strate van Parys praat hulle or die liefde, seksualiteit en ondergang. 'n Verrassing wag op hulle...

**DEATH OF A SON (BRITTANJE 1988)**
Oud-Suid-Afrikaner Ross Devenish behartig die regie van die dwelmverhaal wat gegrond is op die dood van Paul Williams in 1982 - die eerste keer toe hy dwelms probeer het. Lynn Redgrave speel die ma wat vir jare daarna gewerk het om te sorg dat die mense wat haar seun dwelms gegee het, gestraf word.
'n Tipiese Britse dokumentêre drama.

**THE LAIR OF THE WHITE WORM (BRITTANJE 1988)**
'n Ken Russell-prent met Amanda Donohue en Hugh Grant. Die prent word beskryf as 'n tog deur die volksballade en primitiewe musiek, wat ewe veel ontleen aan die tradisionele ballade as aan Bram Stoker se roman Dracula.

**SALOME'S LAST DANCE (BRITTANJE 1988)**
Glenda Jackson en Stratford Johns speel die hoofrolle in die Bybelverhaal van Salome en haar versoek vir die kop van Johannes die Doper. Ken Russell behartig die regie. Die draaiboek is gegrond op die toneelstuk deur Oscar Wilde.

**BALLHAUS BARMBEK/LET'S KISS AND SAY GOODBYE (WES-DUITSLAND 1988)**
Christel Buschmann se prent herinner aan Ettore Scola se Le Bal.
Dit is die verhale van 'n groep karakters, onder meer 'n Elvis-groupie, wat hulle dikwels in 'n ou balsaal in Hamburg bevind.
Met Jorg Pfennigwerth, Eva-Marie Hagen en die musiek van Lou Reed, Overnight Angels en Velvet Underground.

**MASCARA (BELGIË 1987)**
Michael Sarrazin en Charlotte Rampling speel die hoofrolle in 'n prent wat seksuele dekadensie ondersoek. 'n Naak van voor-foto van 'n hermafrodiet is die spil waarom hierdie "filme de scandale" draai.

**A SHORT FILM ABOUT KILLING (POLE 1988)**
Twee moorde - die sinlose moord van 'n haatlike huurmotorbestuurder en die teregstelling van 'n jong man word teen mekaar afgespeel. Krzystof Kieslowski, die regisseur, het die 'n Spesiale Jurieprys by Cannes gewen.

**I'VE HEARD THE MERMAIDS SINGING (KANADA 1987)**
Patricia Rozema eksperimenteer met video, stilfoto's, swart en wit, kleur, 'n gefragmenteerde verhaallyn om uit te kom by (haar woorde): "just enough reality to recognise the emotions and just enough fairytale to let the mind fly".

**MYSTIC PIZZA (AMERIKA 1988)**
Donald Petrie is die regisseur van die tienerprent "Mystic Pizza" waarin drie kelnerinne hul laaste somer in Mystic, Connecticut, deurbring. Jojo staan op troue met haar kêrel, maar is bekommerd oor haar toekoms as die vrou van 'n visserman. Daisy, ambisieus en sexy, moet die dorp verlaat om haar horisonne te verbreed. Kate het haar toekoms netjies beplan, maar dit word in die wiele gery deur haar liefde vir 'n getroude man.

**THE SOUTH/EL SUR (FRANKRYK/ ARGENTINIË 1988)**
Fernando Ezequiel Solanas het met hierdie prent die prys gewen vir die Beste Regisseur by die Cannes Filmfees 1988. Die tema is die interne ballingskap onder die Argentynse diktatorskap, en die moeilik aanpassing by die demokrasie.

**MANIFESTO (JOEGOSLAWIË 1988)**



Revolusie en liefde in die Joegoslawiese prent Manifesto

Dusan Makavejev, die regisseur van Montenegro, se prent oor revolusie en liefde. Dit speel af in 1920 in die denkbeeldige Waldheim. Ná die val van'n empire, kom 'n nuwe regering aan bewind. "Nuwe regerings het hulleself baie ernstig opgeneem, en die lewe het moeilik geraak vir revolusionêre mense. Nietemin, mense het roomyse bly verkoop en dit bly geniet..."

**PRINCE: SIGN OF THE TIMES (AMERIKA 1988)**
Prince is die regisseur. Prince is die ster. Wat hulle noem 'n "rockumentary".
Prince se 1987-wêreldtoer.

**MIGNON HAS COME TO STAY/ MIGNON E PARTITA (ITALIË 1988)**
Hopelik dui hierdie uitbundige familie-komedie op 'n oplewing in die Italiaanse filmbedryf. Regie deur nuweling Francesca Archibuti. Mignon is die Franse niggie wat in bourgeois Rome kom kuier.

**THE BRIGHTNESS/YEELEN (MALI 1987)**
Dié Afrika-prent word beskryf as 'n "magnificently bleak and powerful tale of mystic power and Oedipal rivalry." Nlanakoro is 'n soldaat wat sy lewe lank sy ma beskerm teen sy pa, 'n toordokter. Soos hy ouer word, ontdek hy dat hy meer magiese kragte het as sy pa, en dat sy pa hom wil vermoor. Regie deur Soulemayne Cisse.

**THE CANNIBALS/CANNIBAISI (PORTUGAL 1988)**
Die prent begin op 'n konvensionele noot, met 'n Don Giovanni-verhaal van 'n edelman wat op troue staan met 'n maagd. Maar 'n korrupte Don Juan-figuur wag sy kans af om die bruid te verlei. Met tientalle opera-partiture. Die prent word só beskryf: "Die regisseur (Manuel de Oliviera) laat toe dat die konvensionele opera-patroon omvergewerp word deur die anargistiese gees van Luis Bunuel en die prent verander in 'n metafoor vir die verval verouderde kunskanons."

**BETRAYED (AMERIKA 1988)**
Constantin Costa-Gavras se omstrede politieke riller waarin Debra Winger en Tom Berenger die rolle speel van onderskeidelik die nuwe vrou op die dorp en die geskeide boer. Maar eintlik is Winger 'n FBI-agent op die spoor van 'n moord.
Gegrond op die moord op die radio-persoonlikheid Alan Berg.

**CRY IN THE DARK (AMERIKA 1988)**
Die prent is gegrond op die "Dingo-babamoord", wat die afgelope agt jaar die voorblaaie van Australiese koerante volmaak. Meryl Streep speel Lindy Camberlain, die vrou wat ondanks die gebrek aan getuienis teen haar tot tronkstraf gevonnis word.



Meryl Streep in A Cry in the Dark

**A WORLD APART (BRITTANJE 1988)**
Oscar-bekroonde rolprentfotograaf Chris Menges se indrukwekkende debuut as regisseur. Dis geskryf deur Shawn Slovo, dogter van Joe Slovo, die hoof van SA Kommunistiese Party. A World Apart is die verhaal van 'n dertienjarige dogtertjie se verhouding met haar aktivis-ma (Ruth First).
Menges se aanslag is tipies Brits: hy gee aandag aan klein besonderhede en gebruik die film nie as 'n propaganda-geleentheid nie.
Die vertolkings is uitstekend: Barbara Hershey, Jodhi May en Linda Mvusi het die prys as Beste Aktrise by Cannes gedeel. Menges het die prys van die Spesiale Jurie ingepalm.

# Van Wit-Rusland tot revolusionêre Amerika

**COME AND SEE/IDI I SMOTRI (RUSLAND 1987)**
Hierdie is een van die skokkendste oorlogprente wat ek nog gesien het.
Dit handel oor die uitwissing van 'n aantal dorpe in Wit-Rusland, deur spesiale anti-partisaan-eenhede van die Nazi's. Dis gegrond op verslae van mense wat die wreedhede oorleef het.
Die verwoesting word gesien deur die oë van 'n kind wat deur die gebied reis en herinner aan Jerzy Kozinski se "The Painted Bird".
Die realisme van tonele waar die Duitsers 'n dorp afbrand, waar al die inwoners in 'n kerk doodbrand en waar jong meisies verkrag word, is byna ondraaglik. Volgens historiese bronne is die inwoner van 627 dorpies in die slagting uitgewis.
Elem Klimof, een van Rusland se regisseurs wat met sukses baklei het vir die nuwe bedeling in die Russiese filmbedryf, skram nie van wreedheid weg nie. 'n Mens wonder watter indruk die verfilming gelaat het om die gemoed van die kinder-akteur, Aleksei Kraftsjenko.

**HANDFUL OF DUST (BRITTANJE 1988)**
Dié prent is gegrond op Evelyn Waugh se dissertasie oor die noodlot en die liefde, wat hy geskryf het om sy pynlike huwelik te probeer vergeet.
Soos met sy vorige Waugh-draaiboek, pak regisseur Charles Sturridge die prent aan met naturalistiese energie en onsentimentele gevoeligheid. James Wilby speel die rol van die lojale eggenoot van Kristin Scott Thomas, 'n vervelige vrou wat haar verveeldheid probeer besweer deur 'n verhouding aan te knoop met ene John Beaver.
Hy bring haar onder die indruk dat hy op haar verlief is, maar eintlik is hy net besig om die sosiale leer te klim. Hoewel die verhaal nogal triestig is, is die aanslag lig en vermaaklik. Die kamerawerk, spel en inkleding is puik en tog so Brits.

**ELDORADO (SPANJE 1988)**
Carlos Saura is bekend vir sy skitterende dansprente. Dit is dus verbasend dat die brutale Eldorado so 'n statiese prent is. Die altyd-teenwoordige Lambert Wilson speel die leier van 'n tog deur die Amasone.
In 1560 het 400 mense 'n ekspedisie na die legendariese land van Eldorado onderneem. Die digte oerwoud en die opvlieënde persoonlikhede van die deelnemers het sy tol geëis: mense sterf soos vlieë op soek na die land wat hulle nooit vind nie.
Die prent is lank en vervelig, maar dit is tog verstommend uit 'n logistieke oogpunt. Die spel en produksie is van hoë gehalte, maar die Spanjaarde lyk maar humorloos.

**LOVE AND FEAR/PAURA E AMORE (WES-DUITSLAND/ITALIË 1988)**
Die kombinasie van Margarethe von Trotta, Greta Scacchi en Fanny Ardent is genoeg om te sorg vir 'n kragtoer. Maar Von Trotta bou haar stemmingsvolle prent losweg om Tsjekof se Drie Susters. Dit speel af in 'n Italiaanse universiteit in die dorpie Pavia waar die probleme van die post-feministiese tydperk sonder vervelige akademiese redevoering opgelos word. Ná Sandra (Valeria Golino) se sestiende verjaardag, verval die simbole van sekerheid in hul lewens.
Hierdie is die meesleurendste prent wat ek nog gesien het. Hier is nie die koue, harde snykant van haar Duitse prente nie, maar 'n warm en boeiende weergawe van die eietydse lewe. Verfilm teen die agtergrond van beeldskone argitektuur.

**MADAME SOUSATZKA (BRITTANJE 1988)**
Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft en Twiggy is die hoofspelers in hierdie soetsappige prent oor die verhouding tussen 'n Russiese klavieronderwyseres en haar geniale leerling, 'n Indiërseun wie se ma samoesas maak.
MacLaine se skitterende vertolking van Madame Sousatzka is die prent se redding.
Die draaiboek is geskryf deur Ruth Prawer Jhabvala, gegrond op 'n roman van Bernice Rubens. In haar pogings om die verval van Londen te laat saamval met die verval van ou mense, om die vernuwing van die stad te vergelyk met die verkommersialisering van klassieke musiek en dan nog die verhaal met simboliek aan te dik, ondergrawe sy die trefkrag vna die hoofverhaal.
Die regisseur is John Schlesinger.

**PATTY HEARST (AMERIKA 1988)**
Natasha Richardson, wat op 'n haar na lyk soos die regte Patty Hearst, gee 'n oortuigende vertolking van die rykmansdogter wat in 1974 ontvoer is deur 'n klomp revolusionêre. Die prent fokus op Hearst se weergawe van die verhaal waarvolgens sy by die groep aangesluit het om haarself te red.
Aanvanklik sleur Paul Schrader se stilistiese regie 'n mens heeltemal mee, maar naderhand word dit vervelig omdat hy jou nooit emosioneel betrek nie. Wat veral aanstoot gee is dat die Simbioniese Vryheidsmag, wat heelwaarskynlik wel 'n randkultusgroep was en nie 'n massa-beweging verteenwoordig nie, ná hierdie prent 'n slegte naam aan alle ander vryheidsbewegings sal gee.
Die prent is sosiaal onverantwoordelik en nog sleg gemaak ook.



Come and See: skokkende wreedhede uit die Tweede Wêreldoorlog in 'n Russiese film

## PROGRAM VIR JOHANNESBURG

**7 ARTS, Johannesburg**

**Vrydag 7 April**
2nm: Legend of Suram Fortress
6nm: The Brightness
8nm: Haunted Summer
10nm: Virgin
**Saterdag 8 April**
2nm: Welcome to Germany
6nm: Lair of the White Worm
8nm: Mystic Pizza
10nm Manifesto
**Maandag 10 April**
2nm: The Brightness
6nm: The Dawning
8nm: Mascara
10nm: Salome's Last Dance
**Dinsdag 11 April**
2nm: Death of a Son
6nm: Shame
8nm: Burning Secret
10nm: Virgin
**Woensdag 12 April**
2nm: The South
6nm: The Man from Boulevard Capucine
7.45nm: The Rainbow
10nm: Legend of Suram Fortress
**Donderdag 13 April**
2nm: Come and See
6nm: Solome's Last Dance
8nm: Lair of the White Worm
10nm: Virgin
**Vrydag 14 April**
2nm: Heritage Africa
6nm: Vincent
8nm: Track 29
10nm: It Couldn't Happen Here
**Saterdag 15 April**
2nm: Welcome to Germany
6nm: A Short Film About Killing
8nm: Mystic Pizza
10nm: The Brightness
**Maandag 17 April**
2nm: Legend of Suram Fortress
6nm: Death of a Son
8nm: A Cry in the Dark
10.15nm: A World Apart
**Dinsdag 18 April**
2nm: Heritage Africa
5.45nm: Madame Susatzka
8nm: Betrayed
10.15nm: A Short Film About Killing
**Woensdag 19 April**
2nm: Patty Hearst
6nm: I've Heard the Mermaids Singing
8nm: Manifesto
10nm: A World Apart
**Donderdag 20 April**
2nm: Vincent
5.45nm: Madame Sousatzka
8nm: A Cry in the Dark
10nm: Come And See
**Vrydag 21 April**
2nm: Death of a Son
6nm: Burning Secret
8nm: Secret Garden
10nm: It Couldn't Happen Here
**Saterdag 22 April**
2nm: Come And See
5.45nm: The South
8nm: The Rainbow
10nm: Manifesto
**Maandag 24 April**
2nm: Ballhaus Barmbek
6nm: The South
8.15nm: Mignon Has Come to Stay
10nm: Betrayed
**Dinsdag 25 April**
2nm: Lair of the White Worm
6nm: Rites of love
8nm: Secret Garden
10nm: Mascara
**Woensdag 26 April**
2nm: Haunted Summer
6nm: Shame
8nm: Salome's Last Dance
10nm: The Rainbow
**Donderdag 27 April**
2nm: The Brightness
6nm: Lair of the White Worm
8nm: Secret Garden
10nm: Mascara

**METRO 1, Hyde Park**

**Vrydag 14 April**
9.45vm: The Dawning
12.5nm: Madame Sousatzka
2.30nm: Love and Fear
6nm: Welcome to Germany
8nm: A Handful of Dust
10nm: I've Heard the Mermaids Singing
**Saterdag 15 April**
9.45vm: Patty Hearst
12.15nm: Vincent
2.30nm: Have You Seen Drum Lately?
8nm: It Couldn't Happen Here
10nm: Rosa Luxemburg
**Maandag 17 April**
9.45vm: Man from Capucine Boulevard
12.15nm: I've Heard the Mermaids Singing
2.30nm: Ballhaus Barmbek
6nm: The Cannibals
8nm: The Abyss
10nm: Patty Hearst
**Dinsdag 18 April**
9:45nm: Love and Fear
12:15vm: Track 29
2:30nm: Rosa Luxemburg
6nm: Vincent
8nm: Love and Fear
10nm: Secret Garden
**Woensdag 19 April**
9.45vm: Ballhaus Barmbek
12.15nm: Vincent
2.30nm: Madame Sousatzka
6nm: A Handful of Dust
8nm: La Boheme
10nm: Track 29
**Donderdag 20 April**
9.45vm: I've Heard the Mermaids Singing
12.15nm: Track 29
2.30nm: Have You Seen Drum Lately?
6nm: A Short Film About Killing
8nm: A Handful of Dust
10nm: Heritage Africa
**Vrydag 21 April**
9.45vm: Vincent
12.15nm: The South
2.30nm: The Cannibals
6nm: Mignon Has Come to Stay
8nm: The Music Teacher
10nm: It Couldn't Happen Here
**Saterdag 22 April**
9.45vm: Man from Capucine Boulevard
12.15nm: The Brightness
2.30nm: Haunted Summer
6nm: Mignon has Come to Stay
9nm: Prince - Sign O' The Times
10nm: Rosa Luxemburg
**Maandag 24 April**
9.45vm: Bodily Restraint
12.15nm: Rosa Luxemburg
2.30nm: Burning Secret
6nm: I've Heard the Mermaids Singing
8nm: Rites of Love
10nm: Patty Hearst
**Dinsdag 25 April**
9.45vm: Haunted Summer
12.15nm: Shame
2.30nm: Salome's Last Dance
6nm: Love Affair
8nm: Bodily Restraint
10nm: Eldorado
**Woensdag 26 April**
9.45vm: The Dawning
12.15nm: The Cannibals
2.30nm: The Music Teacher
6nm: Rites of Love
8nm: La Boheme
10nm: Virgin
**Donderdag 27 April**
9.45vm: The Dawning
12.45nm: Mystic Pizza
2.30nm: Haunted Summer
6nm: Bodily Restraint
8nm: Bodily Restraint
10nm: Virgin

Shareworld se program sal nog aangekondig word.
Die filmfees is oop vir almal. Rolprente word in die oorspronklike taal vertoon, met subtitels, behalwe "Come and See", wat na Engels oorgeklank is. Toegang is R6,30 per persoon. Afslag van 50c per persoon vir blokbesprekings van tien of meer mense. Bespreek by Computicket (of weeksdae ná vyf, Saterdae ná een-uur in Johannesburg by 728-1539 vir die 7 Arts, en 447-3091 by Hyde Park).

# Hierdie appeltjies nie net vir die dors!





HOEVEEL keer het jy al gewonder wat jy vir nagereg gaan maak? Jou voorgeregte, hoofgereg, slaai, alles is vooruit beplan vir jou dinee, maar gaats, wat van 'n nagereg?

Hier is 'n wenk: gaan koop vir jou 'n paar lekker appels. Appels is die veelsydigste vrug op die mark. Blaai maar deur goeie kookboeke: daar is altyd meer resepte vir appels as vir enige ander vrug.

Moenie jou neus vir appels optrek nie: die meesters van die koswêreld doen dit nie, en miskien kan mens iets van hulle leer.

Daar is soveel appel-nageregte dat ek nie weet waar om te begin nie. En die oorgrote meerderheid daarvan is eenvoudig en maklik om te berei.

Hier volg 'n paar:

## Eenvoudige appeltert

Laat ek tog sommer onmiddellik sê: vergeet maar van geblikte appel. Dis 'n onding wat omtrent heeltemal smaakloos is. Om enigsins smaak in geblikte appelmoes of -stukke te sit, moet jy soveel speserye gebruik dat jy naderhand nie meer weet dis appeltert nie. Appel uit 'n blik het waarskynlik 80-90 persent van sy smaak verloor.

Maak 'n eenvoudige appeltert met die volgende bestanddele (as die resep vir die deeg te groot is, maak dit volgende keer kleiner):

**500 g koekmeel**
**'n eetlepel strooisuiker**
**300 g botter**
**2-3 eetlepels melk**
**smaaklike vars appels, soveel as wat nodig is, in skyfies of kwarte gesny**
**(klein appeltjies kan in helftes gesny word)**

Voeg 'n bietjie sout by indien jy ongesoute botter gebruik. Jy kan die kors ryker maak deur die proporsie botter op te skuif, en selfs eiers bygooi. Ek verkies broskors nie te ryk nie.

Haal die botter vyf minute lank uit die yskas en sny dit in klein blokkies. Sif die meel en die suiker saam. Gooi die botterblokkies in die meel, en vryf nou die botter en die meel tussen jou handpalms in. Doen dit redelik vinnig sodat die botter nie smelt nie.

(Sommige mense sê jy moet die botter met jou vingerpunte invryf sodat die botter nie sag word weens te veel hitte uit jou hande nie. Dit neem egter so lank dat die botter wel gesmelt het wanneer jy klaar is.)

Jy het die deeg genoeg bewerk as dit soos fyn krummelpap lyk. As jy die deeg oorwerk, raak dit taai, en dan is dit nie meer broskors nie: broskors moet brós wees en maklik breek.

Voeg die melk by en bewerk die deeg liggies tot-dat dit net-net 'n stewige deeg vorm. Plaas dit tien minute in die vrieskas, dat dit nog stywer kan word.

Haal dit uit, sprinkel 'n bietjie meel op 'n oppervlak en op 'n koekroller of selfs 'n bottel en rol dit omtrent 'n 5 mm dik uit.

Ek weet daar is allerhande fênsie tertpanne, maar ek skryf nou vir mense sonder al hierdie goeters. Rol die deeg uit en plaas 'n bord daarop. Sny met 'n mes rondom die kante. Jy kan dit ook vierkantig of langwerpig sny soos jy wil.

Plaas dit op 'n bakplaat waarop 'n dun lagie olie gesmeer is. (Die goedkoopste bakplaat is baie goedkoop - 'n paar rand.)

Prik die deeg oral oor met 'n vurk sodat dit nie blase vorm nie en druk dit 10 minute in die oond teen ongeveer 180 grade Celsius (350 grade Fahrenheit).

Haal uit en rangskik die appels in 'n mooi patroon op die deeg. Plaas terug in die oond en bak 20-30 minute lank.

Haal uit en sif strooisuiker met 'n teesiffie lekker dik oor die hele tert. Skakel die oondrooster aan, en plaas die appeltert 'n paar minute lank net onder die rooster. Hou die tert nou dop - ek hoop jou oondlig werk, anders kan jy 'n flits gebruik.

Die suiker begin karamelliseer. Laat die suiker goed donker word en haal dit uit die oond net voordat dit begin brand. Dit lyk pragtig. Sny in skywe en bedien met room, waarin jy bietjie strooisuiker kan opklits as jy dit nóg soeter wil hê. Dis heerlik - jy kan die appel nog proe. Hoe lekkerder die appel, hoe lekkerder die tert.

'n Paar wenke:

* Deeg wat te veel is kan jy in die vrieskas sit totdat jy dit weer nog het. Ontdooi net en rol uit.
* Jy kan die tert warm of koud bedien. Jy kan dit ook herverhit.
* Vrugteterte kan jy nie lank hou of bevries nie. Die ideaal is dat jy dit eet wanneer dit uit die oond kom.
* Jy kan die tertbasis 'n paar dae voor die tyd bak en in die yskas of vrieskas hou totdat jy dit nodig het. Wees egter versigtig dat dit nie breek nie - dit word nie verniet broskors genoem nie.

Nou nog twee resepte, een vir gebakte appels, en die ander vir gestoofde appels.

## Gebakte appels

**4 groot smaaklike appels**
**30 g botter**
**'n bietjie water**
**60 g strooisuiker**
**4 eetlepels framboos- of rooi-aalbessiejellie (jy kan enige goeie konfyt gebruik)**

Voorverhit die oond tot 180 grade Celsius (350 grade Fahrenheit).

Was die appels en vee hulle droog. Jy kan hulle ontkern, maar dis nie nodig nie omdat die pitte 'n lekker smaak aan die appels gee.

Sny die appelskille horisontaal met 'n skerp mes in die rondte. Botter 'n bakskottel en gooi bietjie water onderin. Plaas die appels in die bakskottel met 'n klontjie botter bo-op elk. Druk in die oond. Haal na 'n kwartier uit en sprinkel die suiker daarop. Plaas terug in die oond en bak nog 30 minute lank of totdat dit sag is.

Laat die appels 10 minute afkoel voordat jy dit bedien, smelt die konfyt en gooi 'n bietjie op elk. Bedien in die bakskottel.

## Leipoldt se resep

En nou oubaas Leipoldt se reseppie vir gestoofde appels, wat heerlik warm of koud is. Ek verkies dit koud na 'n warm ete. Bedien met room of daarsonder. Ek lewer kommentaar tussen hakies.

"Sny geskilde appels aan stukke; sit in die pot met 'n koppie witwyn, 'n (klein) stukkie nartjieskil, 'n koppie suiker (of minder), 'n stukkie gemmer en 'n paar naeltjies (verkieslik net een).

"Sit die deksel op en en sit die pot oor 'n stadige vuur, en laat stadig kook; skud die pot, maar moenie roer nie. Sodra die appels sag is, haal die deksel af, voeg by 'n kelkievol gemengde brandewyn en suurlemoensap en laat nog 'n halfuur (heelwat korter!) baie stadig kook."

KOOS COETZEE

# Luukse J&B nou te koop

'N GESOGTE ou luukse whisky, J&B 15 Year Old Reserve, sal voortaan in Suid-Afrika versprei word, het Gilbeys aangekondig.

J&B Reserve is 'n besondere produk van Justerini & Brookes wat meer as twee eeue reeds uitsoekwyn en -spiritualieë aan puntenerige klante verskaf, sê die verspreiders.

Na 'n verouderingstydperk van minstens 15 jaar word J&B van hoofsaaklik Speyside mout-whisky versny. Dit is 'n whisky met 'n eie kenmerkende styl, soortgelyk aan J&B Rare, maar voller, meer kompleks en selfs sagter.

Dit het 'n besonder sagte, diep en afgeronde smaak met niks van die gekaramelliseerde, houtagtige swaarheid wat Skotse whisky gewoonlik kenmerk nie.

## Antiek

Die ontwerp beklemtoon die weelderigheid van die produk. Die etiket is in donkerder skakerings van die J&B-kleure gedruk, die bottel is vetter, en die groen glas ligter met 'n "antieke" voorkoms. Die bottels word afsonderlik in aantreklike houers verpak - die ideale geskenk.

J&B Reserve word nou in meer as 80 lande verkoop en dit word gereken as 'n topklas-whisky wat net deur uitsoekhandelaars versprei word en deur kieskeurige whisky-drinkers gekoop word. J&B Reserve is in 'n hoër prysklas as twaalf jaar oue whiskies en word teen ongeveer R46 'n bottel verhandel.

Paul Grinstead, bemarkingsbestuurder vir J&B, sê daar is ongetwyfeld 'n plek vir J&B Reserve op die Suid-Afrikaanse mark.

"Verbruikers word toenemend bewus van gehalte en is bereid om meer vir die beste te betaal," sê hy.





*TOM YAM PHOTEG?*

(Dis die naam van 'n beroemde Thailandse gereg - 'n warm-en-suur seekossop wat van suurlemoengras gemaak word)

**Hierdie en ander heerlike disse uit Suidoos- Asië kan tot laataand geniet word by die**

**KOALA BLU**
**7de Straat 9,**
**Melville**

Oop elke dag vir middag- en aandete en oggend- en middagtee

**Gee jou naam en adres aan Eric by Koala Blu en ontvang Vrye Weekblad 'n maand lank gratis**

HARRIDANS RESTAURANT

by die Mark-Teater

GEKIES AS EEN VAN DIE TOP TIEN-RESTAURANTE AAN DIE RAND

Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag vir middag- en aandete
Saterdae slegs aandete

Mark-Teater
Breëstraat, Newtown

Telefoon 838-6960

Est 1987
Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**

- **Die ideale plek vir u funksies**
**Bespreek vandag : 836-6611/2**

# Húlle aanbid Indiese god

**Vir baie Suid-Afrikaners is die Hare Krishna's met die enkele klossie hare op 'n kaalgeskeerde kop, helder oranje klere en klokkies maar net 'n vreemde skouspel op straat. Dis natuurlik omdat hulle nie deur die sluier van die leuen van die materiële wêreld kan sien nie. DEBBIE AMOS het met vier Krisha-volgelinge in Yeoville gaan kennis maak, en heel deurmekaar daarvan afgekom**





Bo: Arca Vigraha ofte wel Aileen Lipkin wy haar werk aan Krishna. Links: Walter, eers 'n model, nou 'n Krishna-volgeling

*Foto's: Ruvan Boshoff*

VISHAKA (dis die naam wat dié Krishna-gelowige van haar leermeester gekry het) is iemand wat alles in die lewe gehad het... behalwe daardie onnoembare iets wat altyd ontbreek het.

Sy het geredelik gepraat oor die groot keerpunt in haar lewe - maar eers oor hoe dit vroeër was...

"Ek het regtig alles gedoen wat ek wou doen," vertel sy. "Eers was dit al die regte dinge in die lewe. Ek het gaan studeer en 'n graad in Regte verwerf. Daarna het ek met die regte man getrou - hy is onder andere 'n wetenskaplike - en ons het saam die wêreld deurgereis. Daar was nooit 'n tekort aan geld nie.

"Ek onthou 'n dag in Mexico: die jong prokureur met haar man van aansien aan haar sy en al hulle geld. Ek was so bitter ongelukkig, dis asof ek na iets gesoek het, die betekenis van alles. Dit was seker die naaste wat ek nog aan selfmoord was."

## Hippie

Sy lag skielik: "Dis toe wat ek besluit om 'n hippie te word. Ek het ook besef dat 'n wetenskaplike nie sy hare kan laat groei en 'n kleurryke band om sy kop kan dra nie, en ek het sonder huiwering van my man geskei."

Toe het sy alles beproef, van sedeloosheid tot dwelms.

"Dit het gelukkig nie lank geduur nie," vertel sy verder. "Ek het probeer om weer deel van die samelewing te word, 'n gewone werk te doen en 'n gewone lewe te lei. Ek het nog altyd geweet dat as ek hard probeer ek enigiets kan regkry... as ek net wil. Maar ek wou nie."

Sy lag skielik en sê: "Ek het eendag op my bed in 'n vuil kamer gelê, sonder geld, kos en vriende en skielik besef: Ek wil 'n stelling maak! Dit is waaroor die lewe gaan! Om van betekenis vir die samelewing te wees!"

Vishaka het haar karige besittings bymekaar geskraap en in 'n afgeleë hut sonder geriewe naby Zwartkops gaan woon. Daar het sy begin werk aan 'n toneelstuk: Adam and Eve Revised.

"Ek onthou nog so goed," vertel sy, "daar sit ek met my beste vriend, my tikmasjien, in die hut, rook 'n lekker dagga-sigaret en dink: Dis mos die lewe!

"Maar dit was nie, ek het gou verveeld geraak en toe 'n vriend my eendag uitnooi om saam met hom na die Krishna-plaas duskant Cato Ridge te gaan, het ek nie gehuiwer nie, enigiets om net uit die verduiwelse hut te kom!

"Dis seker onnodig om te sê dat dit die begin van my ware lewe was. Dit was regtig wonderlik daar, rustig en stil en alhoewel ek moet erken dat ek ná twee jaar as Krishna-volgeling weer die materiële lewe gaan beproef het, was dit van korte duur. Ek was vinnig terug en ek is verheug om te sê dat ek in die elf jaar as 'n volgeling nooit gelukkiger in my lewe was nie."



Die Hare Krishna-vlot in Wits se jool-optog

'n Kunstenares wie se werk dwarsoor die wêreld in galerye uitgestal word is Aileen Lipkin - oftewel Arca Vigraha, 'n Krishna-volgeling vir ongeveer vier jaar.

Sy is 'n vrou wat baie gelukkig getroud was, met twee wonderlike kinders en 'n uitsonderlike kunstalent wat sy kon uitleef. Sy kon seker niks meer begeer nie.

"Ek het ook so gedink," vertel die klein vroutjie terwyl sy voedsel voorberei vir sy hoogheid Giriraj Maharaj, 'n geestelike meester wat daar tuisgaan. "Toe sterf my man ná 'n lang, pynlike siekbed en ek is skielik alleen in die wêreld met twee kinders wat nie naastenby my emosionele wroeginge kon verstaan nie.

"Dit is asof ek skielik tot die besef gekom het dat alles in die lewe net tydelik was. Ek het myself met 'n ongekende dors in al wat 'n geloof is, verdiep.

"'n Goeie vriend het my gevra om 'n boek oor verskillende gelowe te illustreer. Dit was soos manna uit die hemel. Nou het ek mos 'n rede gehad vir my intense ondersoek!"

## Woestyn

Die navorsing vir die boek het hulle oor drie jaar deur Wes-Afrika geneem; van Nigerië tot by die Ivoorkus. Haar ervaring van die Sahara-woestyn het later tot iets baie groter ontwikkel.

In 1977 het veral haar beeldhouwerke 'n dieper geestelike betekenis begin aanneem en sy het elke oomblik aan haar kuns gewy.

Acra Vigraha het eendag toevallig 'n boek oor die Sinaï-woestyn opgetel en begin lees. Sy het skielik 'n ongekende passie vir die woestyn ontwikkel en alle beskikbare inligting daaroor verorber.

Acra Vigraha wou self gaan kyk, en met een gids en twee kamele het sy die woestyn platgery. Sy het net stilgehou om te skilder en te slaap.

Haar volgende hartstog was Egipte, maar deurentyd het haar siel onbevredig gebly. Sy het Indië in 1984 besoek. Ná haar terugkeer het sy by die Ashram (die Krishna-plaas duskant Muldersdrift) aangedoen. "Daardie eerste besoek was al wat ek nodig gehad het om weer en weer terug te keer na die enigste plek wat werklik iets beteken."

Vandag wy die kunstenares haar werk geheel en al aan Krishna. Alles wat sy skilder word aan hom opgedra. Sy is tans besig met 'n reeks skilderye wat die vier vleeslike sondes uitbeeld en 'n bekende Johannesburgse kunsgalery wag op hete kole om die besondere werke uit te stal.

'n Afrikaanse meisie wat drie jaar gelede nog 'n sosiologie-student aan die Universiteit van Kaapstad was, Kunti Devi Dasi, vertel dat sy ook 'n intense gevoel van hartseer en lyding in die materiële lewe ervaar het.

"Ek het nog altyd gewonder waaroor alles gaan en kon nooit 'n bevredigende antwoord kry nie. Ek het toe besluit om my honneurs te gaan doen en skielik besef dat ek ook in die bose kringloop van die lewe beweeg. Ek was nooit werklik gelukkig in my lewe nie, en kon nooit die doel van die lewe verstaan nie.

"Ek en 'n vriend het eendag die tempel in Durban besoek terwyl die bouwerk nog aan die gang was. Ons het spontaan los werkies begin doen. Die mense daar was so gelukkig en vriendelik en het alles met oorgawe gedoen. Ons het met hulle begin gesels en die feit dat ek nie werklik my liggaam is nie, maar die siel binne, het begin sin maak. Ek het gedurig die gevoel begin kry dat ek meer beteken as net my vleeslike liggaam en sy behoeftes en dat ek bowenal na meer moet streef."

Kunti Devi Dasi het - soos die Bhagavad-Gita (Vediese geskrifte) dit voorskryf - al die voedsel wat sy inneem eers aan Krishna opgedra en die mantra, Hare Krishna, Hare Krishna, Krishna Krishna, Hare Hare, Hare Rama, Hare Rame, Rama Rama, Hare Hare, gereeld gesing. Dit het vir haar gevoel asof hierdie klein gebare haar siel help reinig.

"'n Mens kan net regtig gelukkig wees as jy God dien en na sy beeld streef," sê sy. "Alles op die aarde is net tydelik, ek berei myself voor vir die ewigheid."

Walter, 'n 24-jarige wat die afgelope nege maande 'n Krishna-volgeling is, was eers 'n model wat 'n bestaan uit sy voorkoms gemaak het. "Ek het op 'n baie jong ouderdom die huis verlaat en deur Europa gereis. Ek het daar as model gewerk.

"Dit was 'n baie ontnugterende tydperk in my lewe. Ek het gesien hoe mooi mense hulle voorkoms gebruik om te kry wat hulle wil hê en ek was nie beïndruk daarmee nie. Ek het geweet dat daar iewers in die wêreld 'n waarheid moet wees, iets wat werklik sin maak."

## Volmaak

Walter was vir vyf jaar vriende met Krishna-volgelinge en het al hoe meer begin besef dat wat hulle verkondig die waarheid is. "Die materiële wêreld bring niemand ooit geluk nie, hulle streef na geld en sukses, streef sedelose seks na, terwyl Krishna-volgelinge streef na 'n volmaakte verhouding met God."

Oor die feit dat Krishna-volgelinge drie keer per dag bad, sê hy net: "Cleanliness is next to Godliness" en oor die feit dat hulle net seks mag hê as hulle kinders wil hê sê hy: "Seks is, soos alles in die materiële wêreld, relatief. 'n Mens kan jou liggaam leer om sy drange te beheer en aan iets anders dink. Dit is regtig nie 'n probleem nie."

En Walter lyk regtig gelukkig.

## MUSIEK

**Jameson's Bar,** Commissionerstraat: 'n Wye verskeidenheid van SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Jazz by die Saterdagmiddagete, geen toegangsgeld. Vrydag- en Saterdagaand speel Bright Blue. Dinsdag-, Woensdag- en Donderdagaand is dit D Fusion.

**Roxy Rhythm Bar,** Mainstraat, Melville: Vanaand: African Jazz Pioneers. Saterdagmiddag: Little Sister, -aand: The Jive. Maandagmiddag: Pierre van Staden, -aand: Fat City. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Shifty Henry. Donderdag: Rush Hour. Vrydagmiddag: Tam Minter, -aand: African Jazz Pioneers. Tel: 726-6019.

**The Junction,** h/v Breë- en Claimstraat: Die ouer rock en new wave wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

**Kippies,** Mark-teater, Newtown: Township-jive se meer voorstedelike gelyke. Huldeblyk aan Kippie Moeketsi met onder andere Allen Kwela en Barney Rachabane. Hierdie vertoning is verleng tot 8 April. Van 11 tot 30 April sing Thembi Mtshali die blues.

**No 58,** Hillbrow: Bring Back That Lovin' Feeling. Met Anne Powers, Edwin van Wyk, Barbara Tellinger, Marilyn Taylor en The Boys in the Band - Garth Victor, Reuben Sameuls en Kai.

**Bones,** Rosebank: Restaurant met buitelugbiertuin vir yuppies en aspirant-yuppies. Vrydag: Double Image. Saterdag- en Sondagaande: gaskunstenaars. Woensdag: Sugar and Spice. Donderdag: Dave Dell.

**The Thunderdome,** h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en video's vermaak verskaf aan die tieners.

**Rumours,** Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook.

**Late Nite Duke's,** Melville: Laatnagalternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Rake's Wine Bar,** Ridgestraat 20, Parktown: In 'n ou huis met 'n groot tuin: Ligte etes op die grondvloer en steak op die boonste verdieping. Vrydagaand: Roots en die eenmanvertoning Nebbon. Dixieland-jazz deur die Jazz Aces op Saterdae tussen een- en vyfuur. Die Waldorf String Band is Sondae aan die beurt.

### Genuines by The Base

The Base: Vanaand, Saterdag-, Sondag- en Donderdagaand kan The Genuines gesien word. Woensdagaand is dit Reggae saam met DJ Mario.

**Villa Revue:** Workforce speel hier. Saterdagmiddae is daar 'n paar emstige jazzsessies.

**Rompie's Rhythm Bar,** Regency Hotel: Die groep Loco is elke aand hier met weergawes van bekende kommersiële musiek.

**Tatler's,** Silversands: Dinsdae tot Donderdae is die Tony Schilder-trio te sien. Vrydagaand kan die liefhebbers van laserstrale, John Travolta en alles wat met disko te make het, die groep Collage gaan geniet en Sondagaand is dit jazz met Jeff Weiner en Mainstream.

**Idols,** Loopstraat: Verskeie musieksmake kan blykbaar hier bevredig word. Van acid house, funk en old soul tot die nuuste treffers word deur die platejoggie gespeel.

**Artles Cellar Pub,** Riebeeckstraat 34: Verskeie jazz-groepe tree elke Saterdagmiddag tussen 2 en 6 hier op.

**Club Manzattan,** Moletsane, Soweto: Hoërinkomstegroep disko. Oop van elfuur die aand. Op Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Ledegeld R10. Alle soorte musiek. Tel: 930-1735

**Idols,** bokant van Endstraat: Lang toue van oorentoesiastiese jollers buite. Musiek en plesier vir die tiener-yuppies.

**Capone's,** Louis Bothalaan 440: Restaurant met orkes. Dinsdag: Brynn. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Largèsse. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Tam Minter. Sondag: Largèsse.

**Easy By Night,** Natalspruit: Vir hoëinkomstegroep jollers. Baie gewild onder Sowetane op Woensdagaande. Speel saam as jy 'n BMW het.

**Club Status,** Fun Valley: Disko met baie dansplek. Syndicate met Ronnie Joyce is die gereelde orkes in dié pas opgeknapte klub.

**Hard Rock Cafe,** 204 Oxfordlaan, Illovo: Gewilde tiener-uithangplek. Middag- en aandete op die maat van bekende treffers, uitgevoer deur die groep Alzec wat Woensdae en Sondae optree.

**King of Clubs,** h/v Mark- en Von Wiellighstraat: Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping.

**Blues,** 165 Marshallstraat: Word meestal besoek deur wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35). Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls...



**Bright Blue speel by Jameson's**

## FILMS

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
* Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie
SK - Ster Kinekor
M - Metro
K - Kaapstad
PWV - Pretoria, Witwatersrand, Vereeniging

****DANGEROUS LIAISONS - 'n Briljante rolprent wat beslis aanbeveel word. Glenn Close, Michelle Pfeiffer en die sjarmante John Malkovich lewer uitstekende vertonings in die rolprent waaarin seksuele en emosionele speletjies tot tragedies lei. SK: PWV, K.

***DEAR AMERICA: LETTERS FROM VIëTNAM - 'n Rolprent wat fokus op die onreg wat aan die Amerikaanse soldate gedoen is gedurende die oorlog. Briewe deur soldate, ouers en meisies word voorgelees deur akteurs met reputasies vir rebelsheid soos Sean Penn, Michael J Fox en Robert de Niro. Die klankbaan is genoeg rede om die rolprent te gaan sien met onder andere Alice Cooper, Bob Dylan en The Doors wat dit behartig.

***DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS - Steve Martin en Michael Caine speel die hoofrolle in die histeriese komedie, losweg gegrond op die swart komedie Bedtime Story, oor twee maltrappe wat ontmoet en besef dat een dorp nie groot genoeg is vir twee van dieselfde soort nie.

***RED SORGHUM - Wenner van die Golden Bear-toekenning vir beste film by 1988 se Berlynse internasionale filmfees is 'n idealistiese verhaal oor liefde, smart en lyding. Dit speel af 1930 tydens die Chinees-Japanse oorlog. Met Gogn Li en Jiang Wen.

***HIGH TIDE - Die bekende Australiese aktrise Judy Davis en regisseuse Gillian Armstrong werk vir die eerste keer weer saam sedert My Brilliant Career. High Tide handel oor verlore liefde tussen moeder en dogter, die oorsaak en die gevolge daarvan. Ook met Jan Adele en Colin Friels. SK: PWV

***RAINMAN - Dustin Hoffman en Tom Cruise vertolk die rolle van twee broers wat weer ontmoet ná hul pa se dood. Charlie (Cruise) wil uitvind hoekom hy net 'n motor en 'n klomp roosbome geërf het en wie die ander drie miljoen dollar ryker geword het. SK: PWV, K.

***WOMEN ON THE VERGE OF A NERVOUS BREAKDOWN - Dit lyk of vroue tot vervelens toe gaan kla oor die feit dat die wêreld deur mans aan die draai gehou word. Die lekkerkykstorie handel oor 'n paar vroue wie se mans hulle op een of ander manier bedrieg het en hul oorwinning oor smart. SK: PWV, K

***IMAGINE: JOHN LENNON - 'n Moet vir Lennon-liefhebbers. In die dokumentêre huldeblyk word 'n mens teruggeneem na die Beatle-era, John se

## TEATER

**Scorched Earth** deur Pieter-Dirk Uys wys by die Mark in Newtown in die Hoofteater. Die opvoering is ook deur hom geregisseer.

**Tom Foolery,** Leonard Rayne-teater, Doornfontein: Musikale revue na die woorde, musiek en lirieke van Tom Lehrer. Met Richard Loring, Malcolm Terrey, Mark Richardson en Celeste Litkie.

**Beyond Reasonable Doubt,** André Huguenet-teater, Hillbrow: 'n Hofdrama gegrond op die bekende Jeffrey Archer-verhaal. Met Rex Garner, John Hussey en Vanessa Cooke.

**Sarafina,** Warehouse by die Markteater: Die tweede rolverdeling van Mbongeni Ngema se Broadway-treffer. 'n Vernuftige bemarking van die revolusie à la Chorus Line. Blink en oppervlakkig.

**Whale Nation** met Dawid Minnaar by The Black Sun, 262 Louis Bothalaan, Orange Grove: Dinsdag tot Sondag om 8.30. Die groep **Peto** kan Dinsdag, Donderdag en Saterdag om 10.30 beluister word. 'n Opvoering genaamd **Schitz-are-free-in-here** met Sean Higgs, Liam Cundill, Lesley Rochat en Paul Savage is Woensdag, Vrydag en Sondagaande aan die beurt. Elke Vrydag en Sondagaand om 9-uur word poësie voorgedra.

**Gulls,** Staatsteater, Pretoria. Met Ron Smerczak en Jeremy Taylor.

Twee vertonings Upstairs van die Mark-teater: **Mdala en We Shall Sing for the Fatherland** van Zakes Mda.

**Nunsense,** Alhambra, Doornfontein: Die groep jolige nonne is terug in Johannesburg. Met onder andere Kate Normington, Gaby Lomberg en Natalie Gamsu.

### Kaapstad

**Baxter-teater,** Mainstraat, Rondebosch: Studio: Die opvoering **Orgasmo Adulto** (oor vroue se seksuele frustrasies) is nou op die planke. Die **Kaapstadse filmfees** word in die Teater aangebied. **Travelling Shots** word nog tot 15 April in die Concert Hall opgevoer.

**Nico Malan,** Strandgebied: **Die Vonkel in haar Oë,** met Flip Theron en Pieter Bredenkamp, is nog tot 8 April in die Hoofteater te sien. Daarna open **Long Day's Journey into the Night** met Patrick Mynhardt en Diane Wilson. Spesiale voorskou vanaand, Saterdag en Maandagaand. In die Operahuis begin die balletopvoering **Spartacus** op 12 April en duur tot 22 April. In die Arena open die opvoering **Sleutel-Gatrevue** met Elsabè Zietsman en Casper de Vries 12 April. Tot 22 April.

**Theatre on the Bay,** Kampsbaai: **Charley's Aunt** met Tobie Cronje speel nog tot Saterdag-aand. Die vertoning **Sarcophagus** open 11 April. Tot 29 April.

## Pot-Pourri

Truk-toneel se jaarlikse kunsfees word van 10 tot 29 April by die Windybrow en die Staatsteater aangebied. Die hele program verskyn volgende VryDag. Hier is die program tot dan:

**Windybrow: Dalro**
Maandag 10 April
6.30nm: The Ripples of the Second Rise
8.15nm: Sunday School for Rottweilers
Dinsdag 11 April
6.30nm: PW has Stroke, Mandela has Party!
8.16nm: Gunfight at Carnegie Hall
Woensdag 12 April
6.30nm: Sunday School for Rottweilers
8.15nm: The Ripples of the Second Rise
Donderdag 13 April
6.30nm: PW has Stroke, Mandela has Party!
8.15nm: Gunfight at Carnegie Hall
10.00nm: Dub Poetry

**Windybrow: Adcock-Ingram**
Maandag 10 April
8.15nm: TRITS
Dinsdag 11 April
8.15nm: Man in die Blou Maan
Woensdag 12 April
6.30nm: Pantsula-Disco Jive
8.15nm: Composers off Campus
Donderdag 13 April
6.30nm: Man in die Blou Maan
8.15nm: Fragments

**Staatsteater: Studio**
Maandag 10 April
8.15nm: My Father's House
Dinsdag 11 April
6.30nm: A Letter to my Love
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad
Woensdag 12 April
8.15nm: My Father's House
Donderdag 13 April
6.30nm: A Letter to my Love
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad

**Staatsteater: Momentum**
Maandag 10 April
6.30nm: Dancing 'round the fire
8.15nm: Die Crazer
Dinsdag 11 April
6.30nm: The Car
8.15nm: Pierrot
Woensdag 12 April
2.30nm: Avontuur deur Droomland
6.30nm: Die Crazer
8.15nm: Carol Coetsee's Jazzplus
Donderdag 13 April
6.30nm: Dancing 'round the fire
8.15nm: The Car

**Staatsteater: Transvalla**
Dinsdag 11 April
9.15nm: Summer with Monika
Woensdag 12 April
9.15nm: Canvas
Donderdag 13 April
9.20nm: Summer with Monika

## GALERYE

**Les Art International:** Werke van Dufy, Matisse, Pissarro, Signac and Vlaminck. Tot einde April.

**Goodman-galery:** Kunswerke deur Gail Catlin. Tot 8 April. Waterverfwerke en tekeninge deur Walter Battis en Max Wolpe van 15 April tot 6 Mei.

**Johannesburgse Kunsmuseum,** Joubertpark, Kleinstraat: 'n Nuwe uitstalling van Suid-Afrikaanse kunstenaars wat skilderye en beeldhouwerk insluit.

**Kim Sacks-galery,** Cavendishstraat, Bellevue: Verskeie soorte handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele. Suid-Afrikaanse mandjies en Suid- en Sentraal-Amerikaanse handwerke word tans uitgestal. Handgemaakte porselein deur Kim Sacks en Pedi-potte is ook te sien.

**Markteater-fotogalery,** Newtown: Gideon Mendel se fotografiese uitstalling, Beloofde Land, asook 'n satiriese beeldhou-uitstalling deur Brett Murray. Tot 15 April.

**Galery 21:** Etswerke deur Giulio Tambellini en Sonja Strafella. Tot 15 April.

**Cassirer-galery,** Mutualplein, Rosebank: Ballet, teater en film kostuums, ontwerp deur bekende Franse, Engelse en Suid Afrikaanse ontwerpers open 24 April. Tot 6 Mei.

**Everard Read-galery:** Landskappe deur verskeie kunstenaars. Tot 10 April.

**Natalie Knight-galery:** Verjaardag-herdenkingsuitstalling. Internasionale kontemporêre kunstenaars en moderne meesters.

**African Magic:** Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Nuwe werke gereeld beskikbaar. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en 9a Milkwoodsentrum, Plettenbergbaai.

### Kaapstad

**Cadres d'Esprit,** The Drive 29, Kampsbaai: Grafiese werke en tekeninge deur Titia Ballot.

**Gallery 709,** Adderlystraat: Collages deur Israelse kunstenarses Naama Nothmann. Tot 16 April.

**Cape Gallery,** Kerkstraat 60: Nuwe werke deur Pieter van der Westhuizen en George Botha.

**Kunskamer,** Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier. Nuwe werke van Irma Stern en Gregoire Boonzaaier.

**Artscene,** St Andrewslaan, Seepunt: Olieverf werke deur Anne Wells - 'Beyond Earth and Water' - open Sondag. Tot 23 April.

kinderjare en sy lewe saam met Yoko. Sy seuns, Sean en Julian lewer ook kommentaar oor hulle pa. 'n Meer konserwatiewe Yoko met kort hare vertel ook hoekom sy besluit het om van die meer private beeldmateriaal aan die publiek te vertoon. SK: PWV.

***BABETTE'S FEAST - Dié film, wat 'n Oscar as die beste buitelandse prent gewen het, handel oor die invloed wat 'n vlugteling van die Communard-opstand in Parys (en spesifiek haar kookkuns) het op 'n klein dorpie op die Jutlandse kus in Denemarke. Gegrond op 'n roman van Isak Denisen. SK: PWV, K

***A FISH CALLED WANDA - Cleese en Palin van die Monty Python-span saam met Jamie Lee Curtis (as stomme femme fatale wat uiteindelik verlief raak ) en Kevin Kline in 'n juweeldiefstal-avontuur. So snaaks dat almal huis toe gaan met seer wange. Wanda is die vis... en die mees sexy vrou wat Cleese sê hy ooit gesien het. SK: PWV, K.

**GORILLAS IN THE MIST - Gegrond op Dian Fossey se stryd om die berggorillas van uitwissing te red. Sigourney Weaver speel die hoofrol in die rolprent wat al twee Golden Globe-toekennings losgeslaan het. Ook met Bryan Brown en Julie Harris. M, SK: PWV, K

**WORKING GIRL - Die verhaal van twee vroue: 'n nydige baas en haar sekretaresse en hulle veldtog om die man van hulle drome vas te trek. Wenner van vier Golden Globe-toekennings en genomineer vir ses Academy-toekennings maak die fliek 'n moet. Met Sigourney Weaver, Harrison Ford en Melanie Griffith. SK:PWV,K

**THE ACCUSED - Jodie Foster is Sarah Tobias. Sy word deur drie mans, aangehits deur toeskouers, in 'n kroeg verkrag en haar stryd teen die skuldiges begin. Haar prokureur (Kelly McGillis) is huiwerig oor die hele aangeleentheid en Sarah beskuldig haar daarvan dat sy aan haar twyfel as gevolg van haar agtergrond. SK, M: PWV, K

**TO KILL A PRIEST - Christopher Lambert speel die rol van Vader Alec, 'n priester wat die owerhede laat sidder met die charisma wat hy van sy preekstoel af uitstraal. Hoewel die naam Vader Alec gebruik word, word die werkliheid nie van die fiksie onderskei nie. In 1984 is Vader Jerry Popieluszko koelbloedig deur die Poolse veiligheidspolisie vermoor en dié is sy verhaal. SK: K

**COCKTAIL - Tom Cruise is Brian Flanagan, 'n ambisieuse jong man wat aan die hand van die ervare Doug Coughlin (Brian Brown) die beste kroegman in Manhattan word. 'n Romanse met 'n pragtige kunstenares bring nuwe perspektief in Brian se lewe. SK: PWV, K

**ALIEN NATION - 300 000 Vreemdelinge (nogal van 'n ander planeet ook) beland in Los Angeles en dit blyk gou dat hulle nie baie mal is oor die aardse inwoners nie. Met James Caan en Mandy Patinkin. SK: PWV, K

*MARRIED TO THE MOB - In die komedie wil die pragtige Michelle Pfeiffer, wie se man lid van die Mafia was voor sy dood, haar vryheid herwin, maar loop haar gou vas teen sy vriende. Teenoor haar speel Matthew Modine, Dean Stockwell en Alec Baldwin. SK, M: PWV, K.

*TWINS - Danny DeVito en Arnold Schwartzenegger speel die hoofrolle as tweelingbroers wat nie van mekaar se bestaan geweet het nie. Julius (Schwartzenegger) vind uit dat hy een van 'n tweeling is en besluit om sy broer op te spoor met skreeusnaakse gevolge. SK: PWV, K

*THE DEAD POOL - Dirty Harry is terug, en hierdie keer (soos al die vorige kere) speel hy nie toneel nie. Harry Callahan se naam verskyn op 'n moordlys, wat hom die vervolgde maak pleks van die vervolger. Clint Eastwood, burgemeester van Carmel, is in die hoofrol. M, SK: PWV, K

*PUNCHLINE - Sally Field is 'n middeljare huisvrou wat nie haar werklikheid met fantasie kan versoen nie. As 'n aspirant-komediant verwaarloos sy haar man en kinders en dit neem haar '. tydjie om te besef wat sy eintlik wil hê. Tom Hanks speel teenoor haar. SK: PWV, K.

*CADDYSHACK II - In hierdie vervolg op die baie gewilde Caddyshack word daar weer gekyk na die doen en late by 'n eksklusiewe gholfklub. Jackie Mason vertolk die rol van die onwelkome nuwe lid van die klub wat sy eie obskure redes het waarom hy wil aansluit. Ook met Dyan Cannon en Chevy Chase. SK: PWV, K



**Dear America: dramaties, dokumentêr**

## Die Afrikaanse weergawe van Kinekor se filmgids kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad

★★★★★★★★★★★★★★★★

**7 - 8 APRIL 1989**

★★★★★★★★★★★★★★★★


STER-KINEKOR 7-8 APRIL 1989
MOVIES
CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES
CINEMAS ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET (ENQUIRIES (021) 21-4715)

**Maynard Mall Wynberg**
MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm DONAMECHE • STEVEGUTTENBERG COCOON - THE RETURN (All)
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm Arnold Schwarzenegger, Danny de Vito as TWINS Hilarious comedy (All)
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8.00, 10 15 pm JODIE FOSTER • KELLY McGILLIS THE ACCUSED Powerful courtroom drama (2-18)
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5 30, 8.00, 10.15 pm • LESLIE NIELSEN • THE NAKED GUN Laugh-a-minute comedy hit (2-10)

**Protea Claremont**
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
MON-FRI: 10 30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm SAT: 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 pm MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS The con-comedy of the year (All)
MON-FRI: 10.30, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 pm SAT: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD WORKING GIRL her time has come A Mike Nichol's film (2-16)
MON-FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm SAT: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm • LESLIE NIELSEN • THE NAKED GUN Laugh-a-minute comedy hit (2-10)

**Constantia Rosebank**
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY. 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm GLENN CLOSE • MICHELLE PFEIFFER DANGEROUS LIAISONS Lust, Seduction, Revenge — A must see! (2-18)
DAILY: 10, 2 30, 5 15, 7.45, 10 15 pm DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE RAINMAN Brilliant drama 8 Academy nominations. (2-16)
DAILY: 10, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • SIGOURNEY WEAVER • GORILLAS IN THE MIST Critically acclaimed drama (All)

**Tyger Valley**
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY. 9 45, 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10.15 pm DONAMECHE • STEVEGUTTENBERG COCOON - THE RETURN (All)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm Arnold Schwarzenegger, Danny de Vito as TWINS Hilarious comedy (All)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS The con-comedy of the year (All)
DAILY: 9 45, 2.30, 8.00 pm DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE RAINMAN Brilliant drama 8 Academy nominations. (2-16)
DAILY: 5.30, 10.15 pm MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD WORKING GIRL her time has come A Mike Nichol's film (2-16)

**Kine Parow**
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
MON-THUR: 10 30, 2 30, 5.30, 8 30 pm FRI 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 pm SAT. 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8.00, 10.15 pm • BLES BRIDGES • THE DEVIL AND THE SONG His story . His music . for everyone (All)
MON-THUR. 10 30, 2 30, 5.30, 8.30 pm FRI. 10 30, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm SAT: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8.00, 10 15 pm • LESLIE NIELSEN • THE NAKED GUN Laugh-a-minute comedy hit (2-10)

**Golden Acre**
CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8.00, 10 15 pm DONAMECHE • STEVEGUTTENBERG COCOON - THE RETURN (All)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS The con-comedy of the year (All)
DAILY: 10, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE RAINMAN Brilliant drama 8 Academy nominations (2-16)

**Monte Carlo**
FORESHORE, TEL. 25-3052
MON-THUR. 10 30, 2 30, 5 30, 8.30 pm FRI: 10 30, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm SAT: 9.45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10 15 pm GLENN CLOSE • MICHELLE PFEIFFER DANGEROUS LIAISONS Lust, Seduction, Revenge — A must see! (2-18)
MON-THUR: 10.30, 2 30, 8.30 pm FRI: 10.30, 2 30, 8 00, 10 15 pm SAT: 9 45, 12, 2 30, 8 00, 10.15 pm JOHN CLEESE, KEVIN KLINE, JAMIE LEE CURTIS A FISH CALLED WANDA A wild, sexy comedy (2-18)
NIGHTLY: 5.30 pm ONLY Tantalizing . . . War-of-the-sexes-comedy! WOMAN ON THE VERGE OF A NERVOUS BREAKDOWN (With sub-titles) (2-14)

**Elite Sea Point**
SEA POINT, TEL. 44-8941
DAILY 2.30, 8 30 pm MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD WORKING GIRL her time has come A Mike Nichol's film (2-16)
DAILY: 5.30 pm ONLY BABETTE'S FEAST (With sub-titles) Outstanding entertainment (All)
★ SATURDAY at 10.30 am ★ CROCODILE DUNDEE

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
MON-FRI: 2 00, 4.30, 7 00, 9.15 pm SAT: 10.30, 2 00, 4.30, 7.00, 9.15 pm DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE RAINMAN Brilliant drama 8 Academy nominations (2-16)
MON-FRI: 2.00, 4.15, 6 30, 9.00 pm SAT: 11, 2 00, 4.15, 6 30, 9 00 pm DONAMECHE • STEVEGUTTENBERG COCOON - THE RETURN (All)
MON-FRI: 2.00, 4 15, 6 30, 8.45 pm SAT: 10 30, 2.00, 4 15, 6 30, 8 45 pm MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS The con-comedy of the year (All)
MON-FRI: 2.15, 4.30, 6.45, 9.00 pm SAT: 11, 2 15, 4 30, 6 45, 9 00 pm Arnold Schwarzenegger, Danny de Vito as TWINS Hilarious comedy (All)

**Somerset West**
TEL. (024) 2-5581
MON-THUR: 3.00, 5.30, 8.00 pm FRI: 2 15, 4 30, 6.45, 9.00 pm SAT: 10.15, 2.15, 4 30, 6 45, 9.00 pm MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD WORKING GIRL her time has come A Mike Nichol's film (2-16)
MON-THUR. 2.30, 5 15, 8.30 pm FRI-SAT: 2 00, 4 30, 7 00, 9 15 pm DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE RAINMAN Brilliant drama 8 Academy nominations (2-16)
SPECIAL SATURDAY: 10 30, 12.15 pm ONLY LADY AND THE TRAMP Walt Disney's all-time favourite classic (All)

**DRIVE-INS**
★ NIGHTLY AT 8.00 pm ★ R9,50 per Car, Combi, or L.D.V. for 2 Films
Goodwood - Tel 54-4339: THE ACCUSED JODIE FOSTER, KELLY McGILLIS Drama. (2-18) MASQUERADE ROB LOWE, MEG TILLEY (2-16)
Seabreeze - Tel 75-1821: COCOON - THE RETURN DON AMECHE, STEVE GUTTENBERG. (All) DIRTY DANCING PATRICK SWAYZE, JENNIFER GREY. (2-10)
Skyvue - Tel 903-5130: DEVIL AND THE SONG BLES BRIDGES. His story, His music, for everyone IN THE NAME OF BLOOD TEDLE PLAT, SANDRA PRINSLOO DRAMA. (2-12)
• ADGRAPHICS •

STER-KINEKOR 7 APRIL – 13 APRIL ADVANCE BOOKINGS AT COMPUTICKET ENQUIRIES (011) 28-3040 – ALL WELCOME
MOVIES
PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

**CENTRAL**
KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2
Daily 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) THE FANTASY CONTINUES IN THE 'MUST-SEE' SEQUEL!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) A HILARIOUS TONGUE-IN CHEEK COMEDY STARRING STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
TWINS (A)
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
WORKING GIRL (2-16)
A FISH CALLED WANDA (2-18)
Daily: 10 00, 12.15, 2.30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 5 30, 7.45, 10.00 pm MARRIED TO THE MOB (2-16)
COCKTAIL (2-16)
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.20 pm RAINMAN (2-16)
COMING ATTRACTION 14 Apr – THE ACCIDENTAL TOURIST

**NORTH**
SANDTON CITY 1-7 783-4430/1
Daily: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10.00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) THE LONG-AWAITED SEQUEL WITH MORE ADVENTURE, SURPRISES AND HEARTACHE!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) MICHAEL CAINE – A CONMAN WITH CLASS! STEVE MARTIN – A CONMAN WITHOUT!
TWINS (A)
Daily: 10.00, 12 15 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily. 2.30, 5 30, 8.00, 10.20 pm RAINMAN (2-16)
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
Daily: 10 00, 2.30, 8 00 pm GORILLAS IN THE MIST (A)
Daily: 12,15, 5.30, 10.15 pm A FISH CALLED WANDA (2-18)
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTION 14 Apr – THE ACCIDENTAL TOURIST

*The Magic – The Fantasy – The Romance*
*The Return*
Cocoon – The Return
THE 'MUST-SEE' SEQUEL OF 1989 THE ADVENTURE CONTUINES!

STER CITY 1-8 337-3033
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 pm THE NAKED GUN (2-10) FROM THE MAKERS OF 'FLYING HIGH' A MUST SEE HILARIOUS COMEDY!
THE ACCUSED (2-18) A RAPE VICTIM FIGHTS BACK! STARRING AWARD WINNING ACTRESS JODIE FOSTER!
Daily 9.45, 12 00, 2.30, 5.30, 7.45 pm THE DEAD POOL (2-16)
Daily 10.00 pm THE ROCKY HORROR PICTURE SHOW (2-18)
THE DEVIL AND THE SONG (A)
WORKING GIRL (2-16)
IMAGINE JOHN LENNON (2-12)
Daily: 10 00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm MIDNIGHT RUN (2-18)
Daily: 10.00, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm GORILLAS IN THE MIST (A)
COMING ATTRACTION 14 Apr – SPLIT DECISION

KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Daily 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) JOURNEY TO THE MOST WONDERFUL PLACE ON EARTH – HOME!
Daily 10.00, 12 15, 2.30, 5 30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily 7.45, 10.00 pm WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTION 28 Apr – A TIME OF DESTINY

CRESTA RANDBURG 476-3802
Daily. 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) THE FANTASY CONTINUES! THE MUST-SEE SEQUEL!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) WHATEVER YOU DO – DON'T TURN YOUR BACK ON THEM! A COMEDY WITH STEVE MARTIN!
Daily: 10 00, 12.15, 2.30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 5.30, 7.45, 10.00 pm TWINS (A)
COMING ATTRACTIONS 21 Apr – THE EMISSARY 12 May – THE RESCUE

KINE HILLBROW 1-3 725-3134
Daily: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) THE LONG-AWAITED SEQUEL! MORE EXCITEMENT AND ADVENTURE!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) TWO CONMEN YOU MIGHT WANT TO AVOID! A COMEDY STARRING STEVE MARTIN!
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8 15, 10.30 pm RAINMAN (2-16)
COMING ATTRACTION 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8 00, 10.20 pm RAINMAN (2-16) NOMINATED FOR 5 ACADEMY AWARDS! WITH TOM CRUISE & DUSTIN HOFFMAN!
Daily 12.30 pm THE FOX AND THE HOUND (A)
Daily: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm DANGEROUS LIAISONS (2-16)
COMING ATTRACTIONS 14 Apr – THE ACCIDENTAL TOURIST 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

**EAST**
EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daily 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) THE MYSTERY, THE FANTASY, THE ADVENTURE, CONTINUES!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) THE DEFINITE MUST-SEE' COMEDY OF THE YEAR! WITH MICHAEL CAINE!
THE NAKED GUN (2-10) FROM THE FILES OF POLICE SQUAD! A COMEDY WITHOUT END!
Daily 10.00, 12.15 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily 2 30, 5.30, 8.00, 10.20 pm RAINMAN (2-16)
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTIONS 14 Apr – THE ACCIDENTAL TOURIST 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Daily. 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm THE DEVIL AND THE SONG (A) THE DRAMATIC STORY OF A MAN'S RISE TO FAME! WITH BLES BRIDGES!
TWINS (A) A HILARIOUS COMEDY STARRING DANNY DE VITO!

CONSTANTIA BENONI 422-3305
Daily: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 pm DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE IN THE HILARIOUS COMEDY!
COMING ATTRACTION 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

350 BOKSBURG 52-4631
Daily: 10 00, 12.15, 2.30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 5.30, 8 00, 10.20 pm RAINMAN (2-16) ACADEMY AWARD FOR BEST PICTURE!

PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223
Daily: 10.00, 12 15 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
TWINS (A)
COMING ATTRACTION 21 Apr – THE EMISSARY

POTCH
KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm THE NAKED GUN (2-10) A TRULY HILARIOUS COMEDY FROM THE MAKERS OF 'FLYING HIGH'!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE – TWO CONMEN IN THIS HILARIOUS COMEDY!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
COMING ATTRACTION 5 May – FOREVER FRIENDS

**WEST**
WESTGATE 1-3 764-2530
Daily 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) A HILARIOUS COMEDY STARRING STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
TWINS (A)
Daily: 10 00, 12.15, 2.30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily 5 30, 7 45, 10 00 pm WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTION 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) THE SEQUEL! THE FANTASY CONTINUES!
Daily: 10 00, 12.15, 7 45, 10.00 pm TWINS (A)
Daily: 2.30, 5.30 pm THE DEVIL AND THE SONG (A)

CINE HIGHGATE 1-5 474-2013 Tickets: Adults R4.50. Scholars R3.00
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) ADVENTURE & INTRIGUE! THE MUST-SEE SEQUEL!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE IN THIS LAUGH-A-MINUTE COMEDY!
TWINS (A) DANNY DE VITO & ARNOLD SCHWARZENEGGER IN THE COMEDY NOT-TO-BE-MISSED!
THE ACCUSED (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily. 7.45, 10.00 pm IN THE NAME OF BLOOD (2-12)
COMING ATTRACTIONS 14 Apr – SPLIT DECISION 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

KINE KRUGERSDORP 665-5330/1
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 pm THE DEVIL AND THE SONG (A) THE TRUE LIFE STORY OF BLES BRIDGES!
TWINS (A)
COMING ATTRACTION 14 Apr – SPLIT DECISION

VAAL △
RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 pm THE DEVIL AND THE SONG (A) STARRING BLES BRIDGES!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
COMING ATTRACTION 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm THE NAKED GUN (2-10)
Daily: 10 00, 12.15, 2.30 pm LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 5 30, 8.00, 10.20 pm RAINMAN (2-16)

**PRETORIA**
STERLAND 1-8 341-7568/9
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 pm COCOON 2 – THE RETURN (A) MYSTERY, ADVENTURE, ROMANCE!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) A HILARIOUS COMEDY STARRING STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
TWINS (A) LAUGHTER AND ACTION IN THIS HILARIOUS COMEDY!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
THE NAKED GUN (2-10)
WORKING GIRL (2-16)
Daily 10 00, 12.15 pm COCKTAIL (2-16)
Daily: 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm A FISH CALLED WANDA (2-18)
Daily 10.00, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm GORILLAS IN THE MIST (A)
COMING ATTRACTIONS 21 Apr – THE EMISSARY 28 Apr – A TIME OF DESTINY

SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daily 10 00, 2 30, 5.30, 8 00, 10.20 pm RAINMAN (2-16) DUSTIN HOFFMAN AND TOM CRUISE IN THIS MULTIPLE-OSCAR-NOMINATION FILM!
Daily: 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm DANGEROUS LIAISONS (2-16)
LADY & THE TRAMP (A)
COMING ATTRACTIONS 14 Apr – THE ACCIDENTAL TOURIST 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

TRANSVALIA 26-8387
Daily. 10.00, 2.30, 8 00 pm JEAN DE FLORETTE (A)
Daily: 12.15, 5.30, 10.15 pm MANON OF THE SPRING (A)
12 APRIL 10.00 am SOLD OUT

VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) LAUGHTER AND ADVENTURE!
TWINS (A)
COMING ATTRACTION 5 May – FOREVER FRIENDS

ICE-RINK 44-5253
PUBLIC SKATING MONDAYS – SATURDAYS 1st Session: 10.00-12.30 pm 2nd Session: 2.00-5.00 pm Sun. 2.00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

Sun City Theatres 014651-21174
NOW SHOWING: OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3: A TIME OF DESTINY (A) GORILLAS IN THE MIST (A) LADY AND THE TRAMP (A)
CINE 1: PRETTY PEACHES (Adult) COVER GIRL (Adult) THE BLONDE NEXT DOOR (Adult)
CINE 2: SWINGING PARTIES (Adult) MY NIGHTS WITH MESSALINA (Adult) KINKY LADIES OF BOURBON ST (Adult)

THE MECCA OF QUALITY FILMS
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS: ACCIDENTAL TOURIST MISSISSIPPI BURNING TIME OF DESTINY NIGHT OF THE PENCILS

THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daily 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10 20 pm RAINMAN (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 DEAR AMERICA (2-12)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm I PICARI (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm IMAGINE JOHN LENNON (2-12)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm WOMEN ON THE VERGE OF A NERVOUS BREAKDOWN (2-14)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm BABETTE'S FEAST (A)

CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daily 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm HIGH TIDE (2-14)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm DANGEROUS LIAISONS (2-16)
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS
FOUNTAINS 44-2454: THE MUST-SEE SEQUEL! THE FANTASY CONTINUES! COCOON 2 – THE RETURN (A) NIKITA (2-12) 14 Apr: PLATOON LEADER/FREEDOM FIGHTERS
SWARTKOPS 374-4902: BLES BRIDGES' TRUE LIFE STORY! THE DEVIL AND THE SONG (A) IN THE NAME OF BLOOD (2-12) 14 Apr: TWINS/AIRWOLF
WONDERBOOM 57-1108: A HILARIOUS COMEDY WITH STEVE MARTIN AND MICHAEL CAINE! DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) I WAS A TEENAGE VAMPIRE (A) 14 Apr: COCOON 2/NIKITA
LYNNWOOD 87-1633: DANNY DE VITO IN THE HILARIOUS COMEDY! TWINS (A) SPACEBALLS (A) 14 Apr: RAINMAN/BILOXI BLUES
UITSPAN 7-2515: BLES BRIDGES' TRUE LIFE STORY! THE DEVIL AND THE SONG (A) IN THE NAME OF BLOOD (2-12) 14 Apr: ACCUSED/FATAL ATTRACTION
JAKARANDA 54-9115: A HILARIOUS COMEDY FROM THE MAKERS OF 'FLYING HIGH'! THE NAKED GUN (2-10) TOP SECRET (A) 14 Apr: DEVIL AND THE SONG/IN THE NAME OF BLOOD
WITBANK 01351-81064: LAUGHTER ALL THE WAY! CADDYSHACK 2 (A) FUNNY FARM (A) 14 Apr: DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/SWEETHEARTS DANCE
RUSTENBURG 01421-29358: ROBERT DE NIRO IN THE ACTION COMEDY! MIDNIGHT RUN (2-18) THE SERPENT AND THE RAINBOW (2-18) 14 Apr: GORILLAS IN THE MIST/RETURN TO SNOWY RIVER

STER-KINEKOR 7 Apr – 13 Apr DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT
ONLY R10,00 PER CAR, KOMBI OR L.D.V. FOR 2 SHOWS.
Films change on FRIDAYS. Gates and cafeteria open 6.00 p.m. Shows start at 7.15 p.m.
INFORMATION CENTRE: EAST-RAND 816-1444, WEST-RAND 412-1843
Please Note: Extra late shows at 11.00 pm Friday and Saturday at Top-Star, Velskoen and Atlas. R6,50 per car, kombi or L.D.V.

TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877: STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE! FILLED WITH LAUGHTER FROM START TO FINISH! DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) THE BIG BLUE (2-16) EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 pm R6,50 PER CAR. DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS 14 Apr: TWINS/FISH CALLED WANDA
VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812: TWO CONMEN WHO WILL STEAL YOUR HEART & ALL YOU OWN! A HILARIOUS COMEDY! DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) BUSTER (2-14) EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 pm R6,50 PER CAR DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS 14 Apr: TWINS/FISH CALLED WANDA
ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017: TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES! THE DEVIL AND THE SONG (A) IN THE NAME OF BLOOD (2-12) EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 pm R6,50 PER CAR THE DEVIL AND THE SONG 14 Apr. NAKED GUN/FISH CALLED WANDA
STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131: THE MUST-SEE SEQUEL! THE FANTASY CONTINUES! COCOON 2 – THE RETURN (A) BLACK EAGLE (A) 14 Apr: WORKING GIRL/MARRIED TO THE MOB
5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963: THE MUST-SEE SEQUEL! THE FANTASY CONTINUES! COCOON 2 – THE RETURN (A) JOHNNY BE GOOD (2-12) 14 Apr: WORKING GIRL/ALIEN NATION
KEMPTON PARK 816-1444/976-4905: A MUST SEE ACTION COMEDY! THE NAKED GUN (2-10) WILLOW (A) 14 Apr: DEVIL AND THE SONG/IN THE NAME OF BLOOD
SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129: TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES THE DEVIL AND THE SONG (A) IN THE NAME OF BLOOD (2-12) 14 Apr: NAKED GUN/TEENWOLF 2
GERMISTON 816-1444/902-1607/8: THE TRUE STORY OF DIAN FOSSEY! GORILLAS IN THE MIST (A) CADDYSHACK 2 (A)
STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468: BLES BRIDGES' TRUE LIFE STORY! THE DEVIL AND THE SONG (A) IN THE NAME OF BLOOD (2-12) 14 Apr: DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/BIG BLUE
SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138: LAUGH-A-MINUTE COMEDY DOUBLE FEATURE! TWINS (A) SCROOGED (A) 14 Apr: DEVIL AND THE SONG/VERKEERDE NOMMER
PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411: A CHARMING BACHELOR A BOSS FROM HELL & THE SECRETARY - HER TIME HAS COME! WORKING GIRL (2-16) ALIEN NATION (A) 14 Apr: COCOON 2/MARRIED TO THE MOB
MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060: TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES! THE DEVIL AND THE SONG (A) SKOLLIE (2-14)
HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212: A COMEDY WITH DANNY DE VITO & ARNOLD SCHWARZENEGGER! TWINS (A) TUCKER (A) 14 Apr: GORILLAS IN THE MIST/FUNNY FARM
BRAKPAN 816-1444/915-3907: TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES! THE DEVIL AND THE SONG (A) SKOLLIE (2-14) 14 Apr: DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/MARRIED TO THE MOB
VEREENIGING 816-1444/12-3211: TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES! THE DEVIL AND THE SONG (A) SKOLLIE (2-14) 14 Apr: DEAD POOL/COCKTAIL
KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117: THE TRUE LIFE STORY OF BLES BRIDGES! THE DEVIL AND THE SONG (A) IN THE NAME OF BLOOD (2-12) 14 Apr: GORILLAS IN THE MIST/FRANTIC
KRUGERSDORP 412-1843/953-1959: LAUGHTER ALL THE WAY IN THIS COMEDY DOUBLE! CADDYSHACK 2 (A) BIG BUSINESS (A) 14 Apr: DEVIL AND THE SONG/IN THE NAME OF BLOOD
NIGEL 816-1444/739-6616: THE TRUE LIFE STORY OF BLES BRIDGES! THE DEVIL AND THE SONG (A) LIEWE HEMEL GENIS (A) 14 Apr: WORKING GIRL/BUSTER

## Hoogtepunte op TV

# Kyk na 'n ander Mike Hammer

M-NET se rolprent van die maand, Over the Top, wys Sondag-aand om 8.30. Sylvester Stallone is Lincoln Hawk, 'n alleenloper wat van dorp tot dorp reis as vragmotorbestuurder nadat hy uit sy vroeë huwelik deur sy skoonvader (Robert Loggia) gedwing is. Wanneer hy sy seun (David Mendenhall) na twaalf jaar weer ontmoet, wen hy sy respek toe hy die armdruk - wêreldkampioen word.

I, THE JURY is 'n speur-drama met Armand Assante en Barbara Carrera wat Donderdag-aand op M-Net vertoon word. Privaat speurder Mike Hammer besluit om 'n volskaalse ondersoek te loots in die brutale moord van sy beste vriend. Tot die frustrasie van die polisie kaptein neem hy 'n eed om persoonlik wraak te neem. Ook met Alan King en Geoffrey Lewis.

GEORGE LAZENBY kan in sy eerste en enigste rol as 007 in On her Majesty's Secret Service vanaand op M-Net gesien word. Superboef Blofeld beplan om die wêreld se groentelewe geheel en al uit te wis (net hy weet hoekom) met 'n virus wat hy ontdek het. James Bond ry natuurlik die man se planne in die wiele. Ook met Diana Rigg.

BUTCH AND SUNDANCE: THE EARLY DAYS - 'n Komedie oor die avonture van twee kleurryke karakters van die ou Wilde Weste, hul ontmoeting en hulle vroeë rooftogte wat uiteindelik daartoe lei dat hulle berugte misdadigers word. Met William Katt en Tom Berenger.

DIE gewilde reeks Family Ties neem Maandag-aand die plek van Head of Class op TV4. Die Keaton-familie is in al hulle glorie terug en in die eerste episode al begin die vonke tussen ouers en kinders spat. Mallory (Justine Bateman) bring haar nuwe kêrel (wat soos Rambo lyk) huistoe en haar ouers is geskok deur sy onnet uiterlike en kru maniere.

CHITTY CHITTY BANG BANG is TV1 se Saterdag-aand rolprent waarin malkop Caractacus Potts (Dick van Dyke) twee kinders Jeremy en Jennifer saam met 'n vriendin van hom strand toe neem in 'n ou stukkende kar genaamd Chitty Chitty Bang Bang. Die kinders kom gou agter dat die kar nie sommer 'n gewone kar is nie...Ook met Adrian Hall, Heather Ripley en Sally Ann Howes.

HAVE YOU CHECKED THE CHILDREN? Wie sal ooit hierdie vraag kan vra sonder 'n gedagte aan die vreeslike riller-fliek, When a Stranger Calls. Die rolprent word Donderdag-aand laat op TV1 vertoon en is beslis nie aanbeveel vir mense wat maklik skrik nie. 'n Sigopatiese moordenaar ontsnap uit 'n inrigting en die pret begin. Met Charles Durning en Carol Kane.

WAT maak twee mans as hulle mekaar na 13 jaar weer ontmoet by die lees van hul vorige meisie se testament en uitvind dat hulle 'n 12-jarige dogter geërf het waarvan alby moontlik die pa kan wees? In My Two Dads wat Woensdag-aand op TV4 begin besef die jong maar wys Nicole dat sy met twee uiteenlopende karakters te doen het en sal moet saamleef. Michael is 'n ambisieuse besigheidsman wat volgens reëls en regulasies leef en Joey is 'n kunstenaar wat sy vryheid baie hoog aanskryf. Met Paul Reiser, Greg Evigan en Staci Keanan.

ME AND MOM is nog 'n nuwe reeks wat Saterdag om 6-uur op TV4 begin. 'n Speurderspan wat beslis anders is as die gewone. Zena Hunnicut besluit op die dag van haar sewende huwelik dat sy eerder die lewe van haar speurder-dogter sal wil hê as haar eie. Sy heg woord aan daad en die pret begin. Met Lisa Eilbacher en Holland Taylor.


Armand Assante in I, the jury

## VRYDAG 7

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Another Life
4.30 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 The Boy and the Book
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 MacGyver
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Derrick
10.00 Spies en Plessié
10.50 Neon en Beton
11.40 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.03 The Parallax View
10.44 Frank's Place
11.10 Concert on the Beach

**M-NET**
10.30 The Blue Lagoon
12.10 Joerie de Beer
3.25 Ladyhawke
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Tattingers
7.45 Supersport: Motorsport en sokker
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 On her Majesty's Secret Service - George Lazenby in sy enigste vertolking van James Bond. Hy moet die wêreld se groente van algehele uitwissing red
10.35 Silent Movie
12.00 Hot Hits

## SATERDAG 8

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige tv
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige tv
11.00 Beyond 2000
12.00 Die reise van Cousteau - Die Nyl
12.30 Die Lewe in Japan
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo
1.10 Skatte-eiland
1.35 Bloedbroers
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Pryswys
7.05 Buck James
8.00 News
8.35 Magnum
9.30 Chitty Chitty Bang Bang - saam met pa strand toe in 'n baie buitengewone motor. Met Dick van Dyke, Adrian Hall, Heather Ripley en Sally Ann Howes
11.45 Late Night Live
12.45 Epilogue

**TV4**
6.03 Me and Mom - 'n Tannie wat besluit haar speurder-dogter se werk is interessanter as haar eie sewende huwelik
9.03 A Different World
9.30 Hooperman
9.58 That's Hollywood
10.25 The Tracy Ullman Show
10.51 Man sonder naam

**M-NET**
1.30 Jesse
3.05 Panorama: SAS
3.50 Supersport: Perdewedrenne
4.40 Supersport: Rugby
5.30 Beyond 2000
Oop Tyd
6.15 In Shape '89 Health Club Challange
6.35 Hot Hits
7.00 Beauty and the Beast
Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Emma's War
10.05 West Bank Lawyer
10.17 Inventions
10.30 The Duchess and the Dirtwater Fox

## SONDAG 9

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Storybook International
2.30 Ourselves and Other Animals
3.00 Op soek na...'n nuwe gesindheid
3.20 Anne of Green Gables
4.10 Collage
5.20 The Wonderful World of Disney
6.10 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network and the Human Factor
9.00 Ludwig
9.45 Songs of Love
10.20 Insight

**TV4**
6.03 Treasure Hunt
9.04 Highway to Heaven
9.57 Kate and Allie
10.25 Sing Country
11.00 Topsport

**M-NET**
10.30 Portugese stasie open
10.32 Sunday Meditation
10.35 Special Opening Show
Intekenare
1.30 Supersport: Golf
2.30 Supersport: Bonusboks
3.30 Jewel of the Nile
5.00 Woman's Weekly (Natal Mercury) and M-Net Face of the Year
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Raggedy Ann and Andy
Oop Tyd
6.15 Heartbeat
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 Wildlife on One: The Ravening Hordes
8.30 Over the Top - Sylvester Stallone is 'n alleenloper en vragmotorbestuurder nadat hy deur sy skoonvader (Robert Loggia) uit 'n vroeë huwelik gedwing is. Hy ontmoet weer sy seun (David Mendehall)...
10.00 Money Programme
10.12 Stolen Antiquities
10.30 Can't Stop the Music

## MAANDAG 10

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Another Life
4.30 Throb
5.00 Mio Mao
5.10 The Trap Door
5.15 Pumpkin Patch
5.30 The Boy and the Book
5.35 Bionic Six
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Murder She Wrote (slot)
8.00 Netwerk
9.00 Jan Pohl - 'n Dokumentêre film oor een van die land se voorste komponiste wat verantwoordelik is vir liedjies soos Kom Saam Vanaand, As die Jakarandas Bloei en Waar is Jy?
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Butterfly Island
6.30 Topsport
9.00 Family Ties
9.30 Dynasty
10.24 Wiseguy
11.15 The Beam

**M-NET**
10.30 Ladyhawke
3.30 Robin Hood
5.10 Adventures of a Mouse
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Murphy's Law
7.45 Supersport: Snoeker
Intekenare
8.00 Supersport: vervolg
8.30 Girls just want to have Fun - 'n Komedie oor 'n jong meisie (Sarah Jessica Parker) wat versot is op dans. Sy mik na TV. Ook met Lee Montgomery en Morgan Woodward.
10.05 West 57th: Wolfgang Puck
10.17 West 57th: Cajun Music
10.30 Eye of the Sparrow

## DINSDAG 11

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Opvoedkundig tv
4.00 Die Swartwoudkliniek
5.00 Fanjan, die towenaar van Drakenstein
5.10 Wielie Walie
5.30 Koning Arthur
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Jakkalsstreke
8.00 Network
8.30 You Be The Judge
10.00 Topsport
11.00 Educational - Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.03 Three Little Words
10.50 Easy Street
11.17 Gunsmoke

**M-NET**
10.30 Can't Stop the Music
3.30 Splash
5.15 Adventures of a Mouse
5.25 The Real Ghostbusters
5.50 GI Joe
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 China Beach
7.45 Hoogtepunte op M-Net
Intekenare
8.00 Hollywood Squares
8.30 Horror of Dracula
10.48 Mississippi Burning - 'n Kykie agter die skerms na die vervaardiging van die rolprent.
11.30 Emma's War

## WOENSDAG 12

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Mio Mao
5.10 The Trap Door
5.15 Tele 6
5.25 The Boy and the Book
5.30 Sea Hunt
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 The Cavanaughs
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Cul De Sac III
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Die goeie aarde
11.30 Oordenking

**TV4**
6.03 First Impressions
6.30 Topsport
9.03 The Colbys
9.56 Misdaad
11.28 My Two Dads - enigeen van die twee kon haar pa gewees het, al verskil hulle ook hoe. En sy is net twaalf

**M-NET**
10.30 Eye of the Sparrow
12.06 Bon Voyage
3.30 From Disney with Love
5.00 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 The Oldest Rookie
7.45 Supersport: Sokker
Intekenare
8.00 Supersport: Sokker
8.30 Butch and Sundance - twee kleurryke karakters uit die ou Wilde Weste
10.30 And now for something completely different - Monty Python op sy beste.

## DONDERDAG 13

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Swartwoudkliniek
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Willem
8.00 Network
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 When a Stranger Calls - net vir mense met sterk senuwees
12.30 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.03 Life's Most Embarrassing Moments
9.56 Cheers
10.23 Tyd en die wind
11.17 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Jewel of the Nile
12.12 Videofashion Monthly
3.30 Jesse
5.25 Dr Snuggles
5.50 Inspector Gadget
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Designing Women
7.20 Empty Nest
7.45 Revue Plus
Intekenare
8.00 Revue Plus - vervolg
8.30 I, the Jury - Privaatspeurder Mike Hammer (Armand Assante) wil persoonlik wraak neem nadat sy beste vriend vermoor is
10.15 West 57th: Alligators
10.30 That'll be the Day
12.10 Carte Blanche

## Onafhanklike bioskope

### Kaapstad

LABIA - Orangestraat 68
Vanaand: 6.00 Good Morning Viëtnam. 8.15 Blue Velvet. 10.30 White Mischief.
Saterdag: 5.45 Married to the Mob met Michelle Pfeiffer. 7.45 Wings of Desire. 10.15 Paris Texas.

### Johannesburg

CORLETT CINEMA - Corlett City, Louis Botha. Cine II: Gorillas in the Mist

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. Brazil draai nog vanaand en môre-aand hier. Die musiekrolprent All that Jazz wys Maandag, Dinsdag en Woensdag-aand waarna Woody Allen se Everything you always wanted to know about sex, but were afraid to ask, Donderdag-aand begin.

Kaapse en Johannesburgse filmfeeste — bladsy 6 & 7